# 4. Opvoedkundige implikasies van die Nasionale Party se segregasiebeleid vir onderwys vir swartes in die periode 1950-1984

## 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar ondersoek ingestel na die opvoedkundige implikasies van die Nasionale Party se segregasiebeleid vir onderwys vir swartes in die periode 1950 tot 1984. Die implikasies van die Nasionale Party se segregasiebeleid vir onderwys vir swart mense word onder die volgende hoofde aangebied:

* die onderwysbeleid
* onderwysfinansiering
* die kurrikullum
* leerlingtal
* vry en verpligte onderwys
* swart leerlinge se eksamenuitslae
* swart onderwysers
* swart ouers se betrokkenheid by hul kinders se onderwys
* onderwysdoelstellings
* aandskole
* onderrigmedium
* onderwysfasiliteite
* beheer
* verskaffing van skryfbehoeftes, apparaat, meublement
* swart universiteite
* invloed van die segregasiebeleid op die persoonlike lewe van die opvoedeling

## 4.2 Onderwysbeleid

### 4.2.1 Inleiding

In hierdie paragraaf word die onderwysbeleid van die Nasionale Party in die periode 1950 tot 1984 ondersoek. Die invloed van die beleid van segregasie op die formulering van 'n onderwysbeleid vir swart mense word spesifiek nagegaan. In die periode 1950-1984 is onderwyssegregasie bevestig deur die Eiselen-kommissie se bevindinge. Die segregasiebeleid is verder uitgebou deur dr. H.F. Verwoerd, die Bantoe-onderwyswet (14/1953), die Tomlinson-verslag, die stigting van 'n afsonderlike Departement van Bantoe-onderwys in 1958, die beleidsverklarings van die Nasionale Party in 1967, die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979), die Cillié-verslag na die 1976-opstande, die De Lange-verslag (RGN, 1981) en die Wet op die Nasionale beleid vir algemene onderwyssake (76/1984).

Dit is onmoontlik om onderwys en politiek te skei, want die onderwysbeleid sal onvermydelik die beleid en doelwitte van die regerende party weerspieël (Dugard, 1978:29). Volgens Govender en Woker (1987:236) het diskriminasie deel geword van die onderwys met die aan die bewind kom van die Nasionale Party in 1948. Onderwys moes eenvoudig sy plek in die patroon van apartheid vind (Kenney, 1979:17).

Volgens Dugard (1978:29) vind die twee hoofdoelwitte van die Nasionale Party, naamlik die behoud van blanke oorheersing en die bewaring van die Afrikaner se kulturele identiteit, deeglik

neerslag in die onderwysbeleid. "That the South African government has developed a distinctive and unique education for the "Bantu" suggests it holds a separate attitude towards Africans." (Davis, 1972:2).

4.2.2 Die onderwysbeleid (1950-1984)

Een van die Nasionale Party se eerste stappe was om 'n kommissie aan te stel om onderwys vir swart mense te ondersoek. Die Onderwyskommissie onder voorsitterskap van dr. Werner Eiselen het die volgende opdrag gekry: "Die formulering van die beginsels en doelstellings van onderwys vir Naturelle as 'n selfstandige ras waarin daar rekening gehou word met sy verlede en aanleg en sy behoeftes onder die steeds veranderende maatskaplike toestande..." (Eiselen, 1951:7). Die Eiselenkommissie se opdrag kom dus kortliks daarop neer dat hulle 'n bloudruk vir die onderwys vir swart mense as 'n afsonderlike ras moes opstel (Lodge, 1983:116). Die nuwe onderwysstelsel moes die swarte in staat stel om langs sy eie weë te ontwikkel (Davis, 1972:2).

Op aanbeveling van die Eiselenkommissie (1951:137) moes die onderwysstelsel vir swart mense herkonstrueer word sodat dit 'n integrale deel vorm van 'n deeglik beplande segregasiebeleid ten opsigte van swartes se sosio-ekonomiese ontwikkeling. Die nuwe aanslag tot onderwys vir swart mense was dat die swarte opgevoed moet word sodat hy in diens van sy eie gemeenskap kan staan (Eiselen, 1955:9). Die Eiselenkommissie (1951:137) het

verder beklemtoon dat betekenisvolle onderwys eers moontlik word wanneer dit geskied in samehang met 'n ontwikkelingsplan; hierdie ontwikkelingsplan van die swartes is gegrond op segregasie.

Die Eiselenkommissie is van mening dat kultuurinteraksie tussen blankes en swart mense die tradisionele instellings laat vervaag en houdings en vaardighede oordra wat vreemd vir hulle stamlewe is (Atkinson, 1978:222). Die skool se funksionele waarde as 'n instelling vir die oordra en ontwikkeling van die swart kulturele erfenis mag nie misken word nie (Christie en Collins,1984:160).

Eiselen (1950:11-12) het die verband tussen die onderwysbeleid en die rasse-segregasiebeleid baie duidelik uitgespel in 'n lesing wat hy gelewer het voor die Witwatersrand Forum op 18 Oktober 1948. Hy het verduidelik dat die onderwys vir swart mense nie met blanke-onderwys geassimileer kan word nie, omdat 'n assimilasiebeleid nie daarin slaag om die opgevoede individu te bind aan sy gemeenskap nie. Die hele onderwys-stelsel moes gebaseer wees op die agtergrond, kultuur en leefwyse van die swarte self binne sy stam (Christie en Collins, 1984:176).

Onderwys moes dien om die lee plekke in die eie gemeenskap te vul en nie om pleklose ontevredenes op te lei nie (SABRA-verslag, 1951:13). Dr. Eiselen (1950:12) het dit duidelikgestel: "Even for those who achieve intellectual equality there can be no real happiness as long as they belong to the same

society as the Europeans. The trouble is that characteristics which remain unchanged apparently constitute an insurmountable barrier for this unfortunate group which has made its intellectual home with the Europeans but racially still belongs to the stock form which it has sprung."

Die nuwe onderwysbeleid is om vir die swart mense wat die vermoë en inisiatief het om hul eie mense te lei tot die opbou van die swart gemeenskap, geleênthede te skep (Eiselen,1955:9). Dit hou vir die swarte geen voordeel in as hy opgelei word vir die opname in 'n blanke gemeenskap nie, want hy gaan nooit opgeneem word in die gemeenskap nie (Hansard (V) 1954, kol.2622).

Die Eiselen-verslag stel dit duidelik dat Bantoe-onderwys (soos dit destyds genoem is) se afsonderlike bestaan regverdigbaar is op grond van kulturele verskille en opvoedkundige gronde en nie op 'n rassistiese grondslag van rassemeerderwaardigheid nie. Terminologiese verwarring kom voor in die bogenoemde redenasie. "Bantoe-onderwys" is tog onderwys vir 'n spesifieke ras, maar tog word die bestaan daarvan verklaar vanuit volkekundige, kulturele gronde. Van Zyl (1972:6) skryf die beleid van 'n eiesoortige onderwyssisteem vir swart mense toe aan die swartes se maatskaplike, opvoedkundige, politieke en ekonomiese agterstand ten opsigte van die blanke.

"There had never previously been a coherently formulated educational policy integrated into overall state strategy." (Molteno, 1984:89). Die Regering het in die voorstelle van

die Eiselenkommissie 'n realistiese basis gesien waarop die ideale van afsonderlike ontwikkeling op die onderwys vir swartes van toepassing gemaak kon word (Atkinson, 1978:224).

Dr. Verwoerd het by die Eiselenkommissie se siening aansluiting gevind ten opsigte van sy siening van die gebreke van die onderwysstelsel vir swartes tot en met 1953. Dr. Verwoerd het die skole gekritiseer omdat by die swart kinders die indruk geskep is dat die enigste vereiste vir inskakeling by die blanke gemeenskap, onderwys is. Sulke onderwys lei tot valse verwagtinge en spanning tussen ouer en kind. Boonop lei dit tot ongesonde rasseverhoudings (Scheepers Strijdom, 1967:41).

Volgens dr. Verwoerd (1959:6) het die onderwysstelsel voor 1953 verengelste swart mense gelêwer wat nie hul kundigheid in belang van hul eie volke wou aanwend nie. Weer eens wil dit voorkom asof hier terminologiese verwarring kan wees, maar daar moet onthou word dat dr. Verwoerd klem gelê het die erkenning van die eie volksaard en kultuur van die verskillende volksgroepe. Kenney (1979:117) beklemtoon dat dr. Verwoerd en sy regering geen besware gehad het teen die feit dat meer en meer swartes opgevoed word nie, maar hulle was gekant teen die tipe onderwys wat die swart mense ontvang het.

"Ek karakteriseer die apartheidsbeleid as die beleid van groei uit eie wortels, uit eie instellings en uit eie krag. Dit is 'nbeleid van gestadigde ontwikkeling, deur moedertaal en deur omgewingsleer tot geletterde en bruikbare mense binne hul eie kring... " (Verwoerd, 1955:22).

Volgens die <u>Sunday Tribune</u> van 16 Desember 1979 kan dr. Verwoerdbeskou word as die argitek van Bantoe-onderwys. Die basis van hierdie Bantoe-onderwys was segregasie. Bantoe-onderwys was nie gegrond op opvoedkundige beginsels nie, maar dit moes deel van die totale strategie van die Regering uitmaak (INEG 5530, 16 Desember 1979:20).

Deur middel van die Bantoe-onderwyswet (47/1953) is alle vorme van onderwys onder die beheer van die sentrale regering gebring sodat die onderwys in ooreenstemming met die regeringsbeleid kon wees. Voor 1953 het die onderwysbeleid in die vier provinsies nog met die breë landsbeleid nòg met die beleide van die ander drie provinsies rekening gehou (Verwoerd, 1954:6). Volgens Govender en Woker (1978:41) het die stap die klem van kwaliteit-onderwys na kwantiteitonderwys laat verskuif.

In die oë van die opposisie het die Bantoe-onderwyswet (47/1953) net indoktrinasie beteken. Dit blyk duidelik uit Motlana (1978:41) se siening van die wet: "The Bantu Education Act, (is) a system scientifically tailored in the immortal words of dr. Verwoerd to remind us blacks always of our peculiar and inferior position in the body politic.

"Die nuwe onderwysbeleid het ten doel gehad om onderwys vir alle swart mense toeganklik te maak. Verwoerd (1955:22) het elementêre onderwys vir almal in die vooruitsig gestel. Die regeringsbeleid het vereis dat bevoorregte, geletterde swart mense hul eie professionele klas moes vorm en in diens van hul eie mense moes optree (Scheepers Strijdom, 1967:40). Die

Bantoe-onderwyswet (47/1953) se oogmerke was om die onderwys van die swartes in lyn te bring met die regeringsbeleid en om voorsiening te maak dat die onderwys nie valse verwagtinge skep nie; daar moes koördinasie tussen skoolbelange wees (Verwoerd, 1959:5). Die Bantoe-onderwyswet (47/1953) was 'n poging om onderwys vir swartes by die breë stelsel van swart ontwikkeling te inkorporeer (Mawasha, 1969:62).

Die nuwe onderwysbeleid het vereis dat skole geherorganiseer moes word op 'n gefragmenteerde groeps- en stambasis (Molteno, 1984:89). "Dit is my Departement se beleid dat onderwys met altwee sy voete in die Naturelle gebiede en in die Naturelle gees en gemeenskap moet wortel. Die swarte moet gelei word om sy gemeenskap in alle opsigte te dien. Daar is vir hom bokant die peil van sekere vorms van arbeid nie plek in die blanke gemeenskappe nie. Binne sy gemeenskap staan alle deure oop." (Verwoerd, 1954:1123-24). Dit sal nooit vir hulle moontlik wees om bo 'n sekere peil in die blanke gemeenskap te styg nie, maar in hul eie gebiede is daar geen grense nie (Kenney, 1979:118).

Die onderwys vir swart mense moet dit vir swart mense duidelik maak dat daar geen toekoms vir hulle in blanke gebiede is nieen dat hul ambisies slegs verwesenlik kan word as lede van hulonderskeie etniese gemeenskappe (Kenney, 1979:117). Hierdie beginsel is aanvaar om die segregasie-idee van tuislande te ondersteun en om swart mense aan te moedig om na hul tuislande terug te keer (Mphahlele, 1982:11). Volgens Motlana (1978:41) was die beleid een van "their Pie in the Sky", onuitvoerbaar en 'n seker resep vir 'n ramp.

Volgens die nuwe beleid moes swart mense onderrig word in ooreenkoms met hul lewensverwagting (Horrell, 1968:5). Hierdie lewensverwagting moes nie wees om soos blankes te wees nie.

Volgens dr. Verwoerd (1954:6) was segregasie van die begin af as landsbeleid aanvaar en daarom is daar 'n Departement van Naturellesake in die lewe geroep om na die belange van die swartes om te sien en om swart gebiede af te sonder.

Daar is natuurlik ook ander sienings oor die aangeleentheid. Volgens Dube (1985:95) het dr. Verwoerd Naturelle-onderwys vervang met Bantoe-onderwys omdat eersgenoemde nie gedoen het wat dit veronderstel was om te doen nie, naamlik "to lower the expectations of the Africans", en om aan arbeidsbehoeftes te voldoen.

Met die Bantoe-onderwyswet (47/1953) het die apartheidsbeleid dus inslag in die onderwys vir swart mense gevind (Erlmann, 1983:147). Die onderwysbeleid vir swart mense in Suid-Afrika is gegrond op die lewens- en wêreldbeskouing van die Protestant-Calvinistiese Afrikaner wat glo dat God elke mens en nasie volgens eie aard en aanleg geskape het (Van Zyl,1972:255). (Nasie word hier weereens gebruik as 'n sinoniem vir volk).

Die Nasionale Party volg 'n beleid van eiesoortige, aparte onderwys vir swart mense sodat die swartes in staat gestel kan word om sy kulturele en sosiale identiteit te behou en te bewaar (Van Zyl, 1972:147). Volgens Mphahlele (1982:2) vorm die Christelike godsdiens en die Westerse kultuur 'n pakket en

word dit as sodanig aan swart skole aangebied. Hy wys voorts daarop dat 'n "Christian name" 'n voorvereiste is vir toelating tot 'n swart skool. Die Suid-Afrikaanse onderwysbeleid is gebaseer op die Christelik-nasionale lewensbeskouing (Mouton, 1978:49).

Volgens Tunmer en Müir (1968:27) word die beginsel van Christelik-nasionale onderwys aanvaar omdat enige beginsel wat oorheersing van òf die skool, òf die kerk, of die ouerhuis voorstaan vanuit Christelike oogpunt totaal onaanvaarbaar is. Volgens Davis (1972:8) is die beginsel van Christelik-nasionale onderwys noodsaaklik om die Afrikaner-nasionalistiese konsep van nasieskap aan swart mense op te dring en om segregasie-beginsels soos Afrikaner voogdyskap en rasse-ongelykheid te vestig. Tunmer en Müir (1968:38) verdedig die beginsel egter deur daarop te wys dat dit onderwys ooreenkomstig die lewensbeskouing moontlik maak. Die segregasiebeleid is egter desondanks ondersteun deur die beginsel van beskerming van die Afrikaner se godsdiens en kultuur en dié beginsel het ook in onderwys neerslag gevind.

Die nasionale beginsel in die CNO-beginsel was verantwoordelik vir die beleid van isolasie en het tot gevolg gehad dat verskillende groepe weerhou is om 'n gemeenskaplike kultuur te vorm (Tunmer en Müir, 1968:41).

Die Tomlinson-verslag (1955:67) het bevind dat die swartes teen 1951 nog nie die onderwyspeil van die blankes bereik het nie. Die verslag (1955:107) wys voorts daarop dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling die geleenthede vir individuele

en gemeenskapsontwikkeling skep. Die segregasieskool gaan van die standpunt uit dat die swartes, net soos die blankes, die volle reg het op onbelemmerde ontwikkeling op alle gebiede van die lewe (Tomlinson, 1955:108).

Die segregasiebeleid ten opsigte van onderwys is in Oktober 1958 vergestalt met die stigting van 'n aparte Departement van Bantoe-onderwys. Die stap het aktiewe deelname van die swart mense in hul onderwys moontlik gemaak (De Villiers, 1961:98).

Die segregasiebeleid ten opsigte van onderwys is in 1967 weer eens bevestig tydens die volksraadsitting. P.A. Moore (Hansard (V) 1967, kol.6612) het die regeringsbeleid ten opsigte van middelbare onderwys soos volg uiteengesit: "... dit (is) die beleid van die Regering om alle middelbare onderwys ... te neem na wat hulle "tuislande" noem. Met ander woorde, as swart kinders in 'n stad woon, sal hulle na 'n Naturellereservaat moet gaan om hulle middelbare onderwys te ontvang." Die Adjunk-Minister van Bantoe-onderwys, B. Coetzee (Hansard (V) 1967, kol.6614) het die volgende punte ten opsigte van die beleid vir onderwys vir swart mense bevestig:

* Dit is regeringsbeleid dat die swarte self vir sy onderwys moet betaal;

* die segregasiebeleid beoog die opleiding van swart mense in diens van hulle eie gemeenskap;

* die swarte self bepaal hoofsaaklik die ontwikkeling van sy onderwys, en

* die segregasiebeleid beklemtoon algehele geletterdheid.

H.D.K. van der Merwe (Hansard (V) 1967, kol.6628) het ter verdediging van die onderwysbeleid gesê dat hy daarvan oortuig is dat die beleid op die beste opvoedkundige en wetenskaplike beskouings berus.

Teen 1967 was die apartheidsbeleid nog 'n besliste deel van onderwysbeleid vir swart mense.

Na die onderwyskrisis van die sewentigerjare was daar 'n duidelike verandering ten opsigte van die regeringsbeleid: "The Government now appears committed to equal education oppertunities but is adamant that these must remain separate." (Govender en Woker, 1987:236.)

Volgens Atkinson (1978:312) was die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel soos dit in die laat 1970's voorgekom het, gekenmerk deur voortdurende onvermoë om weg te breek van die erfenis van segregasie en ook om 'n omgewing te skep waarin mense van verskillende rasse, maar ook verskillende kulture, kan saamwerk vir algehele nasionale ontwikkeling.

Chrisholm (1983:358) is van mening dat die regering gedwing is om 'n strategie te aanvaar waarvolgens 'n beperkte aantal swartes in die vryemark-stelsel geïnkorporeer kon word. Onderwys was essensieel vir die hervormings. Die hervormings het 'n aanvang geneem met die De Lange-kommissie (1981) en die Cillié-kommissie (1979) se verslae wat ingebou is in die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979) en die Wet op die Nasionale beleid vir algemene onderwyssake (76/1984).

Die Cillié-kommissie (1980:2) moes die oorsake van die Junie-opstande van 1976 ondersoek. Die onluste het begin as verset teen die gebruik van Afrikaans in swart skole (Cillié, 1980:581). Die Cillié-kommissie (1980:596) het die apartheidswette as bydraende oorsake tot die opstande geïdentifiseer en daarmee die regering se bewustheid van die noodsaaklikheid vir dringende hervormings verskerp.

Die media het begin om 'n nuwe onderwysera te propageer. "New policies were called for that would eliminate Bantu Education in favour of a free and compulsory system, within which the principles of equal standards and freedom of association would be enshrined." (Davies, 1984:349).

In 1979 volg die eerste hervorming ten opsigte van die onderwysbeleid vir swart mense met die promulgasie van die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979). Hierdie wet moes die Bantoe-onderwyswet (47/1953) en die Wet op Buitegewone Onderwys vir Bantoes (24/1964) vervang (Davies, 1984:351). Die wet se doelwitte was: "...om voorsiening te maak vir die beheer oor onderwys vir swartes deur die Departement van Onderwys en Opleiding; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan." (Wet 90/1979).

Die wet lê die volgende beginsels vir die bepaling van 'n onderwysbeleid neer:
Die eerste beginsel is dat die onderwys in skole wat deur die Departement in stand gehou, bestuur en beheer of gesubsidieer word 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofs-

oortuiging van die ouers en leerlinge eerbiedig moet word wat betref godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede. Die SPRO-CAS-onderwyskommissie (1971:11) het vantevore al die beginsel erken en aanvaar dat aangesien die meerderheid Suid-Afrikaners Christene is, moet die onderwys deurdring wees met 'n Christelike gees, maar daar moet ook 'n verdraagsaamheid teenoor die ander godsdienstige standpunte wees.

Die tweede beginsel by die bepaling van die onderwysbeleid is dat die universeel-aanvaarde opvoedkundige beginsel van die gebruik van die moedertaal as 'n medium van onderrig nagestreef word, met dien verstande dat hierdie beginsel ten minste tot en met standerd twee toegepas word, met dien verstande dat die wense van die ouers in ag geneem word by die toepassing van die beginsel na standerd 2 en met dien verstande dat die ouers se mening in ag geneem moet word by die keuse van een van die twee amptelike tale as medium van onderrig.

Die derde beginsel by die bepaling van die onderwysbeleid is dat die doel en strewe is om met die samewerking van die ouers verpligte skoolbesoek en gratis onderrig (met inbegrip van gratis skoolboeke) in alle gebiede in te voer.

Die vierde beginsel by die bepaling van die onderwysbeleid is dat daar by die verskaffing van onderwys rekening gehou moet word met die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerling en die opleidingsbehoeftes van die land.

Die vyfde beginsel by die bepaling van die onderwysbeleid is dat daar koördinasie met ander onderwysdepartemente moet wees ten opsigte van sillabusse, kursusse en eksamenstandaarde en dat die matrikulasie- of seniorsertifikaateksamen of 'n gelykwaardige eksamen van òf die Departement van Nasionale Opvoeding òf die Gemeenskaplike Matrikulasieraad afgeneem moet word.

Die sesde beginsel wat by die bepaling van die onderwysbeleid in ag geneem moet word, is dat erkenning verleen word aan die aktiewe betrokkenheid van die ouers en die gemeenskappe in die onderwysstelsel deur middel van ouer-onderwyserverenigings, plaaslike of huishoudelike komitees of rade, of op 'n soortgelyke gesaghebbende wyse.

Die sewende beginsel by die bepaling van die onderwysbeleid is dat skoolgesondheidsdienste in samewerking met die Departement van Gesondheid ingevoer word (Wet 90/1979:2282).

In 'n artikel in <u>The Star</u> lewer Davis (INEG 2990, 22 Junie 1979:21) die volgende kritiek op die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979):

* die mag van die Minister om liggame aan te wys wat private skole mag open en die beperkings wat neergelê is op toegang tot skoolterreine, word bevraagteken.

* Die rol wat swart opvoedkundiges gespeel het in die opstel van die wet word bevraagteken.

* Die rol wat swart opvoedkundiges speel op die beleidmakingsvlak in die Departement word bevraagteken.

* Die belangrikste kritiek het egter gewentel rondom die feit dat die wet steeds segregasie onderskryf het.

Volgens L.E.D. Winchester (Hansard (S), 1979, kol.2555) het hierdie wet een groot tekortkoming en dit is dat dit die geloof in skeiding herbevestig. Die PFP het tydens die tweede lesingsdebat van die wet geweier om die wet te ondersteun omdat dit die "racial differentiated educational system" laat voortbestaan (Davies, 1984:352). Dr. A.P. Treurnicht (INEG 1372, 21 Maart 1979:3) bevestig in 'n artikel in Die Vaderland dat dit steeds die Regering se beleid is om afsonderlike geriewe vir die verskillende bevolkingsgroepe te voorsien omdat dit in die beste belang van onderwys vir swartes is.

"State education policy since the late 1970's involved a combined and contradictory strategy of reform and repression" (Chisholm, 1986:17). Chisholm (1986:17) verduidelik bogenoemde stelling soos volg: Terwyl hervormingsinisiatiewe geleentheid en ruimte vir demokratiese organisasie skep, word die inisiatiewe vasgepen deur die staat se beperkte bereidwillig heid tot hervorming.

Die De Lange-kommissie het in Junie 1980 die opdrag gekry om binne 12 maande aanbevelings te maak ten opsigte van 'n program waardeur gelykheid in onderwys vir alle bevolkingsgroepe moontlik kan word (Davies, 1984:355). Volgens Chisholm (1983:358) het die aanbevelings van die kommissie nie veel verskil aan die Regeringsbeleid vir onderwys vir swart mense gemaak nie, want die meerderheid swartes sou maar nog steeds onvoldoende onderrig ontvang. Volgens Collins en Gillespie (1984:638) moet die De Lange-verslag gesien word as deel van die algehele strategie waarvolgens binnelandse en buitelandse andersdenkendes geëlimineer word en terselfdertyd ligte hervormingsmaatreëls gebruik word om die opstandiges stil te maak.

Die onderwysbeleid soos uiteengesit in die Witskrif (1983) is gebaseer op die Werkkomitee se verslag, die Kabinet se Tussentydse Memorandum en die bepalings van die nuwe wetgewing (Gardiner, 1984:5).

Die Witskrif (1983:3) het voorsiening gemaak vir elf beginsels van onderwysvoorsiening in Suid-Afrika. Die eerste beginsel lui soos volg: "Gelyke onderwysgeleenthede met insluiting van gelyke onderwysstandaarde sal vir elke inwoner ongeag ras, kleur, geloof of geslag deur die Staat doelgerig nagestreef word. " Collins en Gillespie (1984:630-631) omskryf gelyke onderwysstandaarde as: "equal quality means a gradual improvement of nonwhite education, depending on the govern ment's political will and economic manpower needs to do so."

Volgens die tweede beginsel moet daar erkenning verleen word aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse en die tale van inwoners. Collins en Gillespie (1984:636) is van mening dat die taal van apartheid nog steeds in die De Lange-verslag gebruik is. Volgens hulle word die belangrikste beginsels van die onderwyssegregasiebeleid nog steeds behou, naamlik: moedertaalonderrig, die idees van Christelike-nasionale onderwys en aparte skole vir verskillende rassegroepe.

Vanaf 1984 het onderyws 'n eie-sake-aangeleentheid geword. Volgens 'n mededeling van M.C. Botma (1989) kan elke groep self besluit of hy sy skole of gebiede wil oopstel vir ander groepe. Swart mense kon dus reeds van 1984 af hul skole ook vir ander bevolkingsgroepe oopgestel het, as hulle dit so sou verkies.

Volgens die Departement van Nasionale Opvoeding (Jaarverslag, 1986:77) beheer en bedryf hierdie departement 'n nasionale opvoedingsbeleid wat gebaseer is op die onderwysbeginsels soos voorgeskryf in die Wet op Nasionale Beleid van Algemene Onderwyssake (76/984).

Volgens artikel 2 van die Wet op Nasionale Beleid van Algemene Onderwyssake (76/1984) "...kan die Minister die algemene beleid bepaal wat met betrekking tot formele, informele en nie-formele onderwys in die Republiek gevolg moet word ten opsigte van

* norme en standaarde vir die finansiering van lopende kapitaalkoste van onderwys vir alle bevolkingsgroepe,

* salarisse en diensvoorwaardes van personeel,

* norme en standaarde vir leerplanne en eksaminering en vir sertifisering van kwalifikasies, binne die raamwerk van sekere beginsels.

Hierdie beginsels is:

(i) dat gelyke onderwysgeleenthede, met inbegrip van gelyke onderwysstandaarde, vir elke inwoner van die Republiek, ongeag ras, kleur, geloof of geslag nagestreef moet word;

(ii) dat erkenning aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyses en aan die tale van die inwoners van die Republiek verleen moet word;

(iii) dat, behoudens die bepalings van die een of ander wet betreffende die bywoning van 'n skool vir 'n bepaalde bevolkingsgroep deur 'n leerling van 'n ander bevolkingsgroep, erkenning aan die keusevryheid van die individu, ouers en organisasie verleen moet word." (Wet 76/1984:22).

Volgens Gardiner (1984:7) is die nuwe onderwysbeleid net 'n poging om die funksies van onderwys wat al meer as 'n eeu oorheersend in Suid-Afrika is, in stand te hou. Die De Lange-kommissie het probeer om die rasse-komponent ten opsigte van die regeringsbeleid vir onderwys te herorganiseer (Chrisholm, 1983:357). Die werkkomitee het 'n enkele onderwysdepartement aanbeveel, maar die regering het besluit om 5 te skep (Gardiner, 1984:10).

Die nuwe strewe ten opsigte van die onderwysbeleid was gelykwaardige onderwys. Die ideaal was om op gekoördineerde wyse gelyke onderwysgeleenthede vir alle bevolkingsgroepe te verskaf, met die behoud en bewaring van die identiteit van elke besondere bevolkingsgroep (Hansard (V) 1980, kol.230-231). 'n Belangrike punt van kritiek is dat die belangrikste beleidsbeslissings insake onderwys deur die blankes geneem word (SPRO-CAS, 1971:18).

4.2.3 Samevatting

Die onderwysbeleid is in die periode 1950 tot 1984 beslis deur die segregasiebeleid beïnvloed. Die element van binding aan die eie gemeenskap het gesegregeerde onderwys vereis. Dr. Verwoerd het daarom die onderwysbeleid in lyn met die segregasie- ideologie gebring. Al vier provinsies se onderwysbeleide is in lyn het die landsbeleid van segregasie gebring. Klem is gelê op algemene geletterdheid. Die Suid-Afrikaanse onderwysbeleid is gebaseer op die CNO-gedagte. Die 1976-opstande het die regeringsbeleid beïnvloed en die klem laat verskuif na gelyke onderwysgeleenthede, maar dit was steeds afsonderlik. In 1984 is die klem ten opsigte van die onderwysbeleid verskuif na onderwys as 'n eie-sake-aangeleentheid. Alhoewel die onderwys- beleid in die periode 1950 tot 1984 veranderinge ondergaan het, het dit nie afgesien van sy gesegregeerde inslag nie.

## 4.3 Onderwysfinansiering

### 4.3.1 Inleiding

Die segregasiebeleid het as uitvloeisel ongelyke besteding per leerling by swart- en blanke onderwys (Truter, 1981:307). Daar word dikwels geargumenteer dat die verskil in besteding vir blanke en swart kinders se onderwys daartoe lei dat onderwys vir swart mense minderwaardig is. Volgens die Cillié-kommissie (1980:584) is dit 'n onregverdige beskuldiging. Truter (1981:307) herinner daaraan dat die staat teenoor meer as net onderwys geldelike verantwoordelikhede het en dat onderwysbeplanning ook met polities-ekonomiese werklikhede rekening moet hou.

Volgens die Jaarverslag van die Departement van Bantoe-onderwys (1971:1) is die finansiële voorsiening vir swart onderwys 'n veelbesproke onderwerp. Die departement is egter tevrede dat 'n redelike hoë standaard van onderwys vir swart kinders verskaf word, omdat die beskikbare fondse oordeelkundig aangewend word.

### 4.3.2 Onderwysfinansiering voor 1950

Omdat die finansieringsbeleide voor 1950 'n invloed op latere beleidvorming gehad het, moet dit ook kortliks bestudeer word.

Met Uniewording is onderwys vir swartes onder die beheer van Provinsiale Rade geplaas, maar elke Raad het sy eie stelsel van "Naturelle-belasting" gehad. As gevolg daarvan was daar ernstige ongerymdhede en het die onderwys in die verskillende

provinsies nie teen dieselfde tempo ontwikkel nie (Wollheim, 1943:38).

Die Finansiële Verhoudings Vierde Verlengingswet (5/1922) het Provinsiale Rade verbied om direkte belastings op swart mense te hef. Terselfdertyd is die Goeweneur-Generaal in staat gestel om skenkings vir onderwys vir swartes aan enige provinsie te maak vanuit die direkte belasting wat deur die regering van swart mense verhaal is (Wollheim, 1943:38).

Die Naturelle Belasting en Ontwikkelingswet (41/1925) het voorsiening gemaak vir die stigting van 'n spesiale ontwikkelingsrekening wat onder andere ook onderwys vir swart mense moes finansier (Davis, 1984:129). Volgens G.F. Van L. Froneman (Hansard (V) 1967, kol.1750) het die wet twee belangrike beginsels ten opsigte van finansiering van onderwys vir swart mense neergelê. Die eerste beginsel is dat die swart volke in 'n groot mate self die middele vir hul eie ontwikkeling moet vind. Die tweede fundamentele beginsel is dat dit gesonde opvoedingsbeleid is dat die swartes verantwoordelikheid moet kweek deur finansiële aanspreeklikheid vir sy onderwys te aanvaar.

Met verloop van tyd is die deel wat van Algemene Belasting oorbetaal is in die Naturelle Ontwikkelingsrekening vergroot. Deur middel van die Finansiële Wet (37/1943) het die totale som van Algemene Belasting oorbetaalbaar geword in die Naturelle Ontwikkelingsrekening. Vier vydes van die bedrag moes vir onderwys aangewend word (Davis, 1984:130).

As gevolg van die groeiende leerlingtal het die finansiële voorsiening vir onderwys vir swart mense in 'n permanente krisis verkeer (Davis, 1984:130). In 1945 is Wet 29 (29/1945) aangeneem wat 'n rewolusionêre verandering in die finansiering van onderwys vir swart mense teweeg gebring het (Van der Mescht, 1965:308). Swartes as die armste deel van die bevolking was nou nie meer self verantwoordelik vir die finansiering van hul onderwys nie. Onderwys vir swart mense het die finansiële verantwoordelikheid van die regering geword (Davis, 1984,130).

Terwyl die Belastingwet (41/1925) 'n gedeeltelike oorwinning vir die segregasioniste was, wil dit voorkom asof die assimilasioniste die eintlike oorwinnaars was na die promulgering van die 1945-wet (Davis, 1984:133).

4.3.3 Onderwysfinansiering in die periode 1950-1954

In 1953 het die Bantoe-onderwyswet (47/1953) weer die beginsel van segregasie ten opsigte van administrasie en finasiering van onderwys vir swart mense in Suid-Afrika vasgelê (Davis,1984:133).

H.F. Verwoerd (Hansard (V) 1953, kol.3830) het verklaar dat die persoon wat die voordeel uit Bantoe-onderwys trek, 'n mede-verantwoordelikheid daarvoor moet hê. Daarom is dit volgens Verwoerd (Hansard (V) 1953, kol.3830) 'n vereiste dat swart ouers 'n aandeel in die finansiering van onderwys vir swartes moet hê. Hier vind dus 'n terugkeer na die 1925-finansieringsbeginsels plaas. Volgens De Villiers (1961:98) was dit 'n terugkeer na die beginsel dat alle uitgawes en

verbeterings van fasiliteite vir onderwys vir swartes van die direkte belasting wat op swart mense gehef is, verhaal moes word.

Kritiek wat teen die finansieringsbeleid ingebring word, wentel rondom die feit dat die bedrag wat van algemene belasting verhaal moet word, vasgestel is op 'n bepaalde bedrag. Stygende kostes en die ekonomiese ontwikkelingstempo van swart gemeenskappe is dus glad nie in ag geneem nie (Atkinson, 1978:226). "Financial support was limited primarily by the principles of the separate development policy, preventing any substantial increase in subventions from general revenue." (Atkinson, 1978:234.)

Volgens Mawasha (1969:149) was die swart mense in daardie stadium van hul ekonomiese en sosiale ontwikkeling nog nie in beheer van, of 'n vennoot in groot finansiële ondernemings nie. Swart mense was dus nog nie in staat om genoegsaam by te dra tot hul onderwys by wyse van direkte belasting nie. Ouers was verplig om 'n bydrae te maak vir die oprigting van geboue en om addisionele onderwysers te betaal (Christie en Collins, 1984:180).

Besteding ten opsigte van onderwys vir swart mense het volgens Christie en Collins (1984:181) aansienlik gestyg ná die instelling van "Bantoe-onderwys". (Vgl. par. 4.2.2 p. 84). Besteding het egter nie tred gehou met die groeiende leerling tal nie. Liberaliste het die Regering se finansieringsbeleid ook gekritiseer omdat dit vereis dàt die armste deel van die

bevolking vir sy eie onderwys moes betaal (Christie en Collins, 1984:181).

Dr. Verwoerd (1954:15) het daarop gewys dat die prentjie nie so donker is nie, want in 1954 is agt en 'n half miljoen pond aan onderwys vir swartes bestee en dit is 'n veel groter uitgawe per capita van die bevolking as vir enige ander swart gemeenskap in Afrika.

### 4.3.4 Onderwysfinansiering in die periode 1955-1960

Die Finansieringswet (7/1955) is gepromulgeer om uitvoering te gee aan die Regering se beginselstandpunte. Deur dié wet is die Bantoe-onderwysrekening geskep (Meyer, 1971:245). Volgens die Jaarverslag van die Departement van Bantoe-onderwys (1962:16) is die volgende bedrae in die Bantoe-onderwysrekening gestort:

* 'n jaarlikse bedrag van R13 000 000 uit die Gekonsolideerde Inkomstepos,
* vier vyfdes van die ingevorderde belasting op swart mense,
* gelde wat die Parlement as verhaalbare voorskotte aan die rekening bewillig ten einde tekorte daarin aan te suiwer,
* enige ontvangstes wat uit die onderhoud, bestuur en beheer van swart staatskole en uit die universiteitskolleges verkry word, met inbegrip van ontvangstes uit die verkoop van grond en geboue wat met bedoelde skole in verband staan en gelde uit enige ander bron wat dit mag betaal,
* enige ander gelde uit welke bron ook al.

Die bedrag wat uit die gekonsolideerde inkomstepos in die Bantoe-onderwysrekening oorbetaal sou word, is vasgestel op R13 000 000. Die bedrag wat van swart belasting ingevorder op swart mense oorbetaal sou word, is vasgestel op vier vyfdes van die totale bedrag (Truter, 1981:269). Volgens P.A. Moore (Hansard (V) 1968, kol.6864) kom hierdie vaspenning van die bedrag op R13 000 000 op openlike diskriminasie neer. Hy beklemtoon dat daar vir geen ander regeringsrekening 'n bedrag vasgepen is nie; ook nie vir Kleurling- of Indiër-onderwys nie. As een van die ander departemente geld op die leningsrekening moet leen, word dit op die algemene leningsrekening geplaas, maar as die Bantoe-onderwysrekening geld moet leen, word die rekening daarmee gedebiteer.

Ingevolge die Gekonsolideerde Skatkis en Ouditwet (23/1956) vorm die Bantoe-onderwysrekening vanaf 1 April 1956 'n integrale deel van die skatkis en word dit aangewend ooreenkomstig 'n begroting, wat opgestel word met inagneming van die bepalings van die Bantoe-onderwyswet (47/1953) (Meyer, 1971:246).

Volgens Horrell (1968:142) het hierdie metode van finansiering onvermydelik gelei tot beperkte onderwysontwikkeling en moes die Regering na enkele jare toegewings maak. Die Regering het besef dat algemene belasting op swart mense in verhouding met die behoeftes van onderwys vir swart mense nie genoegsaam toeneem nie. Om hierdie probleem te oorbrug, is die Wysigingswet op Naturellebelasting en Ontwikkeling (38/1958) gepromulgeer. Ingevolge hierdie wet is belasting op swart mense verhoog.

Vanaf 1 Januarie 1959 moes swart mans 1.15 pond betaal (Kgware, 1961:17-18). Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika moes swart vroue in terme van hierdie wet ook algemene belasting betaal vanaf 1 Januarie 1960 (Meyer, 1971:248).

In 1959 is ouers gevra om 'n bydrae te maak vir die oprigting van skole. Ouers moes ook help om addisionele onderwysers te betaal; hulle moes uniforms, boeke, skryfbehoeftes koop en bydraes maak tot skoolfonds en hulle moes eksamenfooie betaal (Horrell, 1964:161).

Daar moet in gedagte gehou word dat onderwysfinansiering en leerlingtal onafskeidbaar verbind is. Die leerlingtal van onderwys vir swartes het aansienlik toegeneem as gevolg van die Regeringsbeleid dat ongeletterdheid so ver moontlik uitgeskakel moes word (vgl. par. 4.5). Dit is dus logies dat daar meer geld nodig sou wees om aan al die leerlinge dieselfde gehalte onderwys te verskaf. Dit wil voorkom asof die Regering nie rekening gehou het met en gereed was vir so 'n aansienlike toename in leerlingtal nie.

Die segregasiebeleid het uitgekristalliseer in aparte universiteitskolleges vir swart volke toe die Wet op Uitbrei ding van Universiteitsopleiding (45/1959) gepromulgeer is (Muller, 1980:495). Dit het tot gevolg gehad dat groot somme vanuit die Bantoe-onderwysrekening gebruik is vir die oprigting en instandhouding van die nuwe universiteitkolleges (Horrell, 1964:160). In 1960 is daar besluit om die geld wat

vir die universiteitskolleges benodig word deur middel van rentevrye lenings aan die Bantoe-onderwysrekening voor te skiet (Horrell, 1968:142).

Volgens Horrell (1964:161) het die per capita-besteding op swart kinders en instellings (behalwe universiteite) van R17,99 in 1953 gedaal tot R13,80 in 1959-60 en R12,46 in 1960/61. Die gemiddelde per capita-besteding op blanke kinders in die vier provinsies was R121 in 1961 en in die Kaap was dit selfs R144,57 vir blanke leerlinge en R59,13 vir Kleurlinge (Horrell, 1964:161). Daar kan gevra word of daar enige regverdiging vir hierdie diskrepansie gegee kan word.

Die vraag ontstaan of die nuwe segregasiebeleid nie aan onderwysfinansiering 'n diskriminerende kleurtjie gegee het nie. Die Cillié-kommissie (1980:584) wys egter daarop dat daar baie ander faktore is wat die per capita-besteding beïnvloed. So byvoorbeeld is die groot meerderheid swart kinders nog in die primêre klasse, en primêre onderwys kos baie minder as sekondêre onderwys. Omdat dieselfde onderwysers, klasse en selfs handboeke vir verskillende groepe gebruik is, het dubbelsessies tot gevolg dat die per capita-uitgawe per leerling baie laer was as vir blanke leerlinge.

Een feit bly staan en dit is dat die segregasiebeleid 'n invloed op onderwysfinansiering vir onderwys vir swart mense gehad het. Die voogdyskapbeginsel, as een van die belangrikste segregasiebeginsels, het 'n groot invloed op die finansieringsbeleid gehad. Die Regering was vas oortuig dat as daar net gedurig geld van die staat se kant vir onderwys vir

swart mense voorsien word, dit die ontwikkeling van 'n onafhanklike swart gemeenskap sou ondermyn. In so geval sou dit beteken dat die blanke as voog gefaal het, en daarom moes die swarte mede-verantwoordelikheid vir sy onderwysfinansiering aanvaar (Meyer, 1971:247).

### 4.3.5 Onderwysfinansiering in die periode 1961-1970

In 1951 is die Wet op Bantoe-owerhede (68/1951) gepromulgeer en die wet is opgevolg met die Wet op Bevordering van Bantoeselfbestuur (46/1959). Ingevolge laasgenoemde wet is die swart mense in Suid-Afrika ingedeel in 8 bevolkingseenhede wat elkeen sy eie tuisland moes kry wat hulle self moes bestuur (Muller, 1980:501). Volgens Mawasha (1969:149) het die toekenning van gedeeltelike selfbestuur aan die verskillende etniese groepe addisionele fondse vir die uitbreiding van die houkrag van die skole nodig gemaak. Die beginsel dat die verantwoordelikheid vir die finansiering van onderwys vir swart mense nou op die skouers van die swart owerhede geplaas word, was aanvaarbaar. Volgens Mawasha (1969:149) het die Onderwys Paneel egter 'n voorvereiste vir die aanvaarding van die beginsel gestel, naamlik: "... provided it is not used to throw the onus of financing educational expansion on poor communities which cannot afford it."

Volgens Horrell (1964:162) is baie leerlinge gedwing om die skool te verlaat omdat hul ouers dit nie kon bekostig nie. Horrell (1964:162) gee 'n uiteensetting van die bydrae van die swart gemeenskap tot hul onderwys vir 1960-61 en toon aan dat die gemeenskap se bydrae omvangryk hoog is:

| | |
|---|---|
| 5 459 033 | direkte belasting |
| 114 225 | bydraes vir oprigting van skole |
| 200 000 | vir onderwysers se salarisse |
| 2 860 632 | vir skoolbenodighede en skoolfonds |
| --------- | |
| R8 633 890 | |

Die Regering se bydrae tot onderwys vir swart mense is op R13 000 000 vasgepen. Volgens H. Suzman (Hansard (V) 1967, kol.1747) was die bedrag in 1953 al onvoldoende. Sy wys verder daarop dat regeringsuitgawe per swart kind per jaar gedaal het van ongeveer R17,00 in 1953 tot R13,50 per kind in 1960. Daar is in 1960 R114,00 per blanke kind en R74,50 per Kleurling- en Indiërkind deur die staat bestee. (Daar sal gevind word dat hierdie syfers soos verskaf deur H. Suzman (Hansard (V) 1967, kol.1747) en die syfers onder punt 4.3.4 soos verskaf deur Horrell (1964:161) aansienlik verskil).

Die Cillié-kommissie (1980:584) het daarop gewys dat onderwys nie geëvalueer moet word aan hoeveel bestee is nie, maar hoe die geld aangewend is. Verder wys die kommissie daarop dat die verskillende departemente hul per capita-besteding uitwerk op verskillende wyses.

G.F. van L. Froneman (Hansard (V) 1967, kol.1751) is van mening dat die aanval op die staatsbydrae van R13 000 000 ongeregver dig is. Hy wys daarop dat die geld wat die Regering aan blanke

onderwys bestee uit die blanke belastingbetaler se sak kom en so ook die statutêre bedrag wat vir die onderwys vir swart mense bewillig is. Hy wys verder daarop dat die swart mense nie soos die blankes bydra tot die ander dienste wat hulle gebruik nie.

Volgens Horrell (1968:143) was die kwaliteit dienste wat teen 1963 verskaf is, verontrustend swak. Die skraal fondse wat aan onderwys vir swart mense bestee word, is verantwoordelik vir die onontwikkeldheid van onderwyskundige fasilitiete wat aan swart mense verskaf word (Kgware, 1978:123).

Daar is sekere toegewings ten opsigte van onderwysfinansiering gemaak. Eerstens sou die koste in verband met die instandhouding van universiteitskolleges, die salarisse van die Minister en sy personeel en die subsidies wat betaal word vir gestremde kinders, in die toekoms verhaal word van die Gekonsolideerde Belastingrekening in plaas van die Bantoe-onderwysrekening (Horrell, 1968:143).

Vanaf 1964 is skoolrade toegelaat om van laer primêre klasse 'n vrywillige bydrae van 10 sent per kwartaal te verhaal. Hoër primêre klasse kon 30 sent per kwartaal bydra. Verpligte bydraes van tot R1,00 kon van die na-primêre klasse verhaal word. Leerlinge in tegniese en ambagsklasse kon verplig word om 'n bydrae van R2,50 per kwartaal te maak (Horrell, 1968:144).

P.A. Moore (Hansard (V) 1966, kol.4347) het in 1966 daarop gewys dat byna 5 500 onderwysers deur swart ouers self betaal word. Volgens die destydse Adjunk-minister van Bantoe-onderwys,

B. Coetzee (Hansard (V) 1967, kol.1766) sal die ouers nie nodig hê om so baie addisionele bydraes te maak as al die swart mense hul belastings betaal nie. "...die bantoe sal net eenvoudig moet onthou dat as hy meer onderwys wil hê en beter fasiliteite wil hê, sal hy sy belasting meer gereeld moet betaal."

Dit was regeringsbeleid dat die swart mense vry is om die onderwys wat hulle begeer te ontvang, met dien verstande dat hulle in staat is om self daarvoor te betaal (Kgware, 1978:123). B. Coetzee (Hansard (V) 1967, kol.1766) is van mening dat die finansiële beleid aansluit by die Regering se beleid om die swart mense selfstandige mense te maak wat hulle eie volke dien.

Volgens die Jaarverslag van die Departement van Bantoe-onder wys (1970:15) was die belasting in 1967/68 nie voldoende om die uitgawes te dek nie en is daar in terme van die Finansiële Wet (78/1968) 'n rentevrye voorskot uit die Leningsrekening gemaak.

Volgens die Jaarverslag van die Departement van Bantoe-onder wys (1972:82) is die Leningspos Q: Bantoe-onderwys met ingang 1 April 1969 afgeskaf. Die oprigting van universiteite en skole in ongeproklameerde swart gebiede sou van toe af vanuit die Suid-Afrikaanse Bantoetrustfonds gefinansier word.

Gedurende die 1968-Volksraadsitting het W.T. Webber (Hansard (V) 1968, kol.6860-6861) die finansieringsbeleid van die Nasionale Party gekritiseer. Hy grond sy kritiek op die feit dat die regeringsbeleid diskriminasie in die hand werk, omdat die blankes hulle kinders "van Sub A tot matriek kan laat leer

sonder om een sent uit te gee", maar die swarte vir sy eie onderwys moet betaal. So 'n aanname is werklik 'n veralge mening en stel die saak nie in perspektief nie; die blankes betaal tog wel belasting en onderwys word uit hierdie belasting gedek. Daar moet ook onthou word dat blanke ouers wel 'n bydrae maak ten opsigte van skoolfonds, skryfbehoeftes, sportbyeenkomste en verbeteringe wat skole self wil aanbring. G.F. van L. Froneman (Hansard (V) 1968, kol.6888) is van mening dat die state van die Bantoe-onderwysrekening nie die ware storie vertel nie. Soos reeds gesien, verskaf die plaaslike owerhede in stedelike gebiede die skoolgeboue en in swart gebiede word die skoolgeboue weer deur die Trust gefinansier. Die Bantoe-onderwysrekening gee nie hierdie uitgawes weer nie.

Die per capita-uitgawe vir 'n swart leerling het in 1968 ongeveer R14,48 beloop, terwyl die uitgawe per blanke kind in dieselfde jaar R191 in Transvaal, R244 in Oranje-Vrystaat, R266 in die Kaap en R288 in Natal beloop het. Daar is dus gemiddeld vyftien keer meer aan 'n blanke kind as aan 'n swart kind bestee (SPRO-CAS, 1971:24).

Die Departement van Bantoe-onderwys het sy hoop gevestig op die verhoogde belasting om die onderwysuitgawes te delg. Ingevolge die Bantoe-belastingwet (92/1969) is belasting verhoog. Volgens Atkinson (1978:234) was dit gou duidelik dat die Departement valse hoop gekoester het. Die verhoogde belasting en die nuutingestelde koopbelasting het geen noemenswaardige verskil gemaak nie.

Die Departement van Bantoe-onderwys gee in sy Jaarverslag (1972:29) die volgende opsomming: "The miscellaneous receipts were insufficient for covering expenditure during 1970-71. The deficit of R19 580 007 84 as on March 31, 1971, was defrayed, in Act (97/1970), from the Consolidated Revenue Fund."

4.3.6 Onderwysfinansiering in die periode 1971-1984

4.3.6.1 Die onderwysfinansieringsbeleid van die Nasionale Party in die periode 1971-1984

Die finansieringsbeleid van die Nasionale Party ten opsigte van die onderwys vir swart mense het gedurende 1971 tot 1984 heelparty veranderinge ondergaan.

In 1971 het SPRO-CAS (1971:17) skerp kritiek op die regeringsbeleid uitgespreek omdat die finansiering van onderwys vir swart mense afhanklik was van die belasting wat deur die swart mense betaal is, terwyl blanke, Kleurling- en Indiër onderwys geheel en al uit die Algemene Inkomsterekening gefinansier is. Die beleid is as onregverdig beskou omdat die swart mense ekonomies in 'n agterstand verkeer.
SPRO-CAS (1971:18) het hulle uitgespreek ten gunste van 'n beleid waarvolgens daar geen onderskeid in die onderwys besteding van verskillende bevolkingsgroepe getref sal word nie.

Volgens Truter (1981:272) het die Nasionale Party in 1972 weer 'n nuwe rigting ten opsigte van die finansiering van onderwys vir swart mense ingeslaan. Swart mense sou nou nie meer die primêre verantwoordelikheid rakende die finansiering van hul

onderwys dra nie. Volgens Truter (1981:272) is dit 'n aandui ding dat die swart mense toe aanvaar is as 'n inherente deel van die Suid-Afrikaanse staatsgemeenskap.

Ingevolge die Wet op die Afskaffing van die Bantoe-onderwysrekening (20/1972) is die Bantoe-onderwysrekening afgeskaf. Voorsiening vir uitgawes ten opsigte van onderwysdienste in blanke gebiede, insluitend die onderhoud van die universiteite vir die swartes en buitengewone onderwys en onderwysdienste in die Oostelike Caprivi Zipfelgebied, sal op die Inkomste Begrotingspos: Bantoe-onderwys gemaak word (Jaarverslag, 1972:82). Volgens The Star (INEG 2990, 22 Junie 1979:21) het die feit dat die Departement van Bantoe-onderwys sy eie begrotingspos gekry het, tot gevolg gehad dat daar meer fondse as in die verlede beskikbaar geword het.

Na die 1976-opstande was daar 'n dringende behoefte om aandag aan onderwys vir swart mense te gee. Volgens Davies (1984:349) sou die geld vir die vernuwing ten opsigte van onderwys vir swart mense verhaal word deur besnoeiing van die onproduktiewe en bevoorregte blanke onderwysstelsel. Hy is verder van mening dat die groeiende vraag na opgeleide mannekrag die Regering genoop het om industriële opleidingsprogramme in sommige swart skole in te stel en om staatsopleidingskole te stig.

In Oktober 1977 het die ATASA-leiers die Minister van Onderwys en Opleiding, mnr. M.C. Botha, in Pretoria ontmoet. By die geleentheid het hulle onder andere gevra dat die ongelyke onderwysfinansiering ten opsigte van blankes en swartes uit die weggeruim moes word (INEG 2990, 22 Junie 1979:21).

In 'n artikel in die Sunday Tribune van 16 Desember 1979 (INEG 5530, 16 Desember 1979:20) is daar weer eens beklemtoon dat die diskriminasie ten opsigte van onderwysfinansiering uit die weg geruim moet word.

Volgens Mathonsi (1988:24) gebruik die Regering die onderwysbesteding as 'n instrument om die aantal swartes wat tot die arbeidsmark kan toetree, te reguleer.

Volgens Truter (1981:271) moet die invloed van die beter van staatskant ondersteunde blanke onderwys, te midde van die problematiese rassesituasie, as rede vir die ontevredenheid met die finansiering van die onderwys vir swartes nie buite rekening gelaat word nie. Volgens SPRO-CAS (1971:14) het die Suid-Afrikaanse regering die blankes nog altyd met onbeskaamde diskriminasie en selfsug bedien.

Hulle verbind verder hierdie diskriminerende finansierings-maatreëls met die segregasiebeleid.

Volgens Chisholm (1983:358) word finansiering van onderwys vir swart mense deur die regering gebruik om sy segregasiebeleid te steun. "... at the point at which scholars are channeled either into academic or vocational schooling the financing of education becomes dependent on the social class of the parents." Die staat het die primêre verantwoordelikheid vir ambags- en tegniese onderwys gehad, terwyl die ouer self verantwoordelik

was vir akademiese onderwys (Gardiner, 1984:8). Die implikasie hiervan is dat die meeste swart kinders ambags- of tegniese onderwys ontvang het omdat die ouers nie akademiese onderwys kon bekostig nie. Sodoende word deur middel van finansieringstrategieë in die behoefte vir opgeleide mannekrag voorsien.

Universiteite het in April 1984 groter outonomie en verantwoordelikheid ten opsigte van finansiering ontvang (Jaarverslag, 1986:75). Binne die Nasionale Onderwysbeleid is 'n subsidieformule ontwikkel wat ten doel het om alle onderwysdepartemente se finansiering te reël met die oog op 'n meer gelykwaardige onderwys vir almal (Jaarverslag. 1986:77). (Vgl. Par. 4.2.2).

Talbot (INEG 1149, 28 Februarie 1983:10) is van mening dat die onderwys vir swart mense sigself in 'n groot dilemma bevind. Volgens hom sal daar nooit genoeg fondse wees om swart mense van nog fasiliteite, gratis handboeke en gratis onderwys te voorsien nie omdat die bevolkingsaanwas alle kapitaalgroei kanselleer. Hy wys voorts daarop dat die bevolkingsaanwas van die swart mense die tweede hoogste in die wêreld is. Om die probleme ten opsigte van onderwysfinansiering uit die weg te ruim, moet begin word by geboortebeperking.

4.3.6.2 Onderwysfinansiering in tuislande

Om die druk op die Bantoe-onderwysrekening te verlig, is daar ingevolge die Grondwet vir Bantoetuislande (21/1971) bepaal dat die hulptoelaes vir onderwysdienste in die tuislande vanaf

1 April 1972 deur die Begrotingspos Bantoe-administrasie en -ontwikkeling voorsien sal word (Jaarverslag, 1972:80).

Volgens 'n mededeling van M.C. Botha (1989) het die tuislande na hul onafhanklik geword het, 'n hoe mate van eie outonomie verkry. Hulle was self verantwoordelik vir hul onderwys, maar daar word jaarliks groot bedrae toegeken waaruit hul onder andere hul onderwys moet finansier.

Omdat die Regering besorg is dat daar nie pariteit in die onderwysvoorsiening in die verskillende state sal wees nie, het die Regering opdrag gegee dat die nodige fondse aan die state beskikbaar gestel word. Die Regering poog dus om pariteit ten opsigte van die onderwys in die Republiek en die swart state te handhaaf sonder om die state se outonomie aan te tas (Jooste, 1984:9).

#### 4.3.6.3 Diskrepansie ten opsigte van die begroting en besteding rakende onderwys vir blankes en swartes

J.J. Engelbrecht (Hansard (V) 1976, kol.5711) wys daarop dat daar 'n vermeerdering van 640% ten opsigte van onderwysbe steding vir swart mense in die voorafgaande tien jaar voorgekom het, dus in die periode 1965-1975. In 1965 is daar R25,2 miljoen aan die onderwys vir swart mense bestee en in 1975 is R160 miljoen bestee.

Die Minister van Onderwys en Opleiding,
T.N.H. Janson, (Hansard (S) 1979, kol.2548), het beklemtoon dat die gedeelte van die begroting wat aan onderwys vir swart mense

bestee word, wesenlik verbeter het. In 1978/79 was daar 'n toename van 22,5% ten opsigte van die begroting vir onderwys vir swart mense (DET, 1989). Die Minister (Hansard (S) 1979, kol.2548) het tog toegegee dat die situasie ten spyte van die verhoging nog onbevredigend is, want die verhoging is ontoereikend om aan die behoefte te voldoen. Truter (1981:272) wys ook op die nadelige uitwerking wat inflasie op die verhoogde besteding het.

Vanaf 1979 kon die Departement van Onderwys en Opleiding ook begroot vir die oprigting en instandhouding van gemeenskapskole in swart woonbuurtes in blanke gebiede. Dit het tot gevolg gehad dat die ontwikkeling van onderwys akademies en fisies sinvoller gesinchroniseer kon word en dat die finansiële las wat swart gemeenskappe tot 1978 gedra het, verwyder is (Truter, 1981:272).

In 1980 is die begroting ten opsigte van die onderwys vir swart mense vergroot en R6 miljoen is van die Departement van Gemeenskapsontwikkeling oorbetaal aan die Departement van Onderwys en Opleiding (Hansard (V) 1980, kol.218). Volgens C.H.W. Simkin (Hansard (V) 1980, kol.249) het die toekennings aan primêre onderwys in die boekjaar 1979/80 van R84,75 miljoen toegeneem tot R107 miljoen. Toekennings aan sekondêre onderwys het toegeneem van R26,75 miljoen tot R41,25 miljoen en toekennings aan tersiêre onderwys het toegeneem van R39 miljoen tot R48,5 miljoen. Die toenemende besteding aan onderwys vir swart mense gaan volgens Truter (1981:272) hand aan hand met die

veranderinge wat na 1976 ten opsigte van die regeringsbeleid ingetree het. Meer geld moes aan onderwys bestee word sodat onderwys vir swart mense gelykwaardig aan blanke onderwys gemaak kon word.

Volgens die Minister van Onderwys en Opleiding, dr.F. Hartzenberg (Hansard (V) 1980, kol.256-257) het die totale begroting van die land gedurende die jaar met slegs 13.6% toegeneem, maar die begroting van die Departement van Onderwys en Opleiding het met 38% gestyg. Hy verwys ook na ander bedrae wat aan die departement toegewys is sodat die totale bedrag op R252 miljoen te staan kom. H. Suzman (Hansard (V) 1980, kol.298) is van mening dat die styging ten opsigte van besteding aan onderwys vir swart mense nog glad nie die enorme verskil in besteding aan blanke kinders en swart kinders uitskakel nie.

Ook Mathonsi (1988:22-24) is van mening dat die styging ten opsigte van besteding aan onderwys vir swart mense nie indrukwekkend is nie; veral nie as 'n mens die dalende waarde van geld en die groeiende getal swart leerlinge in ag neem nie. (Vgl. par. 4.5.2).

In die eerste finansiële jaar na die 1984-onrus het die besteding op onderwys vir swart mense met 30% gestyg en in die daarop volgende jare met 26% en 28%. Ten spyte van die vordering is fondse egter nog beperk (Anon., 1990:7).

4.3.6.3.1 Onderwysbesteding en -begroting in die periode 1972 tot 1989

| | |
|---|---|
| 1972 | 329 580 000 * |
| 1975 | 160 000 000 ** |
| 1978/79 | 143 858 000 |
| 1979/80 | 181 804 000 |
| 1980/81 | 244 153 000 |
| 1981/82 | 369 749 000 |
| 1982/83 | 475 758 000 |
| 1983/84 | 561 318 000 |
| 1984/85 | 709 257 000 |
| 1985/86 | 917 486 000 |
| 1986/87 | 1 157 831 000 |
| 1987/88 | 1 487 840 000 |
| 1988/89 | 1 952 284 000 |

(Alle inligting is verkry uit die DET (1989) en gegewens gemerk met 'n * is verkry uit INEG 1815, 13 April 1984:6 en gegewens gemerk met 'n ** is verkry uit Hanshard (V) 1976, kol.5711).

4.3.6.3.2

Staatsbesteding aan onderwys vir die periode 1948 tot 1974

| Jaar | Blankes | Kleurlinge | Indiërs | Swartes |
|---|---|---|---|---|
| 1948 | 50 670 | 6 113 | 1 354 | 10 459 |
| 1949 | 55 439 | 6 720 | 1 615 | 11 250 |
| 1950 | 55 841 | 7 193 | 1 792 | 11 635 |

| Jaar | Blankes | Kleurlinge | Indiërs | Swartes |
|---|---|---|---|---|
| 1951 | 64 162 | 8 176 | 2 111 | 11 843 |
| 1952 | 80 804 | 9 212 | 2 524 | 13 340 |
| 1953 | 87 441 | 10 345 | 2 784 | 13 766 |
| 1954 | 89 673 | 10 598 | 3 237 | 16 210 |
| 1955 | 97 059 | 11 662 | 3 466 | 15 879 |
| 1956 | 103 901 | 12 872 | 3 884 | 17 467 |
| 1957 | 106 590 | 13 474 | 4 201 | 18 225 |
| 1958 | 116 098 | 13 950 | 4 570 | 18 184 |
| 1959 | 128 002 | 15 464 | 5 121 | 20 223 |
| 1960 | 140 944 | 16 547 | 5 455 | 19 662 |
| 1961 | 152 236 | 16 768 | 5 763 | 20 249 |
| 1962 | 155 479 | 17 823 | 6 068 | 20 591 |
| 1963 | 174 428 | 23 403 | 7 496 | 23 613 |
| 1964 | 187 464 | 27 539 | 8 901 | 24 996 |
| 1965 | 217 188 | 31 676 | 9 803 | 26 834 |
| 1966 | 227 811 | 35 812 | 11 194 | 29 190 |
| 1967 | 241 242 | 39 948 | 13 394 | 35 109 |
| 1968 | 263 242 | 44 084 | 14 821 | 38 141 |
| 1969 | 321 961 | 48 220 | 14 961 | 44 768 |
| 1970 | 384 632 | 52 356 | 18 450 | 58 431 |
| 1971 | 436 350 | 55 277 | 21 902 | 70 679 |
| 1972 | 452 099 | 59 415 | 25 288 | 79 255 |
| 1973 | 510 000 | 72 230 | ± 31 528 | 97 412 |
| 1974 | | 87 814 | ± 37 722 | 146 576 |

(Malherbe, 1977:733)

4.3.6.4 Per capita-besteding ten opsigte van onderwys vir blanke en swart kinders

Volgens Whitehead (1984:6) het die per capita-besteding vir onderwys vir swart mense oor die jare baie verbeter, maar dit is nog nie dieselfde as vir blankes nie.

Mathonsi (1988:24) is, soos gesê, van mening dat die Regering die besteding gebruik as 'n instrument om die aantal swartes wat tot die arbeidsmark kan toetree, te reguleer. Vir elke rand wat die Regering in 1982 aan 'n swart leerling tussen sub A en standerd 10 bestee het, het die Regering R27,50 per blanke leerling in dieselfde standerd bestee.

4.3.6.4.1 Per capita-besteding in die periode 1975 tot 1982 vir Blanke, Swart-, Kleurling- en Indiërleerlinge

| Jaar | Swart | Blank | Kleurling | Indiër |
|---|---|---|---|---|
| 1953 | x 17,99 | o 127,84 | o 40,43 | o 40,43 |
| 1959 | x 12,46 | | | |
| 1960 | = 13,50 | = 114,00 | = 74,50 | = 74,50 |
| 1968 | + 14,48 | + 228,00 | + 70,00 | + 70,00 |
| 1969/70 | o 16,97 | o 282,00 | o 72,00 | o 81,00 |
| 1971/72 | * 25,00 | * 461,00 | | |
| 1972 | $ 25,00 | $ 460,00 | $ 95,00 | $ 125,00 |
| 1973/74 | & 23,50 | & 287,00 | | |
| 1974/75 | & 29,50 | & 605,00 | | |
| 1975/76 | # 40,00 | # 591,00 | # 140,00 | # 190,00 |

| Jaar | Swart | Blank | Kleurling | Indiër |
|---|---|---|---|---|
| 1976/77 | & 43,50 | & 654,00 | | |
| 1978/79 | o 71,28 | o 724,00 | o 225,54 | o 357,15 |
| 1979/80 | # 78,00 | #1 190,00 | # 234,00 | # 390,00 |

4.3.6.4.2 Per capita-besteding in die periode 1982 tot 1989 vir onderwys vir swart mense

| | |
|---|---|
| 1982/83 | 195-03 |
| 1983/84 | 237-16 |
| 1984/85 | 291-87 |
| 1985/86 | 378-02 |
| 1986/87 | 476-05 |
| 1987/88 | 560-50 |
| 1988/89 | 648-37 |

(DET (1989))

In die Jaarverslag van die Departement van Onderwys en Opleiding (1986:79-85) word verskeie redes vir die verskil in per capita-besteding ten opsigte van onderwys vir blankes en swart mense verskaf:

* "Onderwys vir swartes is eers in 1953 onder beheer van die Sentrale Regering geplaas. Ten opsigte van sentraal gekoördineerde beplanning en finansiering het dit dus 'n kort geskiedenis in vergelyking met ander onderwysdepartemente.
* Die per capita-bestedingsyfers vir onderwys vir swartes sluit nie die aansienlike bydraes vir die oprigting van fisiese fasiliteite deur die privaatsektor en die

landbousektor in nie. Laasgenoemde was verantwoordelik vir die oprigting van meer as 5 000 plaasskole wat slegs gedeeltelik deur die departement gesubsidieer is.

* Ongeveer 80% van 'n onderwysdepartement se begroting word vir salarisse gebruik. In die geval van onderwys vir swartes het ongeveer 78% van die onderwysers laer kwalifikasies as hulle eweknieë in ander departemente.

* Die bydraes van onderwysdepartemente tot mediese skemas, pensioenfondse, behuisingsubsidies en so meer word in ag geneem. Alhoewel dieselfde diensvoorwaardes vir alle onderwysers geld, is hierdie voorwaardes 'n betreklik nuwe ontwikkeling in die geval van swart onderwysers."

4.3.7 Salarisse vir onderwysers

Die segregasiebeleid het ook 'n uitwerking op die salarisse van onderwysers; daar was 'n aansienlike diskrepansie ten opsigte van die salarisse van blanke en swart onderwysers. Volgens dr. Verwoerd (1954:19) is die lone wat blanke onderwysers verdien nie 'n toelaatbare kriterium vir die swart onderwysers nie. As 'n rede vir sy standpunt gee hy 'n belangrike beginsel van die Nasionale Party se segregasiebeleid. 'n Blanke onderwyser is in diens van die blanke gemeenskap en sy salaris word bepaal op grond van en in vergelyking met die inkomste van die gemiddelde ouer vir wie se kinders hy skoolhou. Dit sou natuurlik beteken dat blanke onderwysers wat aan bantoe skole skoolhou, minder as sy ander blanke eweknieë betaal moes word. Beskerming van die blanke was egter ook een van segregasie-

beginsels en daarom is bepaal dat diesulke onderwysers dieselfde gunstige betalings as sy blanke eweknie moes kry.

Volgens dr. Verwoerd (1954:19) was swart onderwysers in diens van die swart gemeenskap en moes hulle dienooreenkomstig betaal word. Buitendien, het hy verder redeneer, is swart onderwysers in 'n baie gunstige posisie, in so 'n mate dat onderwysposte baie gesog is. Dr. Verwoerd (1954:20) het ook aanbeveel dat meer onderwyseresse gebruik moet word om sodoende 'n besparing van fondse teweeg te bring.

As gevolg van 'n gebrek aan genoegsame fondse, was die Regering nie in staat om genoeg onderwysers in diens te neem nie. In 1961 was daar 4 062 onderwysers wat deur ouers of private instansies betaal is (Horrell, 1964:165).

Volgens beplanning sou daar vir 1968 ongeveer 60 000 onderwysers benodig word, maar as gevolg van 'n gebrek aan fondse kon slegs vir 41 000 onderwysers voorsiening gemaak word. Van die 41 000 is 7 500 privaat betaal. Hierdie tekort aan fondse om die salarisse van onderwysers te betaal, het bygedra tot die ontstaan van dubbelsessies (Atkinson, 1978:234).

Vanaf die vroeë sewentigerjare het die diskrepansie ten opsigte van onderwysers se salarisse al hoe meer onaanvaarbaar geword. SPRO-CAS (1971:29) skryf die toenemende ontevredenheid toe aan die feit dat die verskil in salarisstruktuur 'n erfenis is van die dae toe die verskille tussen kulturele groepe in Suid-Afrika baie groter was as wat hul in die vroeë sewentigerjare was. As gevolg van verstedeliking is die verskillende bevolkingsgroepe

in dieselfde ekonomie geabsorbeer en almal moet dieselfde markpryse betaal. Kultuurverskille is nie meer so groot nie en salarisverskille het al hoe minder verskoonbaar geword. Bantoe-onderwysers in tuislande is tot 31 Desember 1973 deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling betaal. Die tuislande sou hierdie onderwysers van 1 Januarie 1974 self betaal (Kwazulu en Qwaqwa uitgesluit) (Jaarverslag, 1976:110).

Ontevredenheid met onderwysersalarisse het gelei tot 'n aantal demonstrasies deur skoliere. Bitterheid word veral veroorsaak deur die gaping tussen blanke en swart onderwysers se salarisse. Ongelukkig word die kwalifikasies van die onderskeie onderwysers nie in ag geneem wanneer hul salarisse vergelyk word nie (Cillié-kommissie, 1979:385). Volgens Lewin (1977:123) het die Regering in 'n poging om die sogenaamde "klein apartheid" te verwyder ook aandag begin gee aan salarisverskille.

Dr. F.E. Auerbach het in 'n onderhoud met Mabe (INEG 5141, 11 November 1979:4) bevestig dat die Regering na die 1976-opstande verskeie pogings aangewend het om salarisverskille uit die weg te ruim.

ATASA-leiers het die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979) gekritiseer omdat dit steeds nie voorsiening gemaak het om salarisse van swart onderwysers gelyk te stel aan dié van blanke onderwysers nie. Die Minister van Onderwys en Opleiding, mnr. M.C. Botha, het in reaksie op die kritiek daarop gewys dat daar reeds pariteit ten opsigte van gekwalifiseerde swart onderwysers se salarisse en hul blanke eweknieë bestaan en dat die pariteit mettertyd uitgebrei sal word soos wat swart-

onderwysers se kwalifikasies verbeter (INEG 2990, 22 Junie 1979:21).

Die regeringsbeleid ten opsigte van onderwyssalarisse is op 10 September 1980 in die <u>Oggendblad</u> (INEG 7364, 10 September 1980:5) as volg uiteengesit: "... gelykheid in die salarisse van onderwysers uit die verskillende bevolkingsgroepe is... verklaarde beleid." In die artikel word verder verwys na vyf fases waarvolgens die salarisgaping vernou sou word. Daar word ook gemeld dat gemiddeld 76% van die swart onderwysers dieselfde verdien as hul blanke eweknieë.

Vanaf 1 April 1980 is blanke en swart onderwysers op dieselfde sleutelskaal. Die swart onderwyser sou nou in staat wees om sy topkerf in presies dieselfde tydperk as die blanke onderwyser te bereik (Hansard (V) 1981, kol.268). Swart onderwysers begin wel op 'n laer aanvangsalaris, maar hul inkremente is presies dieselfde as die van Blanke onderwysers (Hansard (V) 1980, kol.267).

In 1981 het R.A.F. Swart (Hansard (V) 1981, kol.268) gesê dat daar nog steeds 'n verskil tussen die salarisse van blanke en swart onderwysers is. Hy vergelyk die senior skale en wys daarop dat daar ten opsigte van hierdie posvlak A8 kategorie 1, 'n verskil van R3 960 tussen blanke en swart onderwysers se salarisse was.

4.3.8 Samevatting

Segregasie het ook 'n uitwerking gehad op die finansiering van onderwys vir swart mense. Ongelyke besteding was 'n direkte

gevolg van die segregasiebeleid. Die periode 1950-1955 is gekenmerk deur die beginsel van mede-verantwoordelikheid vir die finanasiering van eie onderwys. Die regeringsbydrae is op R13 000 000 vasgestel en dit het tot baie kritiek gelei.

In 1955 is die Bantoe-onderwysrekening geskep en is onderwysfinansiering op gesegregeerde basis voortgesit. Fondse was onvoldoende en in 1958 is die belasting van swart mense verhoog. In die periode 1960 tot 1970 is die beleid van selfbestuur tot uitvoer gebring en dit het onderwysfinansiering op sy beurt beïnvloed. Die verantwoordelikheid vir die finansiering van onderwys vir swart mense is op die skouers van swart owerhede geplaas.

Die periode 1971 tot 1984 is gekenmerk deur verskeie wysigings ten opsigte van onderwysfinansiering. Vanaf 1972 is swartes nie meer primêr verantwoordelik gehou vir hul onderwys nie, en is die Bantoe-onderwysrekening afgeskaf. Onderwysfinansiering is van 1972 af gehanteer deur middel van die Begrotingspos: Bantoe-onderwys. In 1980 is die begroting verhoog en is daar begin om die onderwys vir swartes gelykwaardig aan onderwys vir blankes te maak. Na die 1984-opstande is die besteding verder verhoog, maar ten spyte van die verhogings hou die beskikbare fondse steeds nie tred met die behoeftes nie.

Die segregasiebeleid het ook 'n diskrepansie ten opsigte van onderwysersalarisse tot gevolg gehad. Vanaf 1976 is daar daadwerklik begin om die verskille uit die weg te ruim. Vanaf 1980 is swart onderwysers op dieselfde sleutelskaal as blanke onderwysers.

## 4.4 Kurrikulum

### 4.4.1 Inleiding

In hierdie gedeelte word die algemene implikasies wat die beleid van onderwyssegregasie vir die kurrikulum vir onderwys vir swart mense ingehou het bespreek. Daar word spesifiek aandag bestee aan die implikasies van die segregasiebeleid vir Geskiedenisonderrig. Musiek en enkele ander vakke soos: Omgewingsleer, tegniese en ambagsvakke, tale, Beroepsvoorligting en Jeugweerbaarheid.

### 4.4.2 Algemene implikasies van die segregasiebeleid vir die kurrikulum vir onderwys vir swart mense.

In 1953 is daar besluit om ook die kurrikulum in ooreenstemming met regeringsbeleid en dus die algemene ontwikkelingsplan te bring. Dit was die doelstelling dat die onderwys van die swart kind in ooreenstemming met sy gemeenskap moet geskied. Om die doelstelling te kon bereik, moes die kurrikulum vir uitsluitlike gebruik in die swart skole opgestel word (Truter, 1981:273).

Die nuwe kurrikulum moes in die behoeftes van die gemeenskap voorsien. Volgens dr. Verwoerd (1954:16-17) moes die kurrikulum van die primêre swart skool klem lê op lees, reken, skrywe, godsdiensonderrig, hande-arbeid, sang, ritme en 'n aanvang moes gemaak word ten opsigte van die leer van Afrikaans en Engels. Molteno (1984:89) is van mening dat die sillabusse vir primêre swart skole klem gelê het opgehoorsaamheid, lojaliteit aan die eie gemeenskap, etniese groep en nasionale diversieit, die aanvaarding van bepaalde sosiale rolle, 'n godsdienssin en

die identifikasie met die plattelandse (landelike) kultuur.

Die gebruik van die nuwe kurrikulum is skerp gekritiseer. Die belangrikste kritiek wat ingebring is, is dat die onderwysmateriaal wat vir onderwys vir swartes gebruik is minderwaardig was teenoor die wat vir blankes gebruik is. Verder is die kritiek uitgespreek dat die verskil in kurrikula vir swartes en blankes daartoe sal lei dat onderwys vir swartes as 'n geheel as minderwaardig beskou sal word (Van der Mescht, 1965:341).

Volgens dr. Verwoerd (1954:17) was die groot probleem ten opsigte van die kurrikulum vóór 1953 dat dit die kind in botsing gebring het met die idees en gebruike van sy familie en gemeenskap. Dit het daartoe gelei dat die skool beskou is as 'n middel om in die gemeenskap van die blanke op te gaan. Die kurrikula het dus nie selfontplooiing en diens aan die eie gemeenskap bevorder nie.

Nadat die kind in die laer primêre skool redelik goed in sy onmiddellike omgewing georiënteer is, word daar in die hoër primêre en die junior sekondêre skool daarna gestrewe om sy intellektuele en geestelike gesigseinder uit te brei (Van der Mescht, 1965:243).

Vakkurrikula vir primêre en junior sekondêre vakke was ongeveer dieselfde as die vakkurrikula vir blanke skole (Van der Mescht, 1965:342). "Apart from the qualifying word "Bantu" there is little to distinquish the content of Bantu secondary education from that provided for other sectors of the country's population." (Tunmer en Muïr, 1968:48). Die inhoud van die vakke

was dieselfde vir alle bevolkingsgroepe, maar daar is gepoog om die beginsels van die vak in verband te bring met die toestande waarvan die kinders op grond van hul ervaring kennis dra, byvoorbeeld in Kunsvlyt is daar gepoog om die eie karakter van die swart mense se kuns na vore te bring (Van der Mescht, 1965:342).

Die inhoud van onderwys vir swart mense is aangepas om by die etniese aard van die swartes aan te sluit omdat daar geglo word dat die skole eie moet wees aan die volk. Die kurrikulum moes leerinhoude bevat waarin die swart kind sal belangstel en wat vir hom besondere funksionele waarde sal hê (Meyer, 1971:32). Swart tale het daarom deel van die kurrikulum uitgemaak (Christie en Collins, 1984:161).

Binne vyf jaar na die oorname deur die Nasionale Party is swart skole onder staatsbeheer gebring en het die kurrikula meer tegnies-gerig van aard geword (Christie en Gillespie, 1984:626). Die Nasionale Party-beleid was dat swart mense nie akademiese onderwys moes ontvang nie, want dan sou Suid-Afrika later 'n probleem hê van te veel akademies-gekwalifiseerde mense en niemand om die hande-arbeid te verrig nie (Christie en Collins, 1984:176).

Om hande-arbeid te bevorder moes meer aandag gegee word aan tuin-, land- en bosbou. Die segregasiebeleid het die beginsels van territoriale skeiding en selfstandigwording ingesluit. Die doel met die inskakeling van landbou-onderwys by die verskillende tipes swart skole was om swart mense in staat

te stel om in hul eie gebiede selfversorgend te raak (SABRA-verslag, 1949/51:14).

Onder die Nasionale Party is 'n kurrikulum bekendgestel wat klem gelê het op die omstandighede van die gemeenskap en wat gerig was op die behoeftes van die gemeenskap (Van Dyk, 1967:6). Die Regering was oortuig dat landbou-onderwys 'n noodsaaklikheid was omdat swart gemeenskappe 'n behoefte het aan opgeleide landbouers. Die opgeleide landbouers sal dan nuttig aangewend kan word om die swart gebiede op terreine soos grondbewaring, wisselbou, boomaanplanting, weidingskunde en die produksie van voedsel wat 'n gebalanseerde dieet vir die swarte moontlik kan maak (SABRA-verslag, 1949/51:14).

Horrell (1964:163) is van mening dat daar oormatige klem geplaas word op landelike omstandighede, stamgebonde agtergronde en praktiese vakke. Verder word daar nie genoegsame tyd aan amptelike tale en rekenkunde bestee nie. Die verklaring dat die klem op tradisionele kultuur geplaas word vir die beswil van die swartes, is volgens haar onaanvaarbaar.

Mawasha (1969:151) is van mening dat die kurrikulum die swarte in staat moet stel om aan die eise van die moderne wêreld te voldoen en dat die kern van die swart mense se frustrasie met hul onderwys juis daarin geleë is dat dit wat hulle op skool leer nie in die praktyk toegepas kan word nie. Ook Van Zyl (1972:254) is van mening dat onderwys gebruik is om "maatskaplik en ekonomies, tuislose mense te skep." Dit moet in ag geneem word dat swart leerlinge ook 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap is (Meyer 1971:14).

Volgens Kgware (1978:124) is daar geen rede waarom die onderwys van 'n kind in Soweto en die van 'n kind in Parktown moet verskil nie. Beide kinders sal hul eendag in 'n stadslewe bevind en hul eie heil daar moet uitwerk. Die kind probeer om die kultuur waarin hy opgevoed word én die kultuur waarin hy grootword sy eie te maak en dit lei tot kulturele en opvoedkundige verwaarlosing en onvoltooidheid. So 'n kind staan verward ten opsigte van die etniese norme in samelewings- en pedagogiese verband (Loots, 1985:64).

Die kurrikulum van die swart skool moet primêr voorsiening maak vir onderwys wat gemik is op die verwerwing van kennis en vaardighede in en deur leerinhoude van die tradisioneel-westerse skoolvakke, maar dit moet ook rekening hou met die besondere agtergrond van die swart kind en met die van die swart gemeenskap (Beyers Nel, 1967:175).

Volgens G.F.van L. Froneman (Hansard (V) 1968, kol.6872-6873) stel die kurrikulum in die primêre skole die leerlinge in staat om 'n basiese opleiding te kry wat hulle nie net in staat stel vir verdere akademiese onderwys bekwaam nie, maar ook tot verdere indiensopleiding. Davis (1972:42) is 'n totaal ander mening toegedaan. Volgens hom verseker die primêre skool-kurrikula vir onderwys vir swart mense dat swart kinders in 'n "special isolated and insulated intellectual environment" opgesluit word.

Jong swart leiers deel ook nie die mening dat swart mense deur middel van onderwys in staat gestel word om 'n plek in die gemeenskap in te neem nie. Die Cillie-kommissie (1980:583) het

bevind dat jong swart mense onderwys as irrelevant beleef omdat hulle van mening is dat dit nie die behoeftes van swart leerlinge as lede van 'n spesifieke swart gemeenskap in ag neem nie.

Volgens 'n mededeling van A. Cambinda (1990) 'n gewese swart skoolhoof, beskou hy die kurrikula vir onderwys vir swart mense nie juis as bevorderlik vir voorbereiding vir 'n beroep nie. Volgens hom is die kurrikula se grootste tekortkoming die werk wat dit wel dek. Hy is van mening dat baie swart matrikulante met 'n matrieksertifikaat sit maar geen algemene kennis nie en dat die sertifikaat feitlik geen beroepsdeure open nie.

Dit wil voorkom asof daar ten opsigte van kritiek op die kurrikula van onderwys vir swart mense 'n teenstrydigheid is. Een groep is van mening dat die regeringsbeleid van opvoeding tot die eie gemeenskap daarop gemik is om die swarte agterlik te hou en dat swart mense nie in die moderne wereld kan aanpas nie (Cillié, 1980:583). Die ander groep meen dat die kulturele agtergrond nie genoegsaam in ag geneem word by die opstel van kurrikula nie (Duminy, 1963/64:109).

Mphahlele (1982:2) is van mening dat die verskille ten opsigte van kultuur wel in ag geneem word. Hy beskou onderwys wat misbruik word om die swart "image" te vernietig as verfoeilik. Hy beklemtoon die belangrikheid daarvan dat onderwys vir swart mense rekening moet hou met die ontwikkeling wat in die swart gemeenskappe plaasvind. "It is our conviction that black education should be based on indigenous foundations to be meaningful and relevant." (Mphahlele, 1982:3).

Volgens Truter (1981:273) word daar deur middel van die kurrikula juis gepoog om die swart kind nie net by die kultureel-eie te laat vassteek nie. Hy wys daarop dat die Departement van Onderwys en Opleiding alreeds verskeie jare kernkurrikula gebruik wat deur alle onderwysdepartemente in die land gevolg word, maar waarin daar wel ruimte gelaat is vir elke onderwysdepartement om aanpassings te maak ten einde te voorsien in eie behoeftes.

Die Regering gee erkenning aan die reg tot inspraak in kurrikulêre aangeleenthede van werkgewers en die georganiseerde onderwysprofessie (Gardiner, 1984:11). Gardiner (1984:11) lewer die volgende kritiek daarop: "The State regards employers as a more significant factor in curriculum design that those paying for education and those receiving education." Luthuli (1984:5) ondersteun hierdie siening en se dat onderwys vir mense is en daarom moet dit ook sy oorsprong he by die mense vir wie dit bedoel is. Hy is van mening dat onderwys vir swart mense 'n mislukking is omdat dit gebaseer is op die blanke perspektiewe in plaas daarvan dat dit die werklike lewensomstandighede van die swart mense in ag neem.

Volgens Luthuli (1984:9) word die vakkurrikula opgestel deur blankes. Mphahlele (1982:1) is van mening dat dit byna onmoontlik is om te verstaan hoe die blanke kurrikulum-opstellers die siening en waardes van die swart mense kan verstaan, waardeer en interpreteer aangesien hulle in twee verskillende wêrelde leef. Die Cillié-kommissie (1980:583) wys egter daarop dat baie kritici van die kurrikula van onderwys vir

swart mense nie eens bewus is van die feit dat swart onderwyskundiges geken is en 'n aandeel gehad het in die opstel van sillabusse nie.

Reaksie teen die Departement van Onderwys en Opleiding se vakkurrikula het daartoe gelei dat die vakkurrikula in die vroeë tagtigerjare hersien is. Die beskuldiging word dikwels gemaak dat die differensiasie ten opsigte van vakkurrikula minderwaardige en beperkende etnies-georiënteerde onderwys veronderstel (Behr, 1988:111). Volgens Wet 76 van 1984 gebruik die onderskeie onderwysdepartemente hul eie sillabusse wat gebaseer is op kernsillabusse. Kernkurrikula word juis gebruik sodat die onderskeie onderwysdepartemente dieselfde norme en standaarde handhaaf en die een nie dalk minderwaardige onderwys verskaf nie (Behr, 1988:110).

In 1987 het dr. Gerrit Viljoen, Minister van Onderwys en Opleiding, aangekondig dat die Regering aktief besig is om die vakkurrikula te hersien omdat dit deur swart onderwysers en leerlinge as irrelevant beskou word (INEG 3571, 30 Julie 1978:4). Die Departement van Onderwys en Opleiding het dan ook in 1987 nuwe vakkurrikula vir 20 vakke vir standerd 8 tot 10 bekendgestel (Behr, 1988:10).

In reaksie op die sogenaamde minderwaardige en irrelevante onderwys het People's Education sy verskyning gemaak. Voorstanders van People's Education het geëis dat vakkurrikula herskryf moet word om die belewing en aspirasies van swart gemeenskappe te weerspieël (Behr, 1988:111). Volgens

dr. Gerrit Viljoen (INEG 3571, 30 Julie 1987:4) is People's Education onaanvaarbaar omdat dit vakkurrikula verpolitiseer.

Vanaf 1987 geld die volgende vier vereistes ten opsigte van vakkurrikula:

* sillabusse en kurrikula moet aan die onderwysbehoeftes van die leerlinge voldoen. Onderwysbehoeftes moet bepaal word in die lig van die tye en die gemeenskap waarin die leerlinge leef,

* sillabusse moet relevant wees ten opsigte van beroepsvereistes en die ekonomiese lewe na skool,

* sillabusse moet die ervaringe, aspirasies, waardes en ideale van die gemeenskap waartoe die leerling behoort, weerspieel en

* in 'n multi-kulturele gemeenskap moet die sillabusse die leerlinge meer bewus maak van en sensitief maak vir die verskillende aspirasies en behoeftes van die ander gemeenskappe sodat verskillende gemeenskappe mekaar beter sal ken en verstaan (INEG 3571, 30 JULIE 1987:4).

4.4.3 Die Geskiedenis-sillabus vir onderwys vir swart mense.

Volgens Chisholm (1981:136) is daar 'n baie nou band tussen die apartheidsideologie en die Geskiedenis wat aan swart kinders onderrig word. Volgens Davies (1984:152) word die bestaan van die swarte in Geskiedenis misken. Geskiedenis vertel slegs die heroïese verhaal van die opkoms van die Afrikanervolk (Chisholm, 1981:137). Mphahlele (1982:12) sluit by bogenoemde

siening aan wanneer hy skryf dat daar in Sosiale Wetenskappe soos Geskiedenis nooit iets positiefs oor die swart mense op die voorgrond geplaas word nie. Hy is ook van mening dat die Geskiedenishandboeke nie die filosofie en wêreld- en lewensbeskouing van die swarte in ag neem nie. Davies (1984:152) wys daarop dat daar in Geskiedenisonderrig geen melding gemaak word van swart weerstand, swart politieke aktiwiteite of swart leiers nie.

Dit is veral die Suid-Afrikaanse Geskiedenis wat ontevredenheid by swart mense ontlok. Hul griewe val hoofsaaklik in vier kategorieë: onderwerpe word te ingewikkeld aangebied, onderwerpe is vervelig, onderwerpe is irrelevant en onderwerpe is aanstootlik. Carstens (1977:23) noem verskeie redes waarom Suid-Afrikaanse Geskiedenis as aanstootlik beleef word:

* swartes word voorgestel as sukkelaars wat altyd aan die korste ent trek,
* onderwysers vind dit aanstootlik om vir leerlinge te vertel dat hule voorvaders diewe was,
* Geskiedenis wek 'n gevoel van minderwaardigheid by die kinders, en
* daar is bevooroordeling en sentimentaliteit in die Geskiedenishandboeke omdat dit deur blankes vanuit 'n blanke perspektief geskryf is.

Volgens Vergotine (1988:67) kan die Suid-Afrikaanse Geskiedenis wat in swart skole aangebied word, beskryf word as 'n

"opvoedkundige miskonsepsie van die waarheid." As voorbeeld word Lintvelt et al. se Tydkringe vir standerd 8 geneem. In hierdie handboek begin die skrywer met die koms van die Britse Setlaars. Volgens Vergotine (1988:67) word die feit dat daar voor die koms van die Europeërs reeds swart mense in Suid-Afrika gewoon het, geïgnoreer. Dié punt van kritiek kan egter as onregverdig beskou word, aangesien die totale spektrum van Suid-Afrikaanse Geskiedenis nie in elke standerd gedek kan word nie.

'n Verdere punt van kritiek wat deur Vergotine (1988:67) aangetoon word, is dat die Mfekane in slegs vier bladsye beskryf word, terwyl die Groot Trek in baie meer diepte bespreek word.

Mphahlele (1982:13) is van mening dat die inhoud wat in Suid-Afrikaanse Geskiedenis vir matrieks aangebied word, so omvattend is dat dit vir die eksaminator geen kuns is om die leerlinge vas te vra nie.

Chisholm (1981:140) is vas oortuig dat Geskiedenis gebruik word om die ideologie van blanke heerskappy en swart minderwaardigheid te versterk. "Not only is this exerpt attempting to justigy present European domination of South Africa but it is also suggesting that Whites came to South Africa before the Africans from the North."(Chisholm, 1981:141.)

Die argument wat in Geskiedenishandboeke gebruik word om apartheid en die verhouding tussen werkgewer en werknemer te regverdig, is dat Suid-Afrika in 'n unieke situasie was waar dit die natuurlike verhouding tussen blank en swart was en dat

inmenging in hierdie verhouding van meester en slaaf net goeie verhoudinge sou verongeluk en rassebotsing sou veroorsaak. Die swarte word in die Geskiedenishandboeke geskets as die gelukkige slaaf en die blanke as die welwillende paternalis en beskermer van die onskuldige en onbeskaafde (Chisholm, 1981:143-144).

Dit word algemeen aanvaar dat die Geskiedeniskurrikula herskryf moet word. Voorstanders van People's Education is van mening dat die nuwe Geskiedenis vanuit die perspektief van die "people" geskryf moet word. Ander groepe is van mening dat daar slegs weggedoen moet word van die blank-sentriese perspektief. Van der Walt et al. (1987:109-110) waarsku egter dat Geskiedenis wat net vanuit 'n swart perspektief geskryf is, op die lang duur net so onaanvaarbaar sal wees en dat daar moeite gedoen moet word om die bydrae van alle bevolkingsgroepe in die kurrikula te vervat.

Met hierdie perspektief van die "people" word bedoel dat die Geskiedenis onder andere sal vertel waarom die African National Congress (ANC) en ander politieke organisasies verban is, waarom sommige swart mense verban is en waarom Nelson Mandela en ander leiers aangehou is (Nyaka, 1986:8).

### 4.4.4 Musieksillabus vir swart leerlinge

Volgens Erlmann (1983:149) het die Regering musiekonderrig in die 1950's en die vroee 1960's gebruik om die swart mense te besiel met 'n geloof in die uniekheid van die tradisionele

kultuur. Dit was 'n onmisbare basis vir die ontwikkeling van die swarte onder blanke baasskap.

Sommige swart onderwysers het die nuwe beginsel van behoud van die swart mense se musiek en danse gesien as 'n terugwaartse stap en dat dit net gaan lei tot die vernedering van swart mense. Andere was bekommerd oor die moontlike konsekwensies van suggestiewe bewegings, kleding, lirieke en liedere.
Dr. Verwoerd het voorgestel dat slegs die melodieë gebruik moes word. 'n Ander groep was van mening dat tradisionele musiek beslis deel van die kurrikulum moes wees, maar dat suggestiewe bewegings sover moontlik uitgeskakel moes word (Erlmann, 1983:147-148).

Kreatiewe onderwys soos Musiek het sedert 1970 minder belangrik geword namate die Regering se behoefte aan halfgeskoolde arbeid toegeneem het (Erlmann, 1983:149).

4.4.5 Ander vakke

Volgens Truter (1981:273) is daar met die opstel van die vakkurrikulum vir Omgewingsleer (Sosiale studie vir st. 3 tot 5) besondere aandag aan die kultuur van elke volksgroep bestee. Die beklemtoning van die kultuureie, wat 'n segregasiebeginsel is, het dus ook na die kurrikulum vir onderwys vir swart mense deurgewerk.

G.F.van L. Froneman (Hansard (V) 1968, kol.6888-6889) bevestig dat die ambags- en tegniese opleiding wat deur die Departement van Bantoe-onderwys verskaf is, in ooreenstemming met die regeringsbeleid is. Die regeringsbeleid is om die swartes se

volle potensiaal te ontwikkel in die professies, ambagte, in die industrieë en administrasies in hulle onderskeie volkseenhede. Dit is reeds bekend dat die doelwit was om die opgeleide, geskoolde swarte te kanaliseer na sy tuisland sodat hy sy eie gemeenskap kan gaan dien. Die doelwit blyk duidelik uit die maatreël dat die sertifikaat wat na die voltooiing van so 'n tegniese of ambagskursus uitgereik word, slegs in die swart gebiede geldig is.

Die onderrig van tale word dikwels gekritiseer. Verskeie swart opvoedkundiges was ontevrede omdat blankes die voorgeskrewe boeke vir swart kinders kies. Daar word deur diesulkes gevra dat die literatuur vanuit 'n swarte se perspektief geskryf moet wees. Om die doelwit te kan bereik, moet literatuur deur swart mense gekies en verkieslik ook geskryf word (Luthuli, 1984:12 en 19).

Duminy (1963/64:109) wys daarop dat die trasdisionele spreekwoorde, mites en legendes verlore gaan omdat dit nie in die voorgeskrewe werke vasgelê is nie.

Oor die inhoud van Engelse poesië is daar weer eens verdeeldheid. Waar sommige mense meen dat dit kultuurvreemd is, dink ander weer dat erkenning van die kultuureie oordryf word. Daar is groter eensgesindheid ten opsigte van die inhoud van Afrikaanse poesië. Raka, van N.P. van Wyk Louw, is byvoorbeeld vir die swart mense totaal onaanvaarbaar omdat Raka as swart en boos uitgebeeld word (Van der Walt <u>et al</u>., 1987:110). People's Education behels dat die "people" self sal besluit watter

afrikaanse gedigte gedoseer sal word (INEG 3361, 21 Junie 1986:3).

Die C.T.P.A. (1988:26-30) gee 'n voorbeeld van 'n Alternatiewe Afrikaanse Taalvraestel. Die begripstoetse handel oor Nelson Mandela - Die Vader van die Bevrydingstryd. Die Taalleervrae is ook kontekstueel op die leesstuk gebaseer. Die Alternatiewe onderwys vir swart mense is daarop gemik om leesstukke te gebruik wat die kind bewus sal maak van sy bevrydingstryd.

"People's English for People's Power" was 'n NECC Nuusvrystelling in 1986 en het die volgende doelwitte vir Engels as vak geïdentifiseer:
Assist all learners to:

* understand the evils of apartheid and to think and speak in a non-racial, non-sexist and non-èlitist way,

* determine their own destinies and to free themselves from oppression,

* play a creative role in the achievement of a non-racial democratic South Africa,

* use English effectively for their own purposes." (C.T.P.A., 1988:31,)

Die kurrikula vir onderwys vir swart mense bied baie beperkte geleenthede vir Beroepsvoorligting (University of Natal, 1982:23). Volgens Behr (1988:111) vorm Voorligting die hoeksteen van gedifferensieerde onderwys. Daar is eers in 1979 met die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979) voorsiening

gemaak vir die onderrig van Voorligting in onderwys vir swart mense, alhoewel Sielkundige dienste reeds in 1960 ingestel is. Volgens Behr (1988:112) is die Voorligtingsdiens by swart skole, ten spyte van die wetgewing, totaal onvoldoende. Omdat dit nie 'n eksamenvak is nie en daar 'n ernstige tekort aan onderwysers is, word die vak by baie swart skole heeltemal agterweë gelaat.

Jeugweerbaarheidsprogramme kom volgens Behr (1988:110) glad nie in die kurrikula van die onderwysdepartemente vir swartes, Kleurlinge en Indiërs voor nie.

### 4.4.6 Samevatting

Die segregasiebeleid het sekere implikasies vir die kurrikulum vir onderwys vir swart mense ingehou. Vanaf 1950 was daar pogings om die kurrikula in ooreenstemming met die landsbeleid van segregasie te bring. Verskillende kurrikula vir verskillende bevolkingsgroepe is voorsien sodat gemeenskapsontwikkeling bevorder kon word. Die kurrikulum vir onderwys vir swart mense het nie tred gehou met die samelewingsveranderinge nie en maak die kind nie gereed vir opname in 'n heterogenegemeenskap nie. Die invloed wat die segregasiebeleid op die Geskiedenissillabus gehad het, is duidelik. Die segregasiebeleid het ook 'n uitwerking gehad op vakke soos Musiek, Omgewingsleer, tegniese en ambagsvakke, tale, Beroepsvoorligting en Jeugweerbaarheid.

## 4.5 Leerlingtal

### 4.5.1 Inleiding

In hierdie gedeelte word die invloed van die segregasiebeleid op die getal swart leerlinge behandel.

### 4.5.2 Die getal swart leerlinge op skool in die periode 1950-1989

Oor die algemeen word daar toegegee dat die getal swart leerlinge 'n aansienlike groei onder die Nasionale Party se segregasiebeleid getoon het. Volgens die Adjunk-Minister van Bantoe-onderwys, dr. P.G.J. Koornhof (Hansard (V) 1972, kol.7091), is die groei in leerlingtalle 'n bewys van die groot sukses waarmee die Regering deur middel van onderwys vir swart mense beslag gegee het aan sy beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Die Regering is dikwels daarvan beskuldig dat hy deur middel van die Wet op Bantoe-onderwys (47/1953) 'n plafon wou plaas op die ontwikkeling van die swart kind. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die Regering gepoog het om die grootste aantal kinders te bevoordeel met die beskikbare fondse. Die gevolg was dat baie swart leerlinge die skool op 'n baie lae standerd verlaat het (Hansard (S) 1979, kol.2542). Onderwys is beskou as 'n sleutelfaktor in die opbou van die gemeenskap en daarom is algemene geletterdheid beklemtoon (Verwoerd, 1955:7).
Die leerlingtalle het 'n aansienlike groei getoon. So wys

dr. A.P. Treurnicht (Hansard (V) 1976, kol.5740-5742) op 'n vermeerdering van 400% oor 20 jaar (1955-1975).

Volgens Loots (1985:51) het leerlingtalle in die tagtigerjare begin om astronomiese afmetings aan te neem. Die vordering wat op onderwysgebied gemaak is, kan wel as 'n rede vir die groei gesien word, maar die hoë geboortesyfer onder swartes het beslis ook die syfers beïnvloed.

4.5.2.1 Leerlingtal en % van skoolbevolking vir die periode 1945-1986

| Jaar | Leerlingtal | % |
|---|---|---|
| * 1945 | 587 586 | 7,03 |
| + 1948 | 749 000 | 9,20 |
| + 1949 | 788 000 | 9,50 |
| * 1950 | 747 026 | 8,04 |
| + 1951 | 799 000 | 9,30 |
| + 1952 | 846 000 | 9,60 |
| + 1953 | 888 000 | 9,80 |
| + 1954 | 967 000 | 10,04 |
| * 1955 | 1 013 910 | 9,76 |
| * 1956 | 1 103 243 | 10,37 |
| * 1957 | 1 259 354 | 11,56 |
| * 1958 | 1 344 783 | 12,05 |
| * 1959 | 1 409 425 | 12,32 |
| * 1960 | 1 506 043 | 12,48 |
| * 1961 | 1 608 668 | 12,96 |
| * 1962 | 1 684 426 | 13.20 |

| Jaar | Leerlingtal | % |
|---|---|---|
| * 1963 | 1 770 371 | 13.49 |
| * 1964 | 1 850 906 | 13,72 |
| * 1965 | 1 957 836 | 14,12 |
| * 1966 | 2 111 886 | 14,81 |
| * 1967 | 2 241 477 | 15,29 |
| * 1968 | 2 397 152 | 15,91 |
| * 1969 | 2 552 807 | 16,48 |
| * 1971 | 2 936 862 | 17,99 |
| * 1972 | 3 101 821 | 18,46 |
| * 1973 | 3 312 283 | 19,15 |
| * 1974 | 3 513 975 | 19,83 |
| * 1975 | 3 731 455 | 21,07 |
| $ 1976 | 3 319 520 | 20,62 |
| o | 3 897 330 | |
| $ 1977 | 3 492 401 | 21,08 |
| o | 4 128 882 | |
| $ 1978 | 3 247 292 | 20,05 |
| o | 4 346 293 | |
| $ 1979 | 3 484 329 | 21,41 |
| o | 4 622 353 | |
| o 1980 | 4 869 653 | |
| o 1981 | 5 074 860 | |
| o 1982 | 5 338 726 | |
| o 1983 | 5 582 506 | |
| # 1984 | 5 796 221 | |

| Jaar | Leerlingtal | % |
| --- | --- | --- |
| # 1985 | 6 013 354 | |
| # 1986 | 6 237 070 | |

+ Malherbe, 1977:78

$ Univ. of Natal, 1982:83 (Transkei uitgesluit vanaf 1976 en Bophuthatswana vanaf 1978)

* Behr, 1978:181 Hartshorne, 1976:7. (1945-1975 Tuislande ingesluit)

o RGN, 1986 (b): 36 (Tuislande en Nasionale state ingesluit)

# RIEP, 1986:12

Dit wil voorkom asof die getalle in bronne verskaf, nie altyd klop nie. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat sommige getalle Transkei en ander nasionale state insluit en ander nie. Waar inligting beskikbaar is, word dit aangedui.

4.5.3 Leerlingtalle en dubbelsessies

Die groeiende leerlingtal het daartoe bygedra dat die Regering voor die probleem van akkomodasie te staan gekom het. 'n Stelsel van dubbelsessies het as gevolg hiervan ontstaan.
'n Skool met dubbelsessies beteken dat die onderwyser een deel van die kinders vir 'n deel van die dag onderrig en 'n ander deel weer 'n ander deel van die dag (Hansard (V) 1966, kol.4348).

Die Minister van Bantoe-onderwys, M.C. Botha (Hansard (V) 1966, kol.4470) het klem gelê op die voordele van dubbelsessies.

Volgens hom maak dubbelsessies dit vir baie swart kinders moontlik om wel basiese onderwys te ontvang. Deur middel van dubbelsessies is daar reeds vir 67% van die swart bevolking van skoolgaande ouderdom voorsiening vir primêre onderwys gemaak. Dubbelsessies kan as een van die belangrikste maatreëls beskou word ter verwesenliking van die ideaal van die Departement van Bantoe-onderwys, naamlik primêre onderwys vir almal en die uitwissing van ongeletterdheid (Van der Mescht, 1965,338).

Daar was in 1976 net minder as 'n miljoen swart kinders in dubbelsessieklasse en dit was 33% van alle swart leerlinge (Hansard (V) 1976, kol.5724).

Dubbelsessies het egter ook baie kritiek ontlok. Na die 1976-opstande het die Regering begin om ook probleme in verband met die dubbelsessies uit te skakel. Teen 1980 was dubbelsessies reeds uitgeskakel (INEG 7364. 10 September 1980:5).

### 4.5.4 Vroeë skoolverlating en leerlinggetalle

Kritiek word dikwels gelewer op die hoe persentasie vroeë skoolverlating wat by onderwys vir swart mense voorkom. Die oorgrote meerderheid swart leerlinge is in die primêre klasse en kom nooit by matriek uit nie. Die persentasie van die leerlinge wat in 1963 tot die skool toegetree het en wat twaalf jaar skoolopleiding voltooi het, vergelyk soos volg ten opsigte van blankes, Indiërs, Kleurlinge en swartes: 58,40 ; 22,30 ; 4,40 ; 1,96 (RGN, 1981:24). Dit beteken dat uit elke honderd swart leerlinge wat in 1963 die skool betree het, nie eens twee

hul skoolloopbaan voltooi het nie. Uit elke honderd blanke kinders wat in 1963 die skool betree het, het egter meer as 58 hul skoolloopbaan voltooi (INEG 1255, 31 Maart 1984:6).

Van die 659 247 swart leerlinge wat in 1962 die skool verlaat het, was 21,7% ongeletterd, 29,1% het slegs 1 tot 4 jaar skool gegaan en 19,76% was 5 tot 7 jaar op skool (INEG 1255, 31 Maart 1984:6).

W.T. Webber (Hansard (V) 1968, kol.1887) het aangetoon dat slegs 3,8% van die totale getal swart leerlinge in sekondere skole is, en 68% van die leerlinge vorder nie verder as standerd 2 nie, maar dit is volgens hom is dit nietemin bevredigend.

Daar moet onthou word dat die 68% laer primêre inskrywings 2 000 000 swart leerlinge verteenwoordig en hierdie leerlinge betree die arbeidsmark as geletterdes (Hansard (V) 1972, kol.7066). Die vraag ontstaan egter of 'n kind wat slegs tot standerd 1 of 2 gevorder het, as geletterd beskou kan word. Daar is ook persone wat van mening is dat die vroeë skoolverlating te veel klem kry. Ten spyte van die probleem met vroeë skoolverlating, is Atkinson (1978:234) van mening dat die toename in leerlingtal die grootste was ten opsigte van sekondêre onderwys. Hy wys daarop dat die getal sekondêre swart leerlinge tussen 1965 en 1970 verdubbel het. Volgens die Jaarverslag van die Departement van Bantoe-onderwys (1970:9) was daar 'n 14,3% toename in sekondêre swart leerlinge tussen 1969 en 1970 (Transkei uitgesluit).

Tussen 1974 en 1975 was daar 'n 52% toename in sekondêre swart leerlinge (Hansard (V) 1978. kol.1953). Die groeiende getal sekondêre swart leerlinge was nie 'n tydelike verskynsel nie. In die periode 1981 tot 1985 het die aantal sekondêre swart leerlinge met 1 000 000 toegeneem (Jaarverslag, 1986:113). Die kinders het ook verder begin vorder en selfs senior standerds bereik. So verwys 'n artikel in The Warrior (Anon., 1990:7) na die feit dat swart matrikulante in die periode 1985 tot 1989 byna vyfvoudig vermeerder het. Die situasie het soveel verbeter dat daar teen 1989 meer swart leerlinge as blankes gematrikuleer het.

Alhoewel daar dus wel 'n groot probleem ten opsigte van vroeë skoolverlating bestaan, het die sekondêre swart leerlinge in die periode 1950 tot 1984 wel toegeneem.

4.5.4.1 Die aantal sekondêre swart leerlinge in die periode 1949 tot 1989

| Jaar | | Aantal leerlinge | % van skoolbevolking |
|---|---|---|---|
| 1949 | x | 19 901 | 2,6% |
| 1953 | x | 26 437 | |
| 1954 | x | 32 907 | |
| 1955 | o | 34 983 | |
| 1956 | x | 34 002 | |
| 1958 | x | 41 568 | |
| 1960 | = | 47 598 | |

| Jaar | Aantal leerlinge | % van skoolbevolking |
|---|---|---|
| 1963 | o 53 444 | |
| 1965 | = 57 411 | |
| 1970 | = 64 481 | |
| 1974 | + 209 519 # | |
| 1975 | = 96 741 | |
| | * 318 568 # | |
| 1976 | = 156 045 | |
| 1977 | = 171 667 | |
| | * 546 531 # | |
| 1978 | = 157 323 | |
| | * 615 074 # | |
| 1979 | = 184 028 | |
| | * 670 925 # | |
| 1980 | = 211 905 | |
| | 773 910 # | |
| 1981 | = 226 117 | |
| | & 597 920 | & 16,1 |
| | * 825 839 # | |

| Jaar | Aantal leerlinge | % van skoolbevolking |
|---|---|---|
| 1982 | = 245 850 | |
| | & 615 149 | & 16,9 |
| 1982 | * 912 453 # | |
| 1983 | = 273 401 | |
| | & 683 185 | & 17,8 |
| | *1 000 171 # | |
| 1984 | & 753 821 | & 18,8 |
| | *1 096 622 # | |
| 1985 | & 828 176 | & 19,8 |
| | *1 192 932 # | |
| 1986 | & 918 462 | & 21,0 |
| | *1 291 125 # | |
| 1987 | &1 061 916 | & 22,6 |
| 1988 | &1 213 514 | & 24,1 |
| 1989 | &1 600 000 | |

(x De Villiers, 1961:106 ; o Van Dyk, 1967:7 ; = RGN, 1986(b):16-18 ; * RIEP, 1982:11-12 ; & DET, 1989 ; + Hansard (V) 1976, kol.5717)

# DET, Transkei, Bophuthatswana, Venda, Ciskei, Gazankulu, KaNgwane, Kwa Zulu, Lebowa en Qwaqwa ingesluit.

4.5.4.2 Swart matrikulante in die periode 1953 tot 1988

| Jaar | Matrikulante |
|---|---|
| 1953 | Minder as 500 |
| 1965 | |
| 1979 | 23 200 |
| 1981 | 49 900 |
| 1982 | 60 170 |
| 1983 | 72 168 Transkei uitgesluit |
| 1984 | 83 000 Transkei uitgesluit |
| 1985 | 91 331 Transkei uitgesluit |
| 1986 | 107 000 Transkei uitgesluit |
| 1987 | 142 000 Transkei uitgesluit |
| 1988 | 171 000 Transkei uitgesluit |

(DET, 1989)

4.5.5 Redes vir vroeë skoolverlating

Daar word verskeie redes vir vroeë skoolverlating gegee. Een van die redes is ekonomies van aard. Daar is baie werksgeleenthede vir leerlinge wat eintlik geen kwalifikasies het nie. Daar is verder geen hulpklasse vir verstandelike gestremdes nie; as hul dus nie verder kan vorder nie, verlaat hulle die skool (Hansard (V) 2976, kol.5742).

'n Derde rede wat gegee word vir vroeë skoolverlating is dat die regeringsbeleid dit vir swart leerlinge onmoontlik maak om by sekondêre skole uit te kom. Dit is regeringsbeleid dat die

tuislande sekondêre onderwys moet verskaf (Van Rensburg, 1975:35). H. Suzman (Hansard (V) 1968. kol.6871) is van mening dat die Regering se poging om die "Bantoestans" te ontwikkel daartoe lei dat duisende swart kinders onderwys ontbeer. Daar mag geen nuwe skole, van die juniorsertifikaat tot matriek, in blanke stede opgerig word nie. As skole vol is, moet ander leerlinge na tuislande gaan vir hul onderwys. Dit het tot gevolg dat die kinders nie vanuit hul ouerhuise skole kan bywoon nie. Die resultaat van die beleid is dat ouers nie hul kinders wil of kan wegstuur nie. Daar ontstaan gevolglik 'n groep leeglêers en jeugmisdadigers (Hansard (V) 1976, kol.5704).

In 1970 was 37% van die sekondêre swart leerlinge in swart gebiede en 63% in Blanke gebiede (Jaarverslag, 1970:9). In 1974 was 66,5% sekondêre swart leerlinge in swart gebiede (Van Rensburg, 1975:35). Teen 1976 was 59,9% in blanke gebiede (Jaarverslag, 1976:58). Die getal sekondêre leerlinge in blanke gebiede het dus as gevolg van regeringsbeleid afgeneem.

Die feit dat onderwys vir swart mense nie verpligtend is nie, word ook beskou as rede waarom daar so min leerlinge op sekondêre vlak is. Verpligte onderwys word gesien as 'n oplossing vir die probleem van die lae verteenwoordiging van swart leerlinge op sekondêre vlak (RGN, 1981:60-61).

Die Departement van Bantoe-onderwys (Jaarverslag, 1971:1) is tevrede dat die skoolbywoning van primêre leerlinge, sonder verpligte onderwys, in sekere stedelike gebiede byna 100% is. Skoolbywoning van leerlinge tussen 7 en 14 jaar het

in 1963 tot 83% gestyg. Teen 1967 is 'n stadium bereik waar daar byna 100% skoolbywoning was en dit sonder 'n stelsel van verpligte onderwys. Die feit dat die Regering verwys na die sukses op primêre vlak sonder verpligte onderwys, ondersteun die beleid van bevordering van algemene geletterdheid.

Dit is belangriker dat die swart bevolking 'n vlak van algemene geletterdheid bereik as wat dit is dat daar meer swart matrikulante moet wees.

### 4.5.6 Samevatting

Daar kan aanvaar word dat die regeringsbeleid om algemene geletterdheid te bevorder daartoe kon bydra dat die getal swart leerlinge in die periode 1950 tot 1984 aansienlik toegeneem het. Die groter getal swart leerlinge het gelei tot 'n stelsel van dubbelsessies wat op sy beurt weer gelei het tot baie kritiek op die regeringsbeleid van onderwyssegregasie. Leerlinggetalle word beinvloed deur vroeë skoolverlating. Alhoewel die regeringsbeleid deur menige persoon as oorsaak van die probleem beskou word, het die getal sekondêre swart leerlinge en swart matrikulante tog onder die beleid toegeneem.

## 4.6 Vry en verpligte onderwys

### 4.6.1 Vry en verpligte onderwys vir Swart leerlinge

"Compulsory school attendance was regarded by many as essential for a good system of education, and its absence was a major shortcoming in Bantu education." (Cillié, 1980:582). Die regeringsbeleid is dat die swart mense self die verantwoordelikheid vir hul onderwys moet dra (Hansard (V) 1967, kol.1751). Op grond van hierdie beleid word daar nie vry en verpligte onderwys verskaf nie, want swart mense kan nie self die finansiële las dra nie.

Die voogdyskapsbeginsel as deel van die segregasiebeleid kom weer eens hier na vore. Die blanke help die finansiële las dra en gee leiding, maar verpligte onderwys kan slegs aan die swart mense gegee word wanneer hulle dit self begeer, vra, kan bekostig en in staat is om dit self te verskaf (Hansard (V) 1967, kol.1751).

Verpligte onderwys vir alle swart kinders sal die ekonomie aansienlik ontwrig. Die koste verbonde aan die verskaffing van vry en verpligte onderwys maak dit onmoontlik. In 1967 het die blankes R16 miljoen van die R28,2 miljoen wat aan bantoe=onderwys toegeken is, verskaf (Hansard (V) 1967, kol.1780). Dit strook nie met die regeringsbeleid dat die swartes self die verantwoordelikheid vir hul onderwys moet aanvaar nie.

Die Cillié-kommissie (1980:581-582) wys op 'n paar argumente van swart ouers ten opsigte van vry onderwys. Sommiges argumenteer dat die feit dat skoolklere nie verskaf word nie, 'n bewys is

dat onderwys vir swartes nie vry is nie. Ander is van mening dat vrye onderwys die swart mense toekom, want blanke kinders word van gratis boeke voorsien en hulle ouers kry baie meer geld as swart ouers wat self vir hulle kinders se boeke moet betaal.

Soos reeds voorheen aangetoon, het die Soweto-opstande van 1976 die Regering genoop om 'n meer toegeeflike segregasiebeleid te aanvaar. Die Cillié-kommissie (1980:582) het die ontevredenheid oor die feit dat onderwys vir swart mense nie vry en verpligtend is nie, as oorsaak van die onrus geïdentifiseer.

In 1976 het dr. A.P. Treurnicht (Hansard (V) 1976, kol.5743) aangekondig dat die Regering besig is om voor te berei om skoolplig in sekere gebiede in te voer. Hy het egter daarop gewys dat finansies steeds die beperkende faktor is. Die Minister van Onderwys en Opleiding, T.N.H. Janson (Hansard (S) 1979, kol.2544) noem ook die gebrek aan die nodige fasiliteite en opgeleide onderwysers as beperkende faktore. Volgens die Jaarverslag van die Departement van Bantoe-onderwys (1976:2) kom die nuwe regeringsbeleid daarop neer dat die ouer 'n ooreenkoms moet aangaan om sy kind vir ten minste vier jaar op skool te hou.

Nadat daar in 1976 aangekondig is dat die Regering besluit het om gratis boeke aan swart leerlinge te verskaf en om verpligte onderwys in te stel, het die onrus en ontevredenheid oor die aangeleentheid nie gaan lê nie. Die nuwe maatreëls is as onvoldoende beskou, want dit het nog steeds die segregasiebeginsels onderskryf. Daar word aangedring op 'n algehele nuwe onderwysstelsel (Cillié, 1980:582).

Die aangeleentheid het in 1979 met die aanvaarding van die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979) weer eens aandag geniet. Die Politieke Redaksie van Oggendblad (INEG, 7364, 10 September 1980:5) het aangetoon dat die nuwe Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979) voorsiening gemaak het vir verpligte onderwys. Ook in 'n artikel van die Sunday Tribune (INEG 5530, 16 Desember 1979:20) word daar melding gemaak van die veranderde regeringsbeleid. "The Government had made it clear that it has finally realised that free and compulsory education must be accepted as a goal." Die skrywer neem verder ook die standpunt in dat die feit dat die verskaffing van vry en verpligte onderwys vir swart mense nog altyd onmoontlik was as gevolg van finansiële onvermoë sommer net 'n verskoning was. Hy wys daarop dat die Regering in krisistye reusebedrae kon vind vir onder andere verdediging. Hy vra dan ook of die Regering dan nie die krisistye in onderwys vir swart mense in ag kan neem en ook sulke reusebedrae daarvoor kan vind nie.

In antwoord op 'n vraag van Friedman en Friedman (1983:32) het F. Hartzenberg gesê dat die Regering reeds begin het met die instelling van verpligte onderwys. Onderwys is reeds verpligtend vir Sub A. Die Regering voel egter dat dwang nie die aangewese wyse is om die kinders by die skool te kry nie, daarom moet die ouers van die gemeenskap die Departement nader en vra dat verpligte onderwys in hulle gemeenskap ingestel moet word. Verpligte onderwys sal verder uitgebrei word. Die volgende stap is dat verpligte onderwys geld vir Sub A en Sub B en so sal dit ontwikkel totdat dit alle swart leerlinge insluit.

Die ouers sal as hul kind met Sub A begin 'n onderneming onderteken waarvolgens die ouers belowe om toe te sien dat die kind ten minste vier jaar op skool gehou sal word. 'n Tweede onderneming sal onderteken word as die kind met die senior primêre fase begin (Kgware, 1981:19).

Davies (1984:357) is van mening dat die verpligte onderwys wat wel ingestel is, nie aan die verwagtinge voldoen het nie. Dit het in die eerste plek net betrekking gehad op 38 uitgesoekte, stedelike skooldistrikte. Baie swart mense wou die nuwe maatreels nie aanvaar nie, omdat dit volgens hulle deur die Regering as strafmaatreël gebruik kon word. Die gebiede wat nie probleme veroorsaak nie, sou dan bo probleemgebiede bevoordeel word. Daar word ook gevoel dat die Regering die onus om die kinders by die skool te kry na die ouers verskuif. In reaksie op laasgenoemde beskuldiging kan daar met reg verwys word na die feit dat die kind in die eerste plek die verantwoordelikheid van die ouer bly.

Volgens Loots (1985:239) kan die geleidelike instelling van verpligte onderwys op streeksgrondslag as 'n aanneemlike beleid aanvaar word veral as al die beperkende faktore in ag geneem word.

Verpligte onderwys is ook deur middel van die Onderwys Wysigingswet (31/1988) uitgebrei na plaasskole. Volgens Wet (31/1988) moet kinders van skoolgaande ouderdom wat hul op plase bevind, die plaasskool bywoon. Die ouer of die voog (gewoonlik die plaaseienaar) kan vervolg word as die kind nie die skool bywoon nie (Behr, 1988:104).

### 4.6.2 Samevatting

Die segregasiebeleid het wel invloed op die verskaffing van vry en verpligte onderwys vir swart mense gehad. Vry en verpligte onderwys was slegs van toepassing op alle blanke, Kleurling- en Indiërkinders. Swart kinders was nie daarby ingesluit nie. Na die 1976-onrus het die regeringsbeleid toenemend voorsiening begin maak vir vry en verpligte onderwys vir swart mense.

## 4.7 Eksamenuitslae

### 4.7.1 Inleiding

In hierdie gedeelte word die eksamenuitslae van hoofsaaklik standerd 6, die Junior Sertifikaat-eksamen en die Senior Sertifikaat-eksamen gekyk om vas te stel of die segregasiebeleid die eksamenuitslae beïnvloed het.

### 4.7.2 Standerd 6-eksamen

Volgens Van Dyk (1967:6) was daar 'n definitiewe verbetering ten opsigte van skolastiese prestasie na 1953. Die statistiek in tabel 4.7.2.1 bevestig sy mening. Die uitslae van die standerd 6-eksamens het 'n deurlopende stygende lyn getoon.

4.7.2.1 Uitslae van standerd 6-eksamens vir die periode 1957 tot 1972

| Jaar | Aantal kandidate | Aantal geslaag | Persentasie geslaag |
|---|---|---|---|
| 1957 | | | 64% |
| 1960 | 47 623 | 37 530 | 97% |
| 1962 | 62 103 | 51 818 | 84,3% |
| 1963 | 68 867 | 57 310 | 84,7% |
| 1964 | 73 129 | 58 139 | 79,5% |
| 1965 | 77 558 | 62 810 | 80,9% |
| 1966 | 81 393 | 64 866 | 79,6% |
| 1967 | 88 631 | 72 258 | 81,5% |
| 1968 | 96 728 | 75 312 | 77,8% |

| Jaar | Aantal kandidate | Aantal geslaag | Persentasie geslaag |
|---|---|---|---|
| 1969 | 110 170 | 88 434 | 80,4% |
| 1970 | 121 775 | 94 838 | 77,9% |
| 1971 | 134 026 | 108 642 | 81,1% |
| 1972 | 143 318 | 116 675 | 81,4% |

(Van Dyk, 1967:6; Hansard (V) 1967, kol.6615; Hansard (S) 1969, kol.2913; Jaarverslag, 1971:27,54; Jaarverslag, 1972:76)

4.7.3 Junior Sertifikaat-eksamen (St.8)

Die uitslae van die Junior Sertifikaat-eksamen toon, net soos die uitslae van die standerd 6-eksamen, 'n deurlopende stygende lyn. In 1961 was daar 'n daling, maar die Minister van Bantoe-onderwys het die daling verdedig deur daarop te wys dat die leerlinge wat in die tyd van Bantoe-onderwys met hul skoolloopbane begin het teen 1961 nog eers besig was met die Junior Sertifikaat (Hansard (V) 1961, kol.3668). Oor die algemeen was die Departement van Bantoe-onderwys tevrede met die slaagsyfer van die Junior Sertifikaat-eksamen.
Dr. P.G.J. Koornhof het aan die hand van die uitslae van die Junior Sertifikaat-eksamens tussen 1960 en 1968 die sukses van die Departement van Bantoe-onderwys besing (Hansard (V) 1969, kol.1698).

4.7.3.1 Uitslae van die Junior Sertifikaat-eksamen vir die periode 1953 tot 1975

| Jaar | Aantal kandidate | Slaagsyfer | Persentasie geslaag |
|---|---|---|---|
| 1953 | 5 407 | | 53,79% |
| 1955 | 5 358 | | 55,04% |
| 1958 | 7 398 | | 56,80% |
| 1960 | 8 725 | 4 000 | 56,16% |
| 1961 | 9 119 | 4 970 | 54,5% |
| 1962 | 9 933 | 5 660 | 56,9% |
| 1963 | 9 532 | 7 456 | 78,2% |
| 1964 | 10 112 | 7 517 | 74,3% |
| 1965 | 11 644 | 9 120 | 78,3% |
| 1966 | 13 822 | 9 917 | 71,7% |
| 1967 | 16 389 | 11 100 | 67,7% |
| 1968 | 18 647 | 12 450 | 66,8% |
| 1969 | 21 755 | | 70,1% |
| 1970 | 24 907 | 17 381 | 69,8% |
| 1971 | 28 100 | 21 203 | 75,5% |
| 1975 | 134 231 | 35 214 | |

(Hansard (V) 1961, kol.3668; Jaarverslag 1970; Hansard (S) 1969 kol.2913; Jaarverslag 1969:13; Hansard (V) 1969, kol.1698; Jaarverslag 1971:54; Hansard (S) 1976, kol.1022-23)

### 4.7.4 Senior Sertifikaat-eksamenuitslae

Die matriekuitslae vir die periode 1956 tot 1959 was uiters swak soos duidelik blyk uit die tabel (4.7.4.1). Die swak matriek uitslae van 1959 is hoofsaaklik toegeskryf aan die feit dat Bantoe-onderwys nog in 'n oorgangstadium was (Hansard (V) 1961, kol.3646). Die Minister van Bantoe-onderwys, W.A. Maree (Hansard (V) 1961, kol.3671) het in sy reaksie op die swak matriekuitslae van 1960 'n duidelike verband gelê tussen die segregasiebeleid en die matriekuitslae. Hy toon eerstens aan dat die swakste matriekuitslae voorgekom het in stedelike gebiede en dit is omdat die kinders daar geen ouerlike gesag het nie. Daar is ook nie die nodige studiegeriewe vir die kinders nie. Die opposisie was weer van mening dat dit juis die segregasiebeleid en die beginsel dat sekondêre skole in tuislande moet wees wat kinders onder die toesig van hul ouers wegneem. Die regeringsbelied wentel egter rondom die erkenning en behoud van die tradisionele stamlewe en in die stamlewe van die swart mense is dit nie net die vader en moeder wat ouerlike gesag uitoefen nie, maar die hele familie. Omdat die stam- en familiedissipline in die swart gebiede teenwoordig is, kry die kinders daar beter eksamenresultate.

In 1973/74 was daar 'n daling in die slaagsyfer, maar vanaf 1975 was daar weer 'n geleidelike verbetering (vgl. 4.7.4.1). Mathonsi (1988:5) beskou die feit dat onderwys vir swart mense minderwaardig is as oorsaak van die swak matriekuitslae in 1983. In 1983 het 90% van die blanke matrikulante, 71% van die

Kleurlingmatrikulante en 50% van die swart matrikulante geslaag. Omond (1984:9) beskryf die lae slaagsyfer vir 1983 as 'n tragedie vir die individuele leerlinge, die ouers en vir die gemeenskap. Volgens hom is die oorsaak van die swak uitslae beslis die gebrek aan fasiliteite.

Daar word verskeie redes vir die swak matriekuitslae gegee. Volgens J.G. Brink (Hansard (V) 1961, kol.3656) druip die meeste leerlinge omdat hulle Engels druip. Die feit dat die amptelike tale in die hoërgraad aangebied word, dra volgens Van der Mescht (1965:349) beslis by tot die swak matriekuitslae.

Atkinson (1978:232) is van mening dat die lae standaard van onderwys vir swart mense en die tekort aan goed-gekwalifiseerde swart onderwysers beslis gelei het tot swak matriekuitslae.

Baie swart leerlinge is gekant teen die Geskiedenis wat in skole aangebied word. Soos reeds gesien, beskou hulle Geskiedenis as 'n vorm van indoktrinasie om die segregasiebeleid te regverdig (vgl. par. 4.4.3). Volgens Carstens (1977:24) kan die weiering om die vraestelafdeling oor Suid-Afrikaanse geskiedenis te beantwoord as 'n bydraende faktor tot swak matriekuitslae beskou word.

Volgens Mathonsi (1988:31) het die Regering direkte skuld aan die swak matriekuitslae. "The fact that physical needs are used by the goverment to control the output at matric level is demonstrated by a drop-out-profile of Africans." Slegs 10,4% wat in 1971 met hul skoolloopbane begin het, het in 1983 matriek

geskryf. Mathonsi (1988:33) is oortuig daarvan dat die Regering die matriekuitslae reguleer in ooreenkoms met die ekonomie se vraag na mannekrag.

Mathonsi (1988:37) skryf swak matriekuitslae ook toe aan die feit dat die Departement van Onderwys en Opleiding agterlosigheid in verskeie vorme laat plaasvind. Hy identifiseer verskeie vorme van agterlosigheid:

* Blanke kinders tot so jonk as sestien jaar sien swart matrikulante se antwoordstelle na;

* Die Departement voorsien geen ontspanningsgeriewe in die nasiensentrums nie,

* Sommige onderwysers sien antwoordstelle na terwyl hulle onder die invloed van drank is,

* Slegs "vriende" van senior eksaminatore word genooi om antwoordstelle te gaan nasien,

* Senior eksaminatore neem vraestelle huis toe en die vraag bly wie antwoordstelle daar nasien, en

* 60% van die onderwysers sien na in vakke waarin hulle self nie gekwalifiseer is nie.

Van der Mescht (1965:348-349) gee die volgende redes vir die swak matriekuitslae:

* Baie leerlinge moet lang afstande aflê om by die skool te kom en het nie nodige geriewe om hul huiswerk behoorlik te doen nie, en

* Leerlinge beskou sekere vakke as onbelangrik, soos die moedertaal.

Volgens Mathonsi (1988:40) is die matriekresultate van die verskillende bevolkingsgroepe in ooreenkoms met die ideologie en konstitusionele planne van die Regering.

4.7.4.1 Matriekuitslae vir die periode 1954 tot 1987

| Jaar | Aantal Kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1954 o | | | | | | 134 | |
| 1956 * | 674 | 164 | 21,3 | 190 | 24,7 | 354 | 46,1 |
| 1957 * | 745 | 135 | 18,1 | 157 | 21,1 | 292 | 39,2 |
| 1958 * | 660 | 113 | 17,1 | 135 | 20,4 | 245 | 37,5 |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1959 * | 629 | 43 | 6,8 | 75 | 11,9 | 118 | 18,7 |
| 1960 + | 957 | | | | | 182 | 19,0 |
| 1960/61 £ i | | 118 | | 279 | | 397 | |
| 1961/62 £ i | | 115 | | 338 | | 453 | |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1962/63<br>£<br>i | | 221 | | 426 | | 647 | |
| 1963/64<br>£<br>i | | 171 | | 296 | | 467 | |
| 1964<br>= | | 299 | | 373 | | 636 | |
| 1964/65<br>£<br>i | | 338 | | 599 | | 937 | |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1965/66 £ i | | 365 | | 735 | | 1 100 | |
| 1966 + | | | | | | 571 | 56,3 |
| 1966/67 £ i | | 557 | | 876 | | 1 433 | |
| 1967 + | 2 039 | | | | | 967 | 47,7 |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1967/68<br>£<br>i | | 537 | | 688 | | 1 225 | |
| 1968<br>= | | 775 | | 279 | | 1 266 | |
| 1968/69<br>£<br>i | | 842 | | 664 | | 1 506 | |
| 1969<br>* | 2 624 | 877 | 33,4 | 865 | 33,0 | 1 742 | 66,4 |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1969/70<br>£<br>i | | 882 | | 1 490 | | 2 372 | |
| 1979<br>+ | 2 846 | | | | | 1 856 | 65,2 |
| 1970/71<br>£<br>i | | 1 104 | | 1 741 | | 2 845 | |
| 1971<br>+ | 3 813 | | | | | 2 388 | 62,5 |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1971/72<br>£<br>i | | 1 427 | | 1 921 | | 3 348 | |
| 1972<br>x | 4 492 | | | | | 2 870 | 63,8 |
| 1973<br>£<br>i | | 1 939 | | 2 512 | | 4 451 | |
| 1973<br>* | 5 492 | 1 899 | 34,6 | 1 327 | 24,1 | 3 226 | 58,7 |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1973/74 £ i | | 1 959 | | 2 369 | | 4 328 | |
| 1974 * | 6 420 | | | | | 3 441 | 53,6 |
| 1974/75 £ i | | 2 208 | | 2 710 | | 4 918 | |
| 1975 $ | 8 445 | 3 520 | | | | 5 400 | |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1975/76<br>£<br>i | | 3 686 | | 3 013 | | 6 699 | |
| 1976/77<br>£<br>i | | 2 309 | | 7 427 | | 9 736 | |
| 1976/77<br>÷ | | 2 071 | | 6 080 | | 8 151 | |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1977/78<br>£<br>i | | 2 071 | | 6 080 | | 9 859 | |
| 1977/78<br>÷ | | 2 583 | | 5 466 | | 8 049 | |
| 1978/79<br>£<br>i | | 4 998 | | 10 712 | | 15 710 | |
| 1979<br>ø | 14 574 | 4 136 | | | | 10 706 | |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1978/79 ÷ | | 3 818 | | 8 227 | | 12 045 | |
| 1980 ø | 19 911 | 4 678 | | | | 15 876 | |
| 1979/80 £ i | | 6 214 | | 15 030 | | 21 244 | |
| 1979/80 ÷ | | 4 517 | | 11 016 | | 15 533 | |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1981 ø | 48 571 | 6 069 | | | | 25 963 | |
| 1980/81 £ i | | 6 929 | | 25 930 | | 32 859 | |
| 1980/81 ÷ | | 5 188 | | 20 403 | | | |
| 1982 q ii | 16 393 | 1 971 | | 6 548 | | 8 519 | |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1981/82<br>£<br>i | | 7 185 | | 32 373 | | | |
| 1983<br>q<br>ii | 19 869 | 2 319 | | 8 029 | | 10 348 | |
| 1983<br>* | 72 168 | 7 108 | 9,8 | 27 768 | 38,5 | | 48,3 |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1982/83<br>£<br>i | | 7 590 | | 37 685 | | | |
| 1984<br>q<br>ii | 19 146 | 2 154 | | 6 932 | | 9 086 | |
| 1983/84<br>£<br>i<br>ℓ | | 8 729 | 9,3 | 42 868 | | | 51,1 |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1983/84 ÷ | | 5 484 | | 30 429 | | | |
| 1984/85 ÷ | | 6 207 | | 28 006 | | | |
| 1985/86 ÷ | | 5 784 | | 18 666 | | | |
| 1988/89 ∈ | | | | | | | 54,0 |

| Jaar | Aantal kandidate | Slaag met matriek-vrystelling | % | Skooleind-sertifikaat | % | Totaal wat slaag | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1978 ¢ | 9 804 | 3 236 | 33,0 | 4 232 | 43,2 | 7 468 | 76,2 |

o INEG 431, 10 Januarie 1981:7

* Mathansi, 1988:5, 15, 17, 45

+ Jaarverslag, 1971:54, 27

£ RGN, 1986(b):30

= Hansard (V) 1969, kol.1698

x Jaarverslag, 1972:76

$ Hansard (V) 1976, kol.1022-23

÷ SA-stat., 1988:54

θ RGN, 19

ø Friedman en Friedman, 1983:35

q RIEP, 1986:16

ℓ RGN, 1985:30-31

є Anon., 1990:7

¢ Univ. of Natal, 1982:93

i Sluit tuislande in

ii Slegs DOO.

4.7.5 Samevatting

Dit wil voorkom asof die segregasiebeleid 'n besliste invloed op die slaagsyfer van standerd 6-kandidate gehad het. In die periode 1957 tot 1972 veral is dit duidelik dat daar 'n toename in die slaagsyfer van standerd 6-kandidate was. Die uitslae van die Junior Sertifikaat-eksamen toon ook na die oorname van Bantoe-onderwys 'n stygende toon. Daar heers groot ontevredenheid in verband met die uitslae van die Senior Sertifikaat-eksamen. Baie direkte beskuldigings word voor die deur van die Regering gelê soos onder andere: lae standaard van onderwys vir swartes, dat onderwys vir swartes minderwaardig is in vergelyking met die onderwys wat ander bevolkingsgroepe ontvang, dat daar agterlosigheid is aan regeringskant by die nasien van antwoordstelle en die weersin wat die segregasiebeleid wek. In vergelyking met ander uitslae soos byvoorbeeld dié van blanke matrikulante is die matriekuitslae van swart leerlinge kommerwekkend, maar of die segregasiebeleid alleen vir die swak resultate verantwoordelik is, is nie duidelik nie. Die segregasiebeleid het egter 'n besliste aandeel aan die swak matriekuitslae.

## 4.8 Onderwysers

### 4.8.1 Inleiding

In hierdie gedeelte gaan die regeringsbeleid ten opsigte van swart onderwysers, die aantal swart onderwysers, die kwalifikasies van swart onderwysers en die onderwyser-leerling-verhouding onder die loep geneem word.

### 4.8.2 Regeringsbeleid en swart onderwysers

Ooreenkomstig die regeringsbeleid van segregasie en afsonderlike gemeenskapsontwikkeling het die rol van die swart onderwyser in 1954 verander. Die swart onderwyser sou nou in diens wees van en verantwoordelikheid verskuldig wees aan die swart gemeenskap (Verwoerd, 1954:19). Dit was verder die beleid van die Departement van Bantoe-onderwys dat blanke onderwysers heeltemal uit primêre swart skole "uitgewerk moet word" (Verwoerd, 1954:20). In 'n SABRA-verslag (1949/51:10) word ook verwys na die aanbevelings van die Eiselen-kommissie, naamlik dat Swart onderwyspersoneel tot die maksimum gebruik behoort te word om die skole so ver moontlik "swart" in gees te maak en om aan die swart onderwysers werk te verskaf. Daar is reeds voorheen daarna verwys dat die Nasionale Party-Regering se kritiek op die vorige onderwysstelsel was dat dit die swart mense verengels en verwesters het.

Die swart kind het volgens Beyers Nel (1967:205) behoefte aan 'n onderwyser "wie se taal hy begryp en wat sy taal begryp; een van sy eie mense." Die SABRA-verslag (1949/51:14) in verband met

die Eiselen-kommissie se aanbevelings maak ook melding van die feit dat die aanbeveling dat die moedertaal as onderrigmedium gebruik moet word, vereis dat meer swart onderwysers en selfs swart inspekteurs benodig sal word.

Die Nasionale Party se beleid was ook om onderwyseresse te bevoordeel bo onderwysers. Daar is aangevoer dat onderwyseresse beter aangele is om jong kinders te hanteer. Die Regering het in aansluiting by die beleid assistentposte in laer en selfs hoër primêre skole tot onderwyseresposte verklaar. Daar is ook 'n kwota neergelê wat betref die getal manlike en vroulike kandidate wat onderskeidelik tot die opleidingskursusse toegelaat is (Verwoerd, 1954:20).

Beskerming van die blanke was ook 'n segregasiebeginsel. Dr. Verwoerd (1954:21) het ooreenkomstig die beginsel aangekondig dat blanke onderwysers wat nog in onderwys vir swart mense benodig word se diensvoorwaardes net so gunstig sal wees as die van hul kollegas in blanke skole. Dr. Verwoerd (1954:21) het voortgegaan en gesê dat blanke onderwysers slegs aan die onderwys vir swart mense "geleen" word. Laasgenoemde vind aansluiting by die voogdyskapbeginsel van die segregasiebeleid. Volgens Luthuli (1984:19) skep die teenwoordigheid van blanke onderwysers in swart skole probleme. Hy is van mening dat die blanke onderwysers dink hulle is beter as hul leerlinge en as 'n onderwyser dit dink is hy nie in staat om die leerlinge trots op hul voorvaders, tradisies en kultuur te maak nie. Dit lei dan daartoe dat die leerlinge nie tot selfontdekking kan kom nie en dat hulle nie ten volle kan ontwikkel nie.

Die gebrek aan goedopgeleide swart onderwysers noodsaak egter die benoeming van blanke onderwysers in swart skole. Van den Berg (1980:101) sê dit is te betwyfel of hierdie blanke onderwysers die unieke gesitueerdheid van die swart leerlinge ten volle besef en verstaan. Hy wys voorts daarop dat hierdie begrip voorwaarde is vir sinvolle en relevante onderwys. Ware begrip is slegs moontlik as die onderwyser uit dieselfde kulturele milieu as die leerlinge kom. Volgens Van der Walt et al. (1987:7) kan blanke onderwysers die swart leerlinge aan hul kulturele "agterstand" herinner.

Die aantal swart onderwysers, hul kwalifikasies, die problematiek rondom onderwysers en plaasskole en die onderwyser-leerling getalleverhouding is uitvloeisels van die segregasie-beleid wat verskeie krisisse in onderwys vir swart mense laat ontstaan het.

4.8.3 Die aantal swart onderwysers

Volgens Mphahlele (1982:12) is die ontwikkeling van onderwys vir swart mense na 1954 ernstig belemmer. Die onderwyser-opleidingkolleges is nie toegelaat om meer as 15 manlike onderwysers per jaar op te lei nie. Dit was 'n belangrike bydraende faktor tot die onderwysertekort. Die regeringsbeleid dat vroulike onderwysers bevoordeel moet word, het dus 'n nadelige invloed op die aantal swart onderwysers gehad.

In 1961 het die swarte self, ooreenkomstig regeringsbeleid, meer as 'n halfmiljoen rand bygedra tot die salarisse van privaatbesoldigde onderwysers en die oprigting van skole, maar

daar was steeds 'n kritieke tekort aan goedopgeleide onderwysers (Van der Mescht, 1965:354). Dat daar wel 'n gesonde groei in die aantal swart onderwysers was, blyk duidelik uit die statistieke (vgl. 4.8.3.1 p.186).

Om die probleem te probeer oplos het die Regering begin met werwingsveldtogte en dit het gelei tot 'n merkbare toename in swart onderwysersgetalle (Jaarverslag, 1971:48). Daar was egter nog ernstige tekorte ten opsigte van onderwysers vir vakke soos Wiskunde, Algemene Wetenskap en Natuurwetenskap. Tweejaar= jaarkursusse in die vakke is aan die Universiteitskollege van Zoeloeland georganiseer en kort indienskursusse is georganiseer om onderrigstandaarde te verbeter (Atkinson, 1978:233). Van regeringskant is daar daadwerklike pogings aangewend om die onderwysersgetal te verhoog sonder om die standaard te verlaag (Jaarverslag, 1971:48).

Volgens Pienaar (1986:135) is hierdie groei in die voorsiening van goedgekwalifiseerde onderwysers geneutraliseer deur die toenemende getal onderwysers wat betrekkings in verpleegkunde, banke, radio- en televisienetwerke en ander instansies in die private sektor aanvaar het. In 1965 is daar vasgestel dat meer as die helfte van die werkers wat in die mynbedryf werksaam was, gekwalifiseerde onderwysers was.

Op grond van berekeninge is vasgestel dat daar in 1968 ongeveer 60 000 onderwysers benodig sou word om die swart skole effektief te laat funksioneer (Atkinson, 1978:234). As daar in 1967 maar net 32 277 onderwysers was, beteken dit daar moes êrens nog

27 723 onderwysers gevind word. Daar was in 1968 34 480 onderwysers by onderwys vir swart mense betrokke. Saam met privaatbesoldigde onderwysers kom die totaal op ongeveer 41 011 te staan (Jaarverslag, 1972:6). As gevolg van hierdie nypende tekort moes noodmaatreëls ingevoer word, soos dubbelsessies.

Die persentasie onopgeleide onderwysers het in 1972 van 20% tot 16,8% gedaal (Jaarverslag, 1972:38). In 1972 was daar 54 097 onderwysers (personeel van aandskole, voortsettingsklasse, spesiale skole en Transkei ingesluit) (Jaarverslag, 1976:145). Volgens dr. P.G.J. Koornhof (Hansard (V) 1972, kol.7091) was 98,4% van hierdie onderwysers swart onderwysers, met ander woorde die progressiewe onttrekking van die blanke uit die onderwys vir swart mense het in 'n hoë mate sukses behaal.

Die gemiddelde persentasiestyging per jaar van die aantal onderwysers in gewone skole in die periode 1970 tot 1978 vergelyk soos volg: blankes 1,6%0, Indiërs 2,92%, Kleurlinge 5,06% en swartes 8,43% (RGN, 1981:23).

Ten spyte van die groei in onderwysersgetalle was daar teen 1980 nog steeds 'n tekort aan onderwysers, veral in vakke soos Afrikaans, Engels, Natuurwetenskappe en Wiskunde (RGN, 1981:65). Volgens Motlana (1978:38-39) is die rede vir die onderwyserstekort te vind in die feit dat baie swart onderwysers die ekonomiese en industriële wêreld betree as gevolg van die onuithoudbare toestande in die klaskamers, diskriminasie in salarisse en diensvoorwaardes. Volgens 'n mededeling van M.C. Botma (1989) was daar teen 1989 nog steeds

'n tekort aan swart onderwysers en moes daar steeds van blanke onderwysers gebruik gemaak word.

Daar word nou gelet op die getal onderwysers wat by onderwys vir swart mense betrokke was in die periode 1949 tot 1988.

4.8.3.1 Aantal onderwysers betrokke by onderwys vir swartes vir die periode 1949 tot 1988.

| JAAR | AANTAL ONDERWYSERS VIR SWARTES |
|---|---|
| x 1949 | 13 900 |
| x 1950 | 18 530 |
| ~ 1953 | 21 000 |
| = 1954 | 21 000 |
| + 1955 | 21 974 |
| x 1956 | 22 557 |
| x 1957 | 25 499 |
| x 1958 | 25 931 |
| x 1959 | 26 110 |
| * 1960 | 27 767 |
| * 1961 | 27 828 |
| * 1962 | 28 849 |
| * 1963 | 30 119 |
| * 1964 | 32 414 |
| * 1965 | 34 042 |
| * 1966 | 35 998 |
| * 1967 | 38 403 |
| * 1968 | 41 011 |
| * 1969 | 43 638 |

| JAAR | AANTAL ONDERWYSERS VIR SWARTES |
|---|---|
| * 1970 | 45 953 |
| * 1971 | 50 193 |
| * 1972 | 53 765 |
| * 1973 | 57 902 |
| * 1975 | 69 007 |
| * 1976 | 75 360 |
| * 1977 | 83 319 |
| * 1978 | 88 821 |
| * 1979 | 96 308 |
| * 1980 | 103 165 |
| * 1981 | 113 333 |
| * 1982 | 120 812 |
| * 1983 | 132 086 |
| o 1984 | 98 103 |
| o 1985 | 106 248 |
| o 1986 | 115 503 |
| o 1987 | 118 413 |
| o 1988 | 129 017 |

* RGN, 1986 (b):24

~ Hansard (V), 1967, kol.6614

= Rosseau

\+ Univ. of Natal

x Hartshorne: 2

o DET, 1989

4.8.3.2 Aantal swart onderwysers in die periode 1958 tot 1987

| Jaar | Gewone primêre en sekondêre skole | Ambags-, vak en tegniese opleiding | Spesiale skole |
|---|---|---|---|
| 1958 | | 25 931 | |
| 1959 | | 25 654 | |
| 1960 | | 26 520 | |
| 1961 | | 27 740 | |
| 1962 | 26 554 | 158 | |
| 1963 | 29 969 | 150 | |
| 1964 | 27 219 | 109 | 54 |
| 1965 | 26 374 | 115 | 65 |
| 1966 | 27 843 | 85 | 62 |
| 1967 | 29 517 | 117 | 88 |
| 1968 | 31 338 | 138 | 94 |
| 1969 | 40 297 | 173 | 102 |
| 1970 | 42 265 | 173 | 106 |
| 1971 | 49 488 | 242 | 147 |
| 1972 | 53 334 | 255 | 176 |
| 1973 | 57 433 | 268 | 198 |
| 1974 | 61 957 | 311 | 207 |
| 1975 | 67 841 | 378 | 229 |
| 1976 | 62 706 | 447 | 193 |
| 1977 | 69 469 | 311 | 206 |
| 1978 | 66 146 | 236 | 174 |
| 1979 | 71 423 | 254 | 179 |

| Jaar | Gewone primêre en sekondêre skole | Ambags-, vak en tegniese opleiding | Spesiale skole |
|---|---|---|---|
| 1980 | 74 208 | 313 | 165 |
| 1981 | 82 121 | 356 | 245 |
| 1982 | 82 200 | 428 | 273 |
| 1983 | 89 742 | 626 | 336 |
| 1984 | 95 539 | 722 | 354 |
| 1985 | 101 790 | 903 | 508 |
| 1986 | 111 870 | 1 020 | 521 |
| 1987 | 114 836 | 1 039 | 533 |

(Suid-Afrikaanse statistieke, 1988).

### 4.8.4 Kwalifikasies van swart onderwysers

Daar was nie net 'n tekort aan onderwysers nie, maar daar was 'n tekort aan gekwalifiseerde onderwysers, veral vir die sekondêre- en hoërskole. Horrell (1964:165) toon aan dat daar in 1964 in verhouding minder matrieks tot die onderwysprofessie toetree as wat in 1953-54 die geval was. Engelbrecht (INEG 431, 10 Januarie 1981:7) verwys na die feit dat die meeste onderwysers met die oorname van swart skole in 1954 slegs 'n standerd 4- of standerd 6-sertifikaat en twee jaar opleiding as kwalifikasie gehad het.

Gekwalifiseerde onderwysers word verloor en dit het 'n skerp daling in die onderwysstandaard tot gevolg gehad. Volgens Davis (1972:45) is baie swart onderwysers wat die

Bantoe-onderwyswet (47/1953) geopponeer het, ontslaan. Horrell (1964:165) is van mening dat nie net gekwalifiseerde onderwysers verloor word nie, maar ook dat voornemende onderwysers afgeskrik word.

Redes wat aangegee word waarom gekwalifiseerde onderwysers bedank, is die weerhouding van die subsidie vir 'n onderwyser se salaris sonder om 'n rede te verskaf en die feit dat onderwysers verhoed word om wetlike of professionele hulp te kry as hy of sy aangekla word van een of ander misdryf (Horrell, 1964:165).

Mitchell (Hansard (V) 1961, kol.3846) wys daarop dat die Minister deur die Wet op Bantoe-onderwys (47/1953) die reg verkry het om die registrasie van 'n skool in te trek en selfs om 'n skool te ontbind en as 'n skool verdwyn, verdwyn die skoolraad. Die gevolg is dat daar dan niemand is om onderwysers in diens te neem nie en daardie onderwysers is dan sonder werk.

Kgware (1981:22) is effens meer positief in sy benadering en wys daarop dat die Departement van Bantoe-onderwys daadwerklik gepoog het om die kwantiteit en kwaliteit van swart onderwysers te verbeter. Een so stap van die kant van die Regering was om onderwysers se onderrig te skei van ander soorte onderwys. Dit het tot gevolg gehad dat toekomstige onderwysers saamgetrek is in minder, maar groter, beter toegeruste skole met beter personeel.

4.8.4.1 Kwalifikasies van swart onderwysers in staats- en staatsondersteunde skole vir 1965

| | |
|---|---|
| Laer-primêre onderwyssertifikaat | 11 972 |
| Hoër-primêre onderwyssertifikaat | 8 547 |
| S.A. Onderwysdiploma | 214 |
| Baccalaureus-graad | 16 |
| B-graad plus professionele kwalifikasie | 369 |
| Geen graad of professionele kwalifikasie | 4 830 |
| L.P.O.S. of H.P.O.S en spesiale kursus | 425 |
| Tegniese kwalifikasies | 59 |
| Totaal | 26 432 |

(Jones, 1973:81)

Teen 1967 was slegs 32% van die swart onderwysers aan opleidingskolleges en hoërskole gegradueerdes. Slegs 15% het hoegenaamd enige professionele kwalifikasies na matriek en meer as 52% het nie eens gematrikuleer nie (Hansard (V) 1967, kol.1745 -1746).

Volgens die Jaarverslag van die Departement van Bantoe-onderwys (1969:10) was byna al die onderwysers in hoër primêre skole gekwalifiseerd en baie studeer, selfs privaat, om hul kwalifikasies te verhoog. Van die 33 280 onderwysers in primêre skole het 26 085 professionele kwalifikasies gehad. Die situasie in sekondêre skole is egter nie bevredegend nie (Jaarverslag, 1969:13).

Volgens die Jaarverslag van die Departement van Bantoe-onderwys (1970:9) was daar in 1970 nog steeds nie genoeg gekwalifiseerde onderwysers, veral vir Wetenskap, beskikbaar vir sekondêre skole nie. Die ideaal is dat alle sekondêre onderwysers gegradueerdes moet wees, maar die ideaal is nog ver van vervuld.

4.8.4.2 Kwalifikasies van onderwysers in diens van die DOO:1970

| Kwalifikasies | Blanke onderwysers | Swart onderwysers (Transkei uitgesluit) |
|---|---|---|
| St. 10 | 63 | 65 |
| Geen opleiding | 108 | 7 615 |
| Tweejaar-kursus | 177 | 29 401 |
| Driejaar-kursus | 85 | 473 |
| Slegs 'n graad | 32 | 28 |
| Graad en onderwysdiploma | 238 | 545 |

(Jones, 1973:81)

In 1971 was 20% van die onderwysers aan primêre skole nie gekwalifiseerd nie. In sekondêre skole was baie min onderwysers ongekwalifiseerd, maar baie moes onderrig verskaf wat ver bo hul eie vermoëns en opleiding was. Een sesde van die onderwysers aan sekondêre skole het nie bevredigende kwalifikasies nie. Die universiteite was nie in staat om genoeg onderwysers per jaar op te lewer nie en die Regering het in 1971 'n nie-terugbetaalbare beursstelsel ingestel met die hoop dat daar 'n verbetering in die werwing van gegradueerde onderwysers sal wees (Jaarverslag, 1971:14).

In 1972 het die persentasie onopgeleide onderwysers gedaal van 20% tot 16,8%. Die standaard van opleiding van onderwysers en volgehoue indiensopleiding verbeter steeds hul doeltreffendheid, terwyl hulle tegelykertyd tred hou met die jongste ontwikkelinge op onderwysgebied (Jaarverslag, 1972:38). In 1972 was 1 149 (21%) van die 5 388 onderwysers aan sekondêre skole in besit van universiteitsgrade. Baie onderwysers moes nog steeds klasse onderrig wat hoër kwalifikasies vereis as waaroor hulle beskik. Die kwalifikasies van onderwyspersoneel het verbeter sedert die invoering van die Junior Sekondêre Onderwyskursus (Jaarverslag, 1972:42).

4.8.4.3 Kwalifikasies van swart onderwysers: 1972

| Professionele kwalifikasies met: | | Professioneel ongekwalifiseerd met: | |
|---|---|---|---|
| Universiteitsgraad | 835 | Universiteitsgraad | 60 |
| Matriek of ekwivalent | 5 529 | Matriek of ekwivalent | 300 |
| Standerd 8 | 23 987 | Tegniese of ambagsopl. | 81 |
| Standerd 6 | 14 373 | Laer as matriek | 7 993 |
| Tegniese kwalifikasies | 136 | | |
| Totaal: | 44 860 | | 53 294 |

(Auerbach, 1975:12)

Gedurende 1972 is die indiensopleiding op sekondêre vlak hoofsaaklik deur die Indiensopleidingsentrum te Mamelodi, Pretoria aangebied (Jaarverslag, 1972:64).

In 1976 was net 'n beperkte persentasie van die onderwysers verbonde aan sekondêre skole gegradueerd, maar die meeste onderwysers besit wel professionele kwalifikasies. Daar is 6.8% meer onderwysers aan na-primêre skole wat professionele kwalifikasies besit en wat gegradueerd is, as in 1975 (Jaarverslag, 1976:58).

Volgens N.J.J. Olivier (Hansard (V) 1976, kol.5705-5706) kan die feit dat swart onderwysers met dieselfde kwalifikasies as die blanke onderwysers nie dieselfde betaal word nie, as rede gesien word waarom goedgekwalifiseerde swart onderwysers nie na die onderwys gelok word nie. Hy is ook van mening dat die regeringsbeleid lei tot diskriminasie en dat die vroeëre status van swart onderwysers as gevolg daarvan besig is om te verdwyn.

Die RGN (1981:62) verskaf die volgende statistieke rakende onderwysers se kwalifikasies gedurende 1978:

4.8.4.4 Onderwysers se kwalifikasies vir 1978

| Kwalifikasies | Blank (KOD) | | Kleurling | | Asiër | | Swart | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 1) Met onderwyssertifikaat: | | | | | | | | |
| Graad | 4 571 | 34,33 | 995 | 4,50 | 1 452 | 20,51 | 1 311 | 2,45 |
| St. 10 | 8 743 | 65,67 | 7 563 | 34,22 | 4 685 | 66,16 | 8 601 | 16,09 |
| St. 8 | | | 13 337 | 60,34 | 944 | 13,33 | 33 628 | 62,90 |
| St. 6 | | | 209 | 0,94 | | | 9 921 | 18,56 |
| Totaal | 13 314 | 100,00 | 22 104 | 100,0 | 7 081 | 100,00 | 53 461 | 100,00 |
| 2) Sonder onderwyssertifikaat: | | | | | | | | |
| Graad | 149 | 32,18 | 234 | 7,38 | 29 | 5,16 | 181 | 1,43 |
| St. 10 | 314 | 67,82 | 925 | 29,19 | 308 | 54,80 | 1 755 | 13,90 |
| St. 8 | | | 952 | 30,04 | 225 | 40,04 | 10 688 | 84,97 |
| St. 6 | | | 1 058 | 33,39 | | | | |
| Totaal | 463 | 100,00 | 3 169 | 100,00 | 562 | 100,00 | 12 624 | 100,00 |
| 3) Persentasie sonder onderwyssertifikate | 3,4 | | 12,5 | | 7,3 | | 19,0 | |

Jaarverslae van die onderwysdepartemente

As 'n goedgekwalifiseerde onderwyser beskou word as 'n persoon wat in besit is van minstens standerd 10 en 'n onderwys-sertifikaat of -diploma, dan is die persentasie onvoldoende gekwalifiseerde onderwysers soos volg: blank 3,36, Kleurling 66,14%, Indiër 19,70% en swart 85% (RGN, 1981:60).

Opgradering van swart onderwysers se kwalifikasies was hoog op die prioriteitslys van die Regering. In 1981 het die Departement van Onderwys en Opleiding 135 primêre onderwysers geneem en hulle 'n eenjaar-opleidingskursus aan Soweto se Molapo Tegnikon laat volg. Hierdie onderwysers is daarna na 11 sekondêre skole uitgeplaas. In 1982 het die Stedelike Stigting 'n Onderwysersentrum vir R14 miljoen in Soweto gebou (Chisholm, 1983:363).

4.8.4.5 Onderwysers se kwalifikasies vir 1983/84

| Bevolkingsgroep | % professioneel ongekwalifiseerd | % met St.10 + |
|---|---|---|
| Indiër | 11,0 | 82,3 |
| Blank | 2,3 | 97,0 |
| Kleurling | 8,0 | 40,1 |
| Swart | 16,9 | 23,6 |

(RGN, 1985:31)

Volgens die RGN (1981:66) word die ontoereikende kwalifikasies van Kleurling- en swart onderwysers gesien as 'n uitvloeisel van die "ongelykheid van onderwysvoorsiening".

Die ouderdomsverspreiding van onderwysers hou verskillende implikasies in:

| Ouderdomsgroepe | % van Hoër Primêre onderwysers |
|---|---|
| 20-30 | 51,01% |
| 31-40 | 12,9% |
| 41-50 | 13,8% |
| 60 | 6,9% |

Die getalle bevestig 'n vinnige toename in die aantal onderwysers, maar dit dui ook op 'n hoë uittreesyfer uit die onderwys na 30. Die getalle korreleer met syfers in verband met jare van ondervinding (RGN, 1986 (a):67).

| Jare ondervinding | % onderwysers |
|---|---|
| -1 -10 | 63,96% |
| 10 -15 | 11,4% |
| 16 -20 | 7,2% |
| 21 + | 16,2% |

Die grootste persentasie onderwysers is dus relatief onervare (RGN, 1968 (a): 68).

4.8.5 Onderwyser-leerlingverhouding

n Veelbesproke faset van onderwys vir swart mense is die onderwyser-leerlingverhouding. Die belangrikste punt van kritiek is dat die apartheidsbeleid tot gevolg gehad het dat onderwys vir swart mense 'n uiters ongesonde onderwyser-leerlingverhouding vertoon. Diskriminasie word ook as 'n punt van kritiek aangetoon; veral in die lig van die feit dat ander

bevolkingsgroepe se onderwyser-leerlingverhouding baie gunstiger is as die vir onderwys vir swart mense.

Van regeringskant was daar 'n definitiewe poging om die onderwyser-leerlingverhouding te verbeter (Rowley, 1984:10). Die Regering het daarin geslaag om sowel primêre as sekondêre skole se onderwyser-leerlingverhouding te laat afneem.

4.8.6 Samevatting

Die segregasiebeleid van die Nasionale Party het 'n besliste invloed op die swart onderwysers gehad. Veral die beleid om vroulike onderwysers te bevoordeel het daartoe gelei dat die kritieke tekort aan goedgekwalifiseerde onderwysers toegeneem het. Ten spyte van die Regering se pogings om die tekort aan swart onderwysers uit te skakel, en ten spyte van die groei in getalle, is daar steeds 'n tekort aan swart onderwysers.

Die swak kwalifikasies van swart onderwysers is kommerwekkend. Onder die Nasionale Party is baie gedoen om die probleem uit die weg te ruim en om swart onderwysers se kwalifikasies te verbeter. Die situasie bly egter kommerwekkend. Daar kan nie met sekerheid gesê word dat die segregasiebeleid die probleme in verband met swart onderwysers veroorsaak het nie. Daar kan eerder gesê word dat die Nasionale Party se segregasiebeleid onderwys vir swart mense as 'n afsonderlike aspek op die voorgrond gebring het en daarmee saam ook die unieke probleme van onderwys vir swart mense.

## 4.9 Ouerbetrokkenheid

### 4.9.1 Inleiding

In hierdie gedeelte word daar gelet op die invloed wat die segregasiebeleid gehad het op die ouerbetrokkenheid van swart ouers by die onderwys van hul kinders.

### 4.9.2 Ouerbetrokkenheid in die periode 1950-1984

Een van die primêre oogmerke van onderwys vir swart mense was om vir die swarte die geleentheid te gee om aan sy eie onderwys deel te hê (De Villiers, 1961:98). Volgens die SABRA-verslag (1949/51:10) het die Eiselen-onderwyskommissie aanbeveel dat ouers 'n aandeel in die skoolbeheer en skoollewe moet kry. Die segregasiebeleid het beslis 'n invloed op die maatreëls gehad, want een van die segregasiebeginsels is juis om die swarte in sy eie gebiede geleentheid, seggenskap en beheer te gee sodat hy dit nie in blanke gebiede sou wou eis nie.

In 1954 is gemeenskapsdeelname aan onderwys ingestel deur middel van gedeeltelik-verkose komitees en rade onder die beskerming van die Bantoe-Owerheid (Molteno, 1984:89). In 1954 is oorgeskakel van 'n stelsel van sendingskole na 'n stelsel van gemeenskapskole waarvolgens die swart ouergemeenskap vir die eerste keer 'n aandeel gekry het in die onderwys van hul kinders (Hansard (V) 1968, kol.6872).

Eiselen (1955:9) het in 'n onderhoud met die <u>Rand Daily Mail</u> in Julie 1955 gesê dat die plaaslike beheer oor primêre onderwys alreeds aan 200 nuwe swart skoolrade oorhandig is. Die

skoolkomitees en die skoolrade word saamgestel uit verantwoordelike lede van die swart gemeenskap.

Die Tomlison-kommissie (1955:27) het aangetoon dat hy met die Eiselen-kommissie akkoord gaan dat die swartes aktief moet deelneem aan hul onderwys sodat hulle kan "insien dat dit 'n middel is tot geestelike opbou, maatskaplike vooruitgang, die vermeerdering van volksinkomste en die verryking van die kultuurlewe." Volgens Engelbrecht (1959:317) het die swarte onder die nuwe onderwysbestel seggenskap in die skoolopvoeding van sy kind gekry maar ook medeseggenskap in sake van beleid en beheer.

Duminy (1967:10) beweer dat die plaaslike swart gemeenskappe 'n definitiewe belangstelling in en aanvaarding van verantwoordelikheid vir hulle skole openbaar. Op daardie stadium (ongeveer 1964) was daar reeds 45 000 ouers wat op die skoolkomitees van verskillende skole gedien het. Die skool het nou 'n opvoedkundige invloed op die hele gemeenskap gehad. Volgens Duminy (1967:10) het hierdie nuwe stelsel die inisiatief en ondernemingsgees van swart ouers aangewakker.

Horrell (1964:166) is van mening dat die instelling van skoolrade en skoolkomitees daartoe gelei het dat swart gemeenskappe meer geïnteresseerd geraak het in hul kinders se onderwys. Lede van hierdie liggame doen ook baie waardevolle administratiewe ondervinding op. Daar word tog gemeen dat die stelsel verbeter kan word deur van die lede te vereis om opvoedkundige kwalifikasies te hê, lede eerder te verkies in

plaas van te nomineer, skoolrade en skoolkomitees toe te laat om met belangstellende Blanke opvoedkundiges saam te werk, al is dit net in adviserende hoedanigheid. Eersgenoemde voorstel lyk onbereikbaar veral as 'n mens in ag neem dat bitter min swart onderwysers opvoedkundige kwalifikasies het, wat staan nog die gewone gemeenskapslede.

Teen 1965-66 was daar al ongeveer 56 000 swart mense wat deur middel van skoolkomitees aktief aan die kontrole en administrasie van hul kinders se opvoeding deelgeneem het (Van Dyk, 1966:7).

Volgens die Departement van Bantoe-onderwys (Jaarverslag, 1969:15) is die skoolrade in die tuislande deur die Gebiedsowerhede in niks meer as adviserende liggame verander nie. Die skoolraadstelsel van plaaslike beheer is egter stewig in die blanke gebiede gevestig. In die meeste gevalle lewer hulle diens van onskatbare waarde aan hul gemeenskappe. In die verslag word daar ook daarna verwys dat primêre skole so ver moontlik etnies gegroepeer is. Dit vereis dat ook die skoolkomitees en skoolrade volgens etnisiteit gegroepeer moet word. Die erkenning van etnisiteit wat 'n deel uitmaak van die regeringsbeleid het dus weer eens op ouerbetrokkenheid 'n invloed gehad.

Mawasha (1969:146) onderskei sekere probleme ten opsigte van die stelsel van ouerbetrokkenheid. Eerstens het bitter min indien enige lede in plattelandse gebiede enige kennis van die Westerse konsep van skooladministrasie en -beheer. Die vrees het

ontstaan dat die swart gemeenskappe met hul vlak van ontwikkeling (teen 1969) dit baie moeilik sou vind om sinvol in so 'n komplekse stelsel van beheer en administrasie te werk.

Baie skoolrade, spesifiek dié in groot, plattelandse gebiede, het in effektiewe plaaslike liggame ontwikkel. Hulle neem die inisiatief in en is aktief betrokke by die administrasie en beheer van onderwys vir swart mense (Jaarverslag, 1970;27).

Volgens die Jaarverslag (1970:27) was daar teen 1970 'n toenemende aantal opgevoede en invloedryke swart mense wat op die komitees gedien het. Hierdie mense het 'n baie belangrike bydrae gelewer tot die oplossing van probleme soos die tekort aan onderwysers en aan klaskamerakkommodasie. Die komitees dien ook as positiewe verbinding tussen ouers en skoolrade en het instrumenteel deel aan fondsinsameling.

Die betrokkenheid van swart mense by hulle onderwys het teen 1976 'n toename getoon. Dit is in ooreenstemming met die Regering se beleid dat die beheer en toesig oor onderwys vir swart mense volkome in die hande van die swartes self moet wees. Skoolkomitees vir gemeenskapskole in blanke gebiede word deur die ouers self saamgestel.

Volgens K.D. Swanepoel (Hansard (V) 1976, kol.5758) was daar teen 1976 ongeveer 1 364 skoolkomitees, 155 skoolrade, 253 komiteerade. Hy toon verder aan dat elke liggaam uit ongeveer nege lede bestaan het en dat daar dus ongeveer 16 000 swart

mense by hul onderwys betrokke was. Daar sal gemerk word dat die getalle verskaf deur Swanepoel 'n afname toon ten opsigte van die getalle vir 1966-1967 voorheen verskaf deur Van Dyk (1966:7).

K.D. Swanepoel (Hansard (V) 1976, kol.5759) bevestig dat swart ouers self die komiteerade en skoolrade saamstel deurdat hulle die skoolkomitees saamstel wat op hul beurt die ander komitees en rade saamstel.

Die Minister van Onderwys en Opleiding, T.N.H. Janson (Hansard (S) 1979, kol.2570), beklemtoon dat die wense van die swart ouers in ag geneem word. Hy wys daarop dat dit die rede is waarom daar in Soweto verskillende skoolrade is. Daar is vier skoolrade vir Zoeloes, drie vir Tswanas, een vir Tongas en een vir Vendas omdat die verskillende groepe nie in dieselfde skoolrade wil dien nie.

Alhoewel uit voorafgaande afgelei kan word dat die betrokkenheid van ouers by die onderwys van hul kinders ná 1953 toegeneem het, kan uit die onderhoud van Sam Mabe met dr. F.E. Auerbach afgelei word dat alles nie altyd vlot verloop het nie. In die onderhoud het dr. Auerbach ouers gewaarsku dat nie-deelname in sogenaamde regeringsliggame soos skoolrade en skoolkomitees, die swart kinders meer nadelig raak as wat dit die Regering sal raak (INEG 5141, 11 November 1979:4).

Teen 1986 was die probleme blykbaar uitgestryk, want die Departement van Onderwys en Opleiding (Jaarverslag, 1986:104) het aangetoon dat dit baie tevrede is met die vordering wat met

ouerbetrokkenheid by onderwys vir swart mense gemaak word. Kritiek word ook dikwels gelewer dat die toesig en beheer oor swart skole te amptenaar- en blankegerig is. Volgens K.D. Swanepoel (Hansard (V) 1976, kol.5759) is dit nie waar nie, veral as in ag geneem word dat die ouerorganisasies die wettige werkgewers van hul onderwyspersoneel is.

### 4.9.3 Samevatting

Dit wil voorkom asof die segregasiebeleid 'n besliste invloed op die ouerbetrokkenheid by onderwys vir swart mense gehad het in die opsig dat dit ouerbetrokkenheid aangemoedig en bevorder het.

## 4.10 Onderwysdoelstellings

### 4.10.1 Inleiding

In hierdie gedeelte word die invloed van die segregasiebeleid op die onderwysdoelstellings in die onderwys vir swart mense nagegaan. Daar is 'n definitiewe verband tussen die regeringsbeleid van segregasie en die onderwysdoelstellings in die onderwys vir swart mense. Die segregasiebeleid het ook in die geval van onderwysdoelstellings 'n positiewe en negatiewe invloed gehad.

### 4.10.2 Die onderwysdoelstellings in die periode 1950 tot 1984

Volgens Kgware (1981:17) was die onderwysdoelstelling vir onderwys vir swart mense in 1949 tot 1951 die ontwikkeling van 'n moderne progressiewe kultuur. Skole moes dien as effektiewe agente in die ontwikkelingsproses. Tweedens was die doelstelling die ontwikkeling van die kind se karakter en intellektuele vermoëns en om die kind toe te rus vir sy/haar toekomstige werk en milieu.

Volgens Van Zyl (1972:141) het die Bantoe-onderwyswet (47/1953) 'n nuwe fase in die doelstellings van onderwys vir swart mense ingelui. Die ou sisteem van "Naturelle-onderwys" het vreemd gestaan teenoor die landsbeleid omdat dit nie die gemeenskap gedien het nie. Davie (1955:16) is vas oortuig dat die bedoeling van die Bantoe-onderwyswet (47/1953) was om te verseker dat die onderwys wat die swart kind ontvang, sal verskil van die van die blankes. Hierdie verskil in onderwys

het syns insiens ten doel om 'n onderdanige, minderwaardige status by die swart kind te skep.

Eiselen en die Naturelle-onderwyskommissie (1951:137) onderskei twee doelstellings vir onderwys vir swart mense:

"a) Uit die standpunt van die hele gemeenskap beskou, is die doel van Bantoe-onderwys die ontwikkeling van 'n moderne vooruitstrewende kultuur, met sosiale instellings wat met mekaar en met die ontwikkelende lewenstoestande wat in Suid-Afrika aangetref word, en met die skole wat as doeltreffende middel tot hierdie ontwikkelingsproses moet dien, in harmonie sal wees.

b) Uit die standpunt van die individu, moet die doel van Bantoe-onderwys wees die ontwikkeling van die karakter en verstandelike aanleg van die kind en sy toerusting vir sy toekomstige werk en omgewing."

Vir dr. Verwoerd (1954:7-8) was die belangrikste onderwysdoelstelling vir swart mense die ontwikkeling van die ganse gemeenskap. Die skool moes daarom verseker dat die swart kind die nodige kennis, vaardighede en gesindheid sou verwerf wat tot sy eie voordeel, maar ook tot voordeel van sy gemeenskap sou wees.

Volgens Horrell (1968:136) het politieke vrese aan die kant van die blankes daartoe gelei dat onderwys vir swart mense daarop gemik was om valse verwagtinge te vernietig en om die swart kind op te voed in ooreenkoms met sy lewensverwagtinge. Die swart

kind moes 'n swarte bly en nie 'n blanke wou word nie. Die doel was om die ganse gemeenskap op te voed en nie net die individue nie (Verwoerd, 1955:7). Die nuwe onderwysdoelstelling het sterk klem gelê op die idee van gemeenskapsdiens. Nadat 'n swart kind onderrig en opgevoed is, moes hy sy plek as volwassene in sy eie gemeenskap inneem (Kenney, 1979:188).

'n Gedeeltelike doelstelling van onderwys vir swart mense was om die aantal swart mense wat die gemiddelde vlak van akademiese kwalifikasies bereik, te beperk (Molteno, 1984:90). Daar moes net genoeg swart mense opgelei word om onderwysposte en administratiewe poste in die "bantoestans" te vul. Onderwys is dus volgens Molteno (1984:90) gebruik om die blanke werker te beskerm teen mededinging. G.F. van L. Froneman (Hansard (V) 1968, kol.6889) ondersteun hierdie siening: "Die bedoeling is nie dat hy in mededinging moet kom met die blankes in blanke gebiede nie." In 1966 onderskei H.D.K. van der Merwe (Hansard (V) 1966, kol.4353) vier verskillende doelstellings:

(i) Die fisieke doelstelling behels die ontwikkeling van 'n gesonde liggaam; die aanleer van handvaardigheid, waarnemingsvermoë en die besef van die waarde van praktiese werk,

(ii) Die maatskaplike doelstelling behels die ontwikkeling van 'n gesonde standaard van persoonlike gedrag en lewenshouding, 'n begrip van die gemeenskap en die plek van die individu in die gemeenskap,

(iii) Die verstandelike doelstelling behels die afrigting in

verstandelike vaardighede soos lees, skryf, spel en reken; 'n praktiese kennis van die amptelike tale en 'n mate van kennis van die wereld verder as die onmiddelike omgewing, en

(iv) Die geestelike doelstelling behels die afrigting in die beginsels en uitlewing van die Chirstelike leer.

Engelbrecht (Hansard (V) 1968, kol.6883) beklemtoon dat volksdiens 'n belangrike doelstelling vir onderwys vir swart mense was. Hy stel dit duidelik dat dit juis nie die doel was om deur middel van onderwys 'n gevoel van minderwaardigheid by die swarte te skep nie. Onderwys moes die swart mense in reservate en in die stedelike gebiede gemeenskapsbewus maak (Van der Mescht, 1965:50). Daarom was die onderwysdoel nie om by die swart kind 'n gevoel van afsku teenoor sy eie taal, sy eie kultuur en sy eie volk te skep nie (Hansard (V) 1968, kol.6883).

Alle onderwys moes daarop gerig wees om die leerling voor te berei vir 'n volwasse lewe sodat hy die groots moontlike bydrae kon lewer vir die volk of gemeenskap waartoe hy behoort. By die formulering van 'n onderwysdoel moes nie net die belange van die individu nie, maar ook die belange en probleme van die gemeenskap in ag geneem word (Hansard (V) 1968, kol.6883). Volgens Horrell (1964:157) kan die egtheid van bogenoemde motivering bevraagteken word. Die stelsel berus, volgens haar, op die oortuiging dat swartes en blankes inherent so verskil dat hulle nie in vrede kan saamleef nie.

Die probleem is egter dat die swart kind dikwels nie meer verbonde aan sy gemeenskap- of stamverband is nie. Die onderwysdoelstellings van die blanke en swart kind behoort nie te verskil nie, want hulle word beide as volwassenes in 'n Westerse ekonomiese en sosiale milieu opgeneem (Horrell, 1968:137). Mawasha (1969:144) beklemtoon egter dat die rasseverskeidenheid en die verskeidenheid kulture in die land nie uit die oog verloor moet word by die opstelling van onderwysdoelstellings nie.

Volgens SPRO-CAS (1971:15) was die propagering van afsonderlike ontwikkeling en by implikasie ook afsonderlike swart en blanke gemeenskappe 'n besliste onderwysdoelstelling by swart skole. Van der Mescht (1965:51) onderskei ook twee ander doelstellings, naamlik die behoud van afsonderlike bantoebevolkingsgroepe deur die vestiging en ontwikkeling van hul onderskeie tuislande en deur etniese groepering in die stedelike gebiede en daardeur ook in die skool en tweedens die bevordering van goeie verhoudings tussen blank en swart.

Lewin (1977:124) kom tot die gevolgtrekking dat die onderwyskundiges twee keuses het ten opsigte van die onderwydoelstellings van die swart kinders. Eerstens kan daar opgevoed word om die status quo te behou. Tweedens kan daar opgevoed word om die leerlinge te help om by die veranderende samelewing in te skakel. In 1971 het SPRO-CAS (1971:18) reeds 'n soortelyke voorstel gemaak: "Ons glo dat die onderwys die grond moet voorberei vir wettige, vreedsame en afdoende

verandering sodat mense opgevoed word om die hele gemeenskap te dien."

Uit Dugard (1978:31-32) se opsomming van die basiese doel met onderwys vir swart mense kan afgelei word dat die doelstelling sedert 1953 nie veel verander het nie. Volgens hom was die doelstelling om die swarte voor te berei vir sy/haar lewe in 'n tuisland en as 'n besoeker aan die blanke Suid-Afrika.
"... the aim of our (Black) education is to produce unthinking docile conforming creatures, who can't say "boo" to a goose. We are educated to learn not to rock the boat, not to ask awkward questions." (Tutu, 1978:129.)

In 1984 is daar gepoog om aan die algemene eis vir gelykwaardige onderwys te voldoen. Tog is daar steeds gepoog om genoegsame opgeleide werkers te voorsien (Gardiner, 1984:7).

Van der Walt (1986:7) onderskei 'n verdere probleem ten opsigte van onderwysdoelstellings vir swart kinders. Daar is nie die noodsaaklike kongruensie tussen die opvoedingsoogmerke van primêre en sekondêre onderwys nie. Dit wil voorkom asof die gebrek aan kongruensie daartoe lei dat die aansien van die ouers in die oë van die kinders besig is om te taan. Hoe meer die kinders in die skole ontwikkel, hoe groter word die besef dat hul ouers ongeletterd is en dit lei daartoe dat hulle hul ouers as agterlik beskou en begin minag.

### 4.10.3 Samevatting

Die segregasiebeleid het 'n besliste invloed op die onderwysdoelstellings in die onderwys vir swart mense gehad. Hierdie invloed was in 'n sekere sin positief deurdat dit erkenning aan die swart kind as individu en as lid van 'n gemeenskap gegee het. Die vraag ontstaan egter of die kind wel vir die gemeenskap waarin hy uiteindelik opgeneem word, opgevoed word. Net soos in die geval met die kurrikula vir onderwys vir swart mense, ontstaan ook hier die vraag of die segregasiebeleid rekening gehou het met die veranderde samelewingsomstandighede.

## 4.11 Aandskole

### 4.11.1 Inleiding

In hierdie gedeelte gaan gelet word op die verreikende gevolge wat die segregasiebeleid op die aandskole gehad het.

### 4.11.2 Aandskole in die periode 1950 tot 1984

Die segregasiebeleid het wel 'n invloed op die voortbestaan en funskionering van aandskole gehad. Daar is gepoog om alle onderwys vir swart mense onder die beheer van die sentrale regering te bring (Christie en Collins, 1984:172). Om uitvoering aan die beleid te gee, is daar bepaal dat alle klasse, behalwe dié op blanke plase en in mynkamponge, by die Departement van Bantoe-onderwys moes registreer as hulle aan 10 of meer leerlinge onderrig verskaf (Horrell, 1968:20). Die Regering het die term "aandskool" gedefinieer as "a bantu school for pupils above the age of sixteen who are bona fide employees and who receive primary education." (Bird, 1984:206.)

Wanneer sulke skole in blanke gebiede gelee was, moes die aansoek om registrasie ook vergesel wees van 'n permit van die Groepsgebiederaad (Horrell, 1968:20). Registrasie van aandskole moet ook gereeld hernu word (Bird, 1984:206). Subsidies vir hierdie skole sou gestaak word en munisipaliteite is verbied om verdere toelaes uit die Bantoe Belastingrekening aan sulke skole te betaal (Horrell, 1968:20).

In alle gebiede behalwe reservate moes 'n kind kon bewys dat hy ouer as 16 is en dat hy 'n voltydse werknemer van die gebied was

(Meyer, 1971:296). Dit het tot gevolg gehad dat baie kinders hierdie kans op onderwys moes verbeur. 'n Aandskool in 'n blanke gebied is deur die eienaar, of bestuurder as 'n private skool beheer en geadministreer (Bird, 1984:207). Hierdie eienaar of bestuurder moes egter 'n blanke persoon wees (Meyer, 1971:296).

In die swart stedelike woongebiede is aandskole onder die beheer van die swart skoolrade en skoolkomitees geplaas. Privaat organisasies wat sulke skole bestuur het, moes alle beheer, bates en laste voor 1 Januarie 1958 aan skoolrade of skoolkomitees oordra (Bird, 1984:207). Vrywillige blanke onderwysers is nie meer toegelaat om onderrig in sulke skole aan te bied nie (Horrell, 1968:20).

As gevolg van baie administratiewe en finansiële probleme moes baie aandskole sluit. Volgens Christie en Collins (1984:172) het die nuwe maatreëls van die Regering daartoe gelei dat "feitlik alle" aandskole moes sluit. Bird (1984:207) wys daarop dat al die Durbanse aandskole gesluit het en dat die Kaapse Nie-blanke Aandskool-assosiasie verplig was om vier skole aan swart skoolkomitees oor te dra en die ander moet sonder enige subsidies bestuur word.

As gevolg van die beperkende maatreels moes baie kinders nou ander, nuwe aandskole bywoon. Agt aandskole in Pretoria alleen moes sluit as gevolg van probleme met vervoer. Die aandskole wat nie gesluit is nie, is oorgeplaas in die hande van die Departement van Bantoe-onderwys (Bird, 1984:207).

In 1953-54 was die aantal studente aan aandskole ongeveer 12 000. Die sluiting van so 'n groot aantal aandskole het dus 'n merkbare daling teweeggebring in die aantal swart mense wat onderwys ontvang het. Dit wil voorkom asof die Regering onderwysvoorsiening sou verminder eerder as om toe te laat dat dit buite regeringsbeheer funksioneer (Christie en Collins, 1984:172).

Die skole wat wel voortbestaan het, is van permitte en registrasiedokumente voorsien. Hierdie registrasie is in 1958 en 1966 hernu, maar in 1967 is organiseerders in kennis gestel dat geen hernuwings na Desember 1967 gedoen sal word nie (Horrell, 1968:20). Bird (1984:207) wys daarop dat baie aansoeke om registrasie na 1958 nie eens beantwoord is nie.

Swart aandskole in Johannesburg en Kaapstad is in 1968 gesluit. Mev. H. Suzman (Hansard (V) 1968, kol.6870) het aan die Minister van Bantoe-onderwys gevra waarom die regering so 'n drastiese stap gedoen het. Die regering se verweer was dat die skole inbreuk maak op die Groepsgebiedewet. Volgens Minister B. Coetzee (Hansard (V) 1968, kol.6915) het die sluiting van die spesifieke skole nie die einde van aandskole beteken nie. Die aandklasse is nou net verskuif na waar die swartes hulself bevind, naamlik swart dorpe.

Mev. H. Suzman (Hansard (V) 1968, kol.6870) wys egter daarop dat blankes wat verantwoordelik was vir die grootste gedeelte van die onderwys aan aandskole, nie swart dorpe mag binnegaan nie. Sy wys verder daarop dat daar 230 leerlinge by die Kaapse

aandskole ingeskryf was en 550 by die Johannesburgse skole. Hierdie kinders het dus onderwys verbeur as gevolg van die Regering se sluiting van aandskole.

Minister M.C. Botha (Hansard (V) 1969, kol.6187) het die volgende statistieke in 1969 verskaf:

* Aantal aandskole en voortsettingsklasse in blanke gebiede en swart dorpe: 41
* Aantal aandskole en voortsettingsklasse in swart gebiede: 13
* Aantal onderwysers by eersgenoemde: 149
* Aantal onderwysers by aandskole in laasgenoemde: 48

4.11.3 Samevatting

Dit is dus duidelik dat die segregasiebeleid beslis die bestaan en funksionering van aandskole negatief beïnvloed het. Dit was veral die beginsel van territoriale skeiding wat hierdie invloed uitgeoefen het.

## 4.12 Onderrigmedium

### 4.12.1 Inleiding

In hierdie gedeelte gaan daar gelet word op die invloed van die segregasiebeleid op die onderrigmedium vir swart skole. Veral die beleid van moedertaalonderrig en die beleid van die 50-50 gebruik van Engels en Afrikaanse as onderrigmedium word ondersoek.

### 4.12.2 Algemeen

Vanaf 1950 is 'n spesifieke poging aangewend om swart skole, soos Molteno (1984:89) dit noem, te "Bantu-ise". Die erkenning van die etnisiteit en eie identiteit van swart leerlinge was ook deel van die onderwysbedeling. Daarvan is die erkenning van moedertaal as onderrigmedium in laer en hoër primêre klasse die bewys (Truter, 1981:273). Die apartheidsbeleid het dus ook op die onderrigmedium 'n bepalende invloed gehad. Volgens Rousseau (1974:43) kon die nuwe stelsel gesien word as 'n nasionale bewusmakingsproses.

### 4.12.3 Beleid

In 1951 het die Eiselen-onderwyskommissie (1951:152) drie belangrike aanbevelings gemaak. Eerstens, dat ook die swart kind die reg het om te verwag dat hy sal kan verstaan wat aan hom onderrig word. Tweedens, dat daar erkenning gegee moes word aan die ekonomiese waarde van die amptelike tale, en derdens, dat die leerling se taalbehoeftes in latere stadia van sy onderwys in ag geneem moes word.

Die regeringsbeleid bepaal dat die kind in die primêre skool deur middel van sy moedertaal onderrig moet word (Hansard (S) 1975, kol.4338). Volgens Horrell (1964:164) het die gebruik van swart tale as onderrigmedia in 1959 verpligtend geword en was dit die Regering se oogmerk om die beleid toenemend ook op sekondêre onderwys van toepassing te maak. Daar kan 'n direkte verband tussen die beleid en die segregasiebeleid gelê word. Met die klem op die gebruik van swart tale as onderrigmedium, het die Regering net een doel voor oë gehad, naamlik die bevordering van nasionale trots in die verskillende nasionale en etniese groepe en om stamverbondenheid te bevorder (Mphahlele, 1982:12).

Volgens dr. A.P. Treurnicht (Hansard (V) 1976, kol.5766) was moedertaalonderrig verpligtend ten tye van Bantoe-onderwys (1953-1978), tot en met standerd 4. Mphahlele (1982:11) verwys egter na verpligte moedertaalonderrig tot en met standerd 6. Volgens Duminy (1967:136) was dit die beleid van die Departement van Bantoe-onderwys dat 'n verandering vanaf moedertaalonderrig na die gebruik van die amptelike tale slegs mag plaasvind aan die begin van die sekondêre onderwys.

Ten opsigte van sekondêre onderwys was die beleid van die Departement van Bantoe-onderwys dat albei amptelike tale as onderrigmedium op 'n gelyke basis gebruik moet word (Jaarverslag, 1969:12).

In 1976 het B.W.B. Page (Hansard (V) 1976, kol.5736) verklaar dat alle leerlinge in swart stedelike sekondêre skole wat hulle in blanke stedelike gebiede bevind ingevolge regulasies twee of drie vakke in Engels en twee of drie vakke in Afrikaans moes neem en eksamens moes in albei amptelike tale van die land afgelê word. By alle ander sekondêre skole in die tuislande is die leerlinge toegelaat om die eksamen in een van die amptelike tale af te lê. Dit wil byna voorkom asof die beleid ten opsigte van die onderrigmedium gebruik is as instrument om die swart mense na tuislande te kanaliseer.

Volgens dr. A.P. Treurnicht (Hansard (V) 1976, kol.5766) is die beleid van 50% Afrikaans en 50% Engels in sekondêre skole op so 'n toegeeflike manier toegepas dat onderrig in matriek in die praktyk byna 100% Engels was. In tuislande is die moedertaal as onderrigmedium tot standerd 3 gebruik en dan is oorgeskakel na Engels (Hansard (S) 1875, kol.4338-4339).

Volgens Truter (1981:281) is daar gepoog om die beleid ten opsigte van die onderrigmedium te wysig, maar het die wysiging nooit in werking getree nie. Die wysiging sou behels dat alle nie-eksamenvakke deur middel van die moedertaal onderrig moes word. Verder sou die onderrigmedium òf uitsluitlik Afrikaans òf uitsluitlik Engels of Afrikaans en Engels op 'n 50-50-basis wees. In 1974 is daar egter aangekondig dat beide amptelike tale steeds op 'n 50-50 basis as onderrigmedium gebruik moes word en dat toestemming vir enige afwyking verkry moes word (Truter, 1981:281).

Na die 1976-opstande en die skoolboikotte is besluit dat swart skole onder die beheer van die sentrale onderwys= departement vir swartes self kan besluit oor die keurse van die onderrigmedium. Die skoolrade of skoolkomitees kon so 'n keuse uitoefen. In die meeste skole het die keuse op Engels geval (Jaarverslag, 1976:58). Die Minister van Bantoe-onderwys het op 19 Junie 1976 die beleid in verband met die onderrigmedium vir die swart leiers uiteengesit. Moedertaalonderrig sou steeds verpligtend wees tot en met standerd 4; daarna word die keuse aan die skoolrade en skoolkomitees oorgelaat (Truter, 1981:286-287). Die keuses was: Engels as onderrigmedium maar met voorsiening vir twee ekstra periodes vir Afrikaans, of Afrikaans as onderrigmedium maar met voorsiening vir twee ekstra periodes vir Engels. Godsdiensonderrig, Musiek en Sang moes deur middel van die moedertaal onderrig word (Jaarverslag, 1976:58). 'n Alternatiewe keuse was die gebruik van Engels en Afrikaans onderskeidelik as onderrigmedium vir sekere vakke (Truter, 1981:286-287).

Volgens Behr (1988:102) was die onderrig van Sub A tot Standerd 2 in die moedertaal van die kind. Van Sub B af word een amptelike taal as onderrigmedium ingevoer. Die ander amptelike taal word in standerd 1 ingevoer. Van standerd 3 af kan die ouerkomitee besluit wat die onderrigmedium moes wees.

Die Regering het sy beleid ten opsigte van die onderrig in 'n witskrif (1983:40) soos volg uiteengesit:

(i) Moedertaal as medium gedurende die inleidende fase en daarna òf Engels òf Afrikaans na oorlegpleging met die

betrokkenes, geleidelike oorgang word aanbeveel, of

(ii) Gebruik van die moedertaal as onderrigmedium gedurende die duur van verpligte onderwys.

Daar is ook besluit dat swart leerlinge die reg behou om hul moedertaal as hooftaal vir eksamendoeleindes aan te bied, afgesien van die taal wat as onderrigmedium gekies is.

4.12.4 Motivering vir moedertaalonderrig

"Mother tongue teaching is indeed the birth-right of every human being." (Mouton, 1978:56.) Voor 1948 was die onderrigmedium albei amptelike tale en spesifiek Engels. Die gevolg was dat die swart kind nie in staat was om te verstaan wat aan hom onderrig word nie. Aan die ander kant het die blanke kind wel die voorreg gehad om deur middel van sy moedertaal onderrig te word (Van Dyk, 1966:6). Dit was dus nodig om die beleid ten opsigte van die onderrigmedium te wysig sodat ook die swart kind deur middel van sy moedertaal onderrig kon word.

Volgens J.C. Otto (Hansard (V) 1972, kol.7061) was die regeringsbeleid van moedertaalonderrig gegrond op opvoedkundige en volkekundige redes. 'n Kind kan nie suksesvol onderrig word as hy nie deur middel van sy moedertaal onderrig word nie. Die Departement van Bantoe-onderwys (Jaarverslag, 1971:12) het beklemtoon dat deur middel van moedertaalonderrig die kind in staat gestel word om basiese begrippe beter te verstaan. Dit lei verder tot doeltreffende onderrig en verbeterde resultate.

'n Besliste voordeel van moedertaalonderrig is dat dit blote memorisering sonder begrip uitskakel (Duminy, 1963-64:106).

Mawasha (1969:141) stel dit duidelik dat betekenislose memorisering en leer sonder insig en begrip geassosieer kan word met 'n gebrekkige beheer oor die taal waarin onderrig ontvang word. Wanneer 'n kind deur middel van 'n vreemde taal onderrig word, verloor hy belangstelling in die werk en gooi hy dikwels vroeg-vroeg in sy skoolloopbaan tou op (Duminy, 1967:142).

Beyers Nel (1967:205) som ook die effek van 'n vreemde onderrigmedium op die kind in twee woorde op: "verwarring en vertraging". As die kind in die leersituasie met 'n vreemde taal, dus 'n taal wat hy swak beheer en begryp, gekonfronteer word, sal die taal in plaas van 'n hulpmiddel, 'n remming in begripsvorming wees. Die Departement van Bantoe-onderwys (Jaarverslag, 1972:36) het ook daarop gewys dat die moedertaal die peil van onderrig verbeter.

Die intellektuele ontwikkeling van die kind, die heroriëntasie van sy denke, gevoelens, emosionele lewe, die aanpassing van sy denkproses en die inkleding van sy idees in taal kan net deur middel van sy moedertaal geskied (Duminy, 1967:144). Die moedertaal is die natuurlike medium waardeur uitdrukking gegee word aan begrippe, gedagtes en ervarings. Duminy (1963-63:106) stel dit duidelik dat as die kind se taal genegeer word, sal dit 'n katastrofale uitwerking sal hê op die kind se skoolloopbaan.

Beyers Nel (1967:207) ondersteun bogenoemde siening deur te wys op die feit dat die kind met sy toetrede tot die skool reeds in besit is van 'n kennis-verwysingsraamwerk en denkgewoontes wat deur sy besondere kultuurmilieu gevorm is. Hierdie kennisinhoud en denkgewoontes is deur middel van sy moedertaal as voorstellinge in sy psigiese struktuur opgeneem. Wanneer die kind die skool betree, is die taal wat hy die beste ken en verstaan, sy moedertaal. Hy kommunikeer met die wêreld rondom hom deur middel van sy moedertaal, met ander woorde hy dink en maak ook sy denke bekend deur middel van sy moedertaal. Dit is daarom essensieel dat die taal wat hy die beste ken en verstaan, gebruik word as beginpunt in sy onderwys (Mawasha 1969:140).

Volgens die Departement van Bantoe-onderwys (Jaarverslag, 1970:10) kan die verbeterde eksamenuitslae teen 1970 hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat moedertaal in primêre skole as onderrigmedium gebruik moes word. In baie lande word vreemde tale baie suksesvol onderrig sonder dat hulle as onderrigmedium gebruik word. Volgens Duminy (1967:144) is dit 'n duidelike bewys dat moedertaalonderrig nie die onderrig van vreemde tale belemmer nie.

'n Definitiewe voordeel van moedertaalonderrig is dat die ontwikkeling van bantoetale bevorder sal word deur middel van die byvoeging van nuwe woorde en konsepte (Mawasha, 1969:139). Moedertaalonderrig kan 'n positiewe bydrae lewer tot die ontwikkeling van swart tale en die algemene swart gemeenskap (Eiselen-onderwyskommissie 1951:137). Volgens Duminy (1967:138) sal die miskenning van die moedertaal as onderrigmedium ook

lei tot die vernietiging van die swarte se waardes, tradisies, kultuur, kennis van die swart mense as sodanig en hul volkswees. Moedertaalonderrig is 'n instrument waardeur die nasionale samehorigheidsgevoel bevorder en behou word. Die moedertaal is die draer van kultuur (Mawasha, 1969:137-138).

Volgens Shingler (1973:278-284) is die motivering vir die Regeringsbeleid te vind in die Christelik-nasionale idee van afsonderlike ontwikkeling. Deur middel van moedertaalonderrig moes die behoud van kulturele identiteit van die swart mense verseker word.

SABRA (1949-51:10) gee ook erkenning aan die feit dat moedertaalonderrig van onskatbare waarde is by die uitbreiding van die letterkundige skatte van swart tale.

'n Verder belangrike motiveringspunt ten gunste van moedertaalonderrig word deur Meyer (1971:268) geïdentifiseer. Hy wys daarop dat geestesvorming slegs deur middel van die moedertaal kan geskied. Geestesvorming van die mens moet deur onderwys aangespreek word ten einde die volle ontplooiing van die kind te verseker.

Die moedertaal is die belangrikste medium van kommunikasie (Duminy, 1967:137). Onversteurde kommunikasie tussen leerling en onderwyser is voorvereiste vir suksesvolle onderrig-leer. Die kind moet deur middel van sy moedertaal onderrig word om homself te ontdek (Duminy, 1967:141). Die moedertaal is deel van die kind se hele persoonlikheid en as hy homself nie deur

daardie taal kan ontdek nie, bestaan die gevaar dat hy nooit tot sinvolle selfuitdrukking sal kom nie.

### 4.12.5 Kritiek op die regeringsbeleid van moedertaalonderrig

Kritiek op die regeringsbeleid van moedertaalonderrig het nie uitgebly nie. Horrell (1964:64) is van mening dat die beleid oorhaastig ingevoer is en dat die noodsaaklike terminologieë en abstrakte wetenskaplike terme nog nie in die swart tale bestaan het nie. Handboeke was nog nie in swart tale beskikbaar nie. Volgens Engelbrecht (1959:318) is die feit dat daar nie die nodige terminologie in vakke soos Natuurstudie, Gesondheidsleer en Rekenkunde in swart tale bestaan het nie, toe te skryf aan die feit dat swart tale voorheen as medium verwaarloos is.

Die Regering was bewus daarvan dat die gebrek aan terminologie en handboeke in swart tale probleme kon veroosaak en daarom het die Departement van Naturellesake daadwerklike stappe gedoen om die probleme uit die weg te ruim. Die Naturelle-onderwys=kommissie onder voorsitterskap van Eiselen (1951:137) het in 1951 al aanbeveel dat daadwerklike stappe gedoen moet word "om leesstof van funksionele waarde in die bantoe tale voort te bring". Die kommissie het verder daarop gewys dat swart tale nie oor die terminologie beskik om moderne wetenskaplike begrippe uit te druk nie en dat hul syferstelsels lomp en moeilik hanteerbaar is. Hierdie struikelblokke moes eers uit die weg geruim word.

Sewe swart komitees is aangestel om aandag te gee aan terminologie, handboeke en vertaalwerk in die sewe swart tale.

Daar is ook 'n swart taalraad aangestel om aandag te gee aan beleidsake en probleme in verband met swart tale. Vir elke swart taal is daar 'n swart komitee aangestel wat boeke in die swart taal vir gebruik in primêre skole aan 'n Sentrale Boekekomitee vir goedkeuring moes voorlê (Meyer, 1971:273-274).

'n Vakkomitee vir swart tale moes vakkurikula vir swart tale hersien en vraestelle vir swart tale vir na-primêre eksamens modereer. Vir elk van die sewe swart tale is 'n inspekteur en taalopsigter aangestel om alle taalsake vir die besondere taal te behartig (Meyer, 1971:275). Volgens Mphahlele (1982:12) moes hierdie komitees egter oorhaastig te werk gaan omdat daar sekere sperdatums vasgestel is. Die gevolg van die oorhaastige werk was dat die terminologiee en boeke kunsmatig voorgekom het en ook vir die kinders vreemd was. "Black education thus became a monstrosity of three foreign languages."

'n Verdere punt van kritiek wat teen die gebruik van die moedertaal as onderrigmedium ingebring word, is dat die swart tale nie oor die nodige woordeskat beskik het om as onderrigmedium gebruik te word nie. Duminy (1967:149) is egter van mening dat die swart tale se woordeskatte uitgebreid genoeg is om as onderrigmedium in primêre skole gebruik te kan word. As onderrigmedium in sekondêre skole is die woordeskat egter nog te beperk.

Die beleid van moedertaalonderrig het tot gevolg gehad dat daar vir sewe verskillende swart tale voorsiening gemaak moes word. Dit het baie administrasie vereis en ook dat swart skole

noodwendig op etniese grondslag gegroepeer moes word sodat kinders van elke besondere taalgroep deur middel van hul eie moedertaal onderrig kan word (Van der Mescht, 1965:245). In stedelike gebiede waar daar 'n klomp verskillende taalgroepe saamgetrek is, lewer die groepering op etniese grondslag probleme op (Van der Mescht, 1965:245).

Sterk ouerlike teenstand is ook ten opsigte van die beleid van moedertaalonderrig ontlok (Shingler, 1973:284). Die beleid is een van die hoofoorsake van die wantroue in die stelsel van onderwys vir swartes (Conference, 1969:11). Moedertaalonderwys en alle ander onderwysaspekte wat verband hou met die bewaring en behoud van kultuurverskille word deur swart mense gekategoriseer as "onderwys vir barbarisme." (Leonard, 1970:158).

### 4.12.6 Motivering vir die beleid van die 50-50-gebruik van die amptelike tale as onderrigmedium

RGN (1986 (a): 23-24) onderskei drie redes waarom Engels nie alleen as onderrigmedium gebruik kan word nie. Eerstens is nie alle onderwysers in staat om Engels as onderrigmedium te gebruik nie. Tweedens ondersteun die milieu waar die kinders leef nie Engels as onderrigmedium nie en dit het tot gevolg dat leer slegs tot die skool en die klaskamer beperk word. Derdens, as gevolg van baie redes, is baie mense nie in staat om Engels te gebruik as 'n wyse om kennis te verwerf, te berg en oor te dra nie.

Die regeringsbeleid was die geleidelike invoering van die

amptelike tale in die primêre skole sodat die leerlinge reeds in staat is om die tale te praat en te verstaan wanneer hulle met hulle sekondêre skoolloopbaan moet begin (Van Dyk, 1966:6). Die belangrikste motivering vir die beleid van die 50-50-gebruik van Engels en Afrikaans as onderrigmedium is dat die swart kinders in die blanke gemeenskap moet werk vind en dan is 'n kennis van albei tale onmisbaar (Kenney, 1979:119). Ook Truter (1981:179) wys daarop dat swart leerlinge 'n goeie kennis moet hê van Afrikaans met die oog op die praktiese vereistes van die blanke werksgemeenskap.

### 4.12.7 Kritiek op die beleid van die 50-50-gebruik van die twee amptelike tale as onderrigmedium.

Die eerste punt van kritiek wat teen die beleid van albei amptelike tale as onderrigmedium ingebring word, is dat dit 'n diskriminerende beleid is. A.L. Boraine (Hansard (V) 1976, kol.5731-5732) wys daarop dat swart kinders die enigste groep is wat op die wyse gestrem word. Hy vra dan ook waarom swart leerlinge nie dieselfde keuses kan geniet as wat blanke, Kleurling-, Chinese en Indiërkinders geniet nie.

Die tweede punt van kritiek is dat die beleid die taak van die onderwysers bemoeilik. Volgens die Departement van Bantoe-onderwys (Jaarverslag, 1971:14) is die meeste onderwysers tot en met die Junior Sertifikaat-klasse in staat om Engels en Afrikaans as onderrigmedium te gebruik. Van standerd 4 af word probleme egter ondervind omdat die onderwysers nie genoegsame ondervinding het om die vereiste standaard in Afrikaans as onderrigmedium te bereik nie. Baie onderwysers onderrig dan net

eenvoudig in Engels. Duminy (1967:147) wys daarop dat baie onderwysers slegs in een van die twee amptelike tale opgelei is. B.W.B. Page (Hansard (V) 1976, kol.5737) brei op die punt uit deur te wys op die ontsaglike geestelike en emosionele aanpassing wat dit van die onderwyser verg om verskeie kere per dag van die een taal na die ander oor te skakel. Daar moet in gedagte gehou word dat Afrikaans in die jare van sendingonderwys 'n beperkte rol in onderwys vir swart mense gespeel het. Die nuwe bedeling van die 50-50-gebruik van die amptelike tale as onderrigmedium het tot gevolg gehad dat daar nie voldoende onderwysers was om die helfte van die vakke in Afrikaans aan te bied nie (Truter, 1981:278). Volgens Malan (1990:59) wou die Regering verhoed dat die swart kinders verengels en daarom moes sommige vakke in Afrikaans aangebied word, ten spyte van die feit dat baie onderwysers skaars Afrikaans kon praat.

Die regeringsbeleid het ook verreikende invloed op die leerlinge gehad. Volgens B.W.B. Page (Hansard (V) 1976, kol.5737) het die voortdurende oorskakeling van Engels na Afrikaans geestelik en emosioneel baie van die kinders geëis. Dit moes baie traumaties wees om tegnologiese terme in twee amptelike tale te probeer memoriseer. Dit moet egter ook in gedagte gehou word dat die terme nie in die moedertaal bestaan het nie.

Volgens die RGN (1986 (a):3) beskik baie leerlinge nie oor die vermoe om die vreemde tale te beheer en te gebruik nie. Dit lei tot verskeie probleme. Eerstens was die leerlinge nie in staat om die onderrig te verstaan nie en dit het gelei tot 'n hoë druip- en skoolverlatingsyfer. Die standaard van die Engels wat die onderwysers gebruik, is baie laag en het volgens die

RGN-verslag (1986 (a):35) 'n definitiewe aandeel gehad aan die swak matriekuitslae. Die leerlinge was dikwels nie in staat om vir die eksamen voor te berei nie omdat hulle nie Engels as taal bemeester het nie (RGN, 1986 (a):35).

Corke (1978:105) beskou die gebrek aan vertroue in die gebruik van Afrikaans en Engels as 'n beperkende faktor in die vordering van sekondêre skole na universiteite. Die RGN-verslag (1986:5) wys ook daarop dat die terugslag wat die kinders as gevolg van die taalmedium kry, nog steeds teenwoordig is as hulle die tersiêre instellings besoek. Die wat dan later weer die onderwysprofessie betree, is dan steeds onbevoeg om Engels te bemeester.

'n Verdere gevolg van die beleid was teenkanting van die persone wat in beheer was van plaasskole. Volgens W. Groenewald (Hansard (S) 1975, kol.4439) was die Afrikaanssprekende boere omgekrap omdat hulle na die medium van Engels moes oorgaan.

Volgens die RGN (1986 (a):47) was die handboeke wat in die twee amptelike tale beskikbaar was, te gevorderd vir die taalvermoë van die leerlinge.

Die taalkwessie en spesifiek Afrikaans as onderrigmedium het ook tot onrus en opstande gelei. Die Cillié-kommissie (1980:537) identifiseer die feit dat Afrikaans verpligtend as onderrigmedium gebruik moes word, as 'n belangrike bydraende faktor tot die 1976-opstande.

Volgens Malherbe (1977:138) was daar geen kritiek op die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium in gebiede waar Afrikaans die

tweede taal van die swart mense is nie, soos byvoorbeeld in plattelandse gebiede. Maar in Soweto en ander groot stedelike swart gebiede is Engels die tweede taal en in baie gevalle praat die kinders glad nie Afrikaans nie. Selfs die hoofde van skole in die swart stedelike gebiede wys daarop dat hulle nie personeel het om sommige vakke in Afrikaans te onderrig nie.

### 4.12.8 Samevatting

Die segregasiebeleid het dus wel invloed op die beleid van moedertaalonderrig en die 50-50-gebruik van die twee amptelike tale as onderigmedium gehad. Die situasie lyk donker aangesien dit wil voorkom asof nog moedertaal, nog Engels, nog die 50-50-gebruik van Afrikaans en Engels, nog 'n kombinasie van al drie tevredeheid kan waarborg. Dit wil voorkom asof die vind van 'n oplossing vir die probleem nie in die hande van die opvoedkundiges is nie, maar dat dit 'n politieke aangeleentheid is.

## 4.13 Fasiliteite

### 4.13.1 Inleiding

In hierdie gedeelte gaan daar gelet word op die invloed van die segregasiebeleid op die voorsiening van onderwysfasiliteite aan swart mense. Daar word gelet op die kwalitatiewe en kwantitatiewe verskil in voorsiening van onderwysfasiliteite aan verskillende bevolkingsgroepe.

### 4.13.2 Die segregasiebeleid se invloed op die voorsiening van onderwysfasiliteite

G.A. Rall (Hansard (V) 1961, kol.3661) lewer kritiek op die feit dat die Bantoe-onderwyswet (47/1953) daartoe gelei het dat talryke swart skole moes sluit of aan die eise van die wet moes voldoen. Die eise was of om die skole onder staatsbeheer te plaas, of om die skole privaat te bestuur maar dan met 'n baie lae subsidie (Atkinson, 1978:227). Volgens die Bantoe=onderwyswet (47/1953) sou die Departement van Bantoe-onderwys alle swart staatskole koshuise, woonkwartiere vir onderwysers en 'n skoolkliniek voorsien en instand hou (Hansard (V) 1961, kol.3646). Aan die gemeenskapskole sou slegs 'n subsidie verskaf word vir die instelling en instandhouding van skole asook vir salarisse (Hansard (V) 1961, kol.3646).

Die verskil in voorsiening van fasiliteite aan verskillende bevolkingsgroepe is in 'n groot mate te wyte aan die bestaan van verskillende onderwysdepartemente (RGN, 1981:85). Staats-ondersteunende onderwysgeriewe word gesegregeer op 'n rasse- en

etniese grondslag. Die verskille ten opsigte van fasiliteite wat vir blankes en swartes verskaf word, is nie net op grond van kwantiteit nie, maar ook ten opsigte van kwaliteit te sien. Tutu (1978:128) skets die volgende prentjie: "Black children pass by your well appointed schools, well built, well watered, with close shaven lawns, with splendidly laid out sports fields and then they must go to their overcrowded thoroughly deprived schools..."

Volgens SPRO-CAS (1971:15) is die weerhouding van toegang tot enige staatsonderwysinrigting op grond van ras, geloof, kultuur of taal onaanvaarbaar.

Die Groepsgebiedewet, as essensiële deel van die segregasiebeleid, het besliste invloede op die voorsiening van onderwysfasiliteite gehad. Kane-Berman (1981:184) wys daarop dat die Regering se begeerte om die getal swart mense in blanke gebiede so laag as moontlik te hou baie duidelik gestel is deur die Minister van Bantoe-onderwys in 1959. Die Minister het toe aangekondig dat dit regeringsbeleid is dat veral na-primêre skole in stedelike gebiede beperk moes word. W.T. Webber (Hansard (V) 1968, kol.6886) toon aan dat alhoewel een derde van die swart bevolking in stedelike gebiede aangetref word, die minste swart skole in die gebiede is.

Die Regering wou sosiale gelykstelling vermy en dit kon onder andere verkry word deur nie gesamentlike onderwysinrigtings toe te laat nie (Barnard, 1967:39). Volgens Kane-Berman (1981:184) kan 'n verklaring vir hierdie beleid gevind word in die feit dat

die toekoms van die swart matrikulant volgens die Regering in die tuislande gelê het. Hierdie beleid was ook deel van die instromingsbeheer.

In 1969 was daar reeds 11 440 swart mense in Imbali woonagtig, maar daar was net een laer primêre skool met 10 klaskamers om 800 leerlinge te huisves. Teen 1968 was daar reeds 1 200 laer primêre skoliere. Net buite die dorp was daar 'n gekombineerde hoër en laer primêre skool wat 550 leerlinge kon huisves. Daar is voorsien vir 1 350 leerlinge, maar daar was reeds 'n leerlingpotensiaal van 4 000 (Hansard (V) 1968, kol.6886). Die beleid dat skole so ver moontlik in tuislande gevestig moes word, het dus tot gevolg gehad dat daar 'n tekort aan skole in stedelike gebiede ontstaan het.

Daar is min sekondêre skole in blanke stedelike gebiede. Die regeringsbeleid is dat daar nie meer sekondêre skole in stedelike gebiede opgerig moes word nie, maar dat die aantal sekondêre skole in swart tuislande vermeerder moes word (De Villiers, 1961:106).

Kane-Berman (1981:185) toon aan dat 58% van alle swart primêre skole in blanke gebiede is, maar dat slegs 19% van die sekondêre skole in blanke gebiede is. Tog besoek 37% van alle swart sekondêre leerlinge skole in blanke gebiede. Daar is in 1977 in ooreenstemming met regeringsbeleid slegs 18 nuwe skole in blanke gebiede opgerig maar 175 in swart tuislande.

Hierdie beleid lei daartoe dat gesinne opgebreek word, want die kinders moet nou na 'n tuisland gestuur word vir sekondêre

onderrig. Baie ouers het nie die geld om hul kinders na skole in die tuislande te stuur nie en die gevolg is dat sulke kinders dus sekondêre onderwys moet ontbeer (Hansard (V) 1968, kol.6887). Slegs welgestelde swart ouers kan bekostig om hul kinders na koshuise in tuislande te stuur (Conference, 1969:9).

As die ouers die kinders wel na sekondêre skole kan stuur, beteken dit dat die kinders juis wanneer hul op hul ontvanklikste is sonder die dissipline van hul ouers is. Boonop is daar ook 'n chroniese tekort aan klaskamerruimte by sekondêre skole.

Een van die redes vir die beleid was dat die Regering wou verseker dat die kinders nie van hulle volksgenote en tradisies vervreemd sou raak nie, maar dat hulle in staat sou wees om, nadat hulle onderwys voltooi is, die leiding onder hulle volksgenote te neem (Barnard, 1967:39).

Besteding aan onderwysfasiliteite is dikwels in die kollig. Sedert 1953 was daar hoofsaaklik sprake van gesubsidieerde of staatsondersteunde onderwys. Die Departement van Bantoe=onderwys was egter afhanklik van ander instansies wanneer dit gekom het by die oprigting van fasiliteite en die voorsiening van noodsaaklike geriewe (Hansard (S) 1979, kol.2541). Die Minister van Onderwys en Opleiding, T.N.H. Janson, (Hansard (S) 1979, kol.2541) het in 1979 erken dat die stelsel daartoe gelei het dat daar ten opsigte van onderwysvoorsiening vir swart mense 'n agterstand in vergelyking met ander bevolkingsgroepe opgebou is.

In 1955 het dr. Verwoerd (1955:19) aangekondig dat alle behuisingskemas, erf- en diensskemas outomaties voorsiening sou maak vir skoolakkomodasie en dat die uitgawes op dieselfde wyse verhaal sou word as dié ten opsigte van die huise self. SPRO-CAS (1971:30) het hom sterk uitgespreek teen die feit dat swart ouers moet help om die kostes van skoolgeboue te dra, terwyl hierdie uitgawe in die geval van ander bevolkingsgroepe uit die "Algemene Inkomste Rekening" betaal word. Die finansiering van die oprigting van primêre en laer sekondêre skole in stedelike gebiede is in die hande van die stedelike plaaslike besture. Hierdie besture kon op hul beurt 'n heffing plaas op alle swart gesinshoofde om die nodige fondse in te samel (SPRO-CAS, 1971:30).

Die taak om skole op te rig is in die 1970's van die plaaslike besture oorgeplaas na die Administrasierade. Maar ten spyte van die verpligte betaling deur inwoners van swart dorpe vir die oprigting van skole, is min gedoen (INEG 1749, 31 Maart 1981:4). In 1979 is die verantwoordelikheid vir die oprigting van skole oorgedra aan die Departement van Onderwys en Opleiding. Die Departement van Onderwys en Opleiding moes die grootste gedeelte van sy fondse gebruik om net die geboue wat die Aministrasierade reeds begin het, te voltooi (INEG 1749, 31 Maart 1981:4).

Vanaf die vroeë 1980's het die Regering dus die uitdaging om genoegsame onderwysfasiliteite aan die vinnig groeiende swart bevolking te verskaf, aanvaar. Die Regering het dan ook baie goeie vordering gemaak (Anon., 1990:7). Daar is veral

aandag gegee aan die oprigting van laboratoriums en biblioteke by sekondêre skole (INEG 1372, 21 Maart 1979:3).

Privaat agentskappe maak groot bydraes tot die oprigting van onderwysfasiliteite vir swart mense. H. Miller (Hansard (V) 1976, kol.5753) verwys na die Argus-groep wat R80 000 vir die oprigting van 'n nuwe swart skool geskenk het. Volgens hom is dit 'n skande dat die publiek skole moet voorsien en hy beklemtoon dat die behoefte aan swart skole nog groter sou wees sonder die hulp van diesulke organisasies. Kane-Berman (1981:185) verwys na TEACH wat R1,6 miljoen ingesamel het en 63 skole opgerig het in swart dorpe op die Witwatersrand.

'n Situasie wat veral tot ontevredenheid lei, is die feit dat baie fasiliteite wat vir blankes gereserveer is, onderbenut is of selfs in onbruik staan terwyl baie swart leerlinge nie onderrig ontvang nie omdat daar nie genoegsame fasiliteite beskikbaar is nie. Die situasie lei tot die standpunt dat die blankes beter onderwys as ander bevolkingsgroepe ontvang (INEG 1225, 31 Maart 1984:6). Dr. A.P. Treurnicht (INEG 1372, 21 Maart 1979:3) het die regeringsbeleid in die verband soos volg uiteengesit: "Die standpunt dat geriewe gedeel moet word as daar nie vir anderskleuriges soortgelykes beskikbaar is nie, is regeringsbeleid."

Molteno (1984:89) is van mening dat die voorsiening van skole verder bemoeilik word deur die beleid dat skole so ver moontlik op 'n gefragmenteerde stam-, etniese basis voorsien moet word. Onderwys vir swartes was daarop gemik om algemene geletterdheid te bevorder (Christie en Collins, 1984:176). Die Regering se

prioriteit was dus om fasiliteite te voorsien sodat elke kind ten minste vier jaar onderwys kon kry. Daar moes dus ten minste 'n primêre skool binne die bereik van elke kind wees (Kgware, 1981:18). Die verskaffing van primêre fasiliteite het daarom meer aandag gekry.

Ten opsigte van die onderwysvoorsiening in Soweto is daar verskeie menings. Dr. A.P. Treurnicht (Hansard (V) 1976, kol.915) verwys na die groei ten opsigte van primêre skole in Soweto. In 1971 was daar 173, 1972:196, 1973:207, 1974:220 en in 1975:223. Tog verwys P.A. Moore (Hansard (V) 1968, kol.6881-6882) na koerantberigte en foto's van kinders in Soweto wat in die koue skool toe gaan en dan nie in geboue gehuisves kan word nie. Volgens Kane-Berman (1981:185) het die tekort aan klaskamers in 1973 ongeveer 35 000 kinders in Soweto sonder onderwys gelaat. Teen die begin van 1978 was die beraamde agterstand ten opsigte van fasiliteite in Soweto 700 klaskamers of 40 skole.

Tabel 4.13.3 toon dat die aantal skole 'n besliste groei in die periode 1945 tot 1980 getoon het. Ongelukkig is die groei onvoldoende aangesien die leerlingtal nog vinniger toegeneem het as die aantal skole. Tans is die onderwysfasiliteite vir swart mense steeds ontoereikend.

4.13.2.1 Aantal skole vir die periode 1945 tot 1980

| Jaar | Aantal |
|---|---|
| x 1945 | 4 373 |
| x 1950 | 5 338 |
| * 1953 | 5 665 |
| o 1954 | 5 700 |
| x 1955 | 5 801 |
| x 1956 | 5 819 |
| x 1957 | 6 322 |
| x 1958 | 6 906 |
| x 1959 | 7 335 |
| x 1960 | 7 718 |
| x 1961 | 7 997 |
| x 1962 | 8 249 |
| x 1963 | 8 463 |
| x 1964 | 8 636 |
| x 1965 | 8 810 |
| x 1966 | 9 061 |
| x 1967 | 9 258 |

| Jaar | Aantal |
| --- | --- |
| x 1968 | 9 551 |
| x 1969 | 9 853 |
| x 1970 | 10 125 |
| x 1971 | 10 551 |
| = 1971 | 11 410 |
| x 1972 | 10 948 |
| x 1973 | 11 427 |
| x 1974 | 11 947 |
| + 1975 | 12 573 |
| + 1976 | 10 980 |
| + 1977 | 11 422 |
| + 1978 | 11 056 |
| + 1979 | 11 495 |
| + 1980 | 11 301 |

(x Hartshorne, 1976:6 ; o Rousseau, 1974:44 ; * Hansard (V) 1967, kol.6614 ; = Jaarverslag, 1971:1 (Tuislande ingesluit)

\+ University of Natal, 1982:83,87 (Foreign Blacks excluded from 1975, Transkei excluded as from 1976, Bophuthatswana excluded as form 1978.)

### 4.13.4 Samevatting

Die segregasiebeleid het dus 'n besliste invloed op die voorsiening van onderwysfasiliteite vir swart mense gehad. Veral die beleid van territoriale skeiding en die beleid om blanke stede "wit" te hou, het die voorsiening van onderwysfasiliteite beïnvloed. Ten spyte van negatiewe invloede het die aantal skole onder die segregasiebeleid tog toegeneem; die toename word egter deur die toename in leerlinge gekanselleer.

## 4.14 Beheer

### 4.14.1 Inleiding

In hierdie gedeelte gaan nagegaan word watter invloed die segregasiebeleid uitgeoefen het op die beheer van onderwys vir swart mense.

### 4.14.2 Beheer oor onderwys vir swart mense, 1953-1984

Die Naturelle-onderwyskommissie onder voorsitterskap van Eiselen (1951:137) het aanbeveel dat onderwys onder die sorg van 'n staatsdepartement van die Unieregering moet staan.

In 1953 het dr. Verwoerd dit beklemtoon dat dit noodsaaklik is dat onderwys vir swart mense so beheer moet word dat onderwys in ooreenstemming met die regeringsbeleid gebring kan word (Govender en Woker, 1984:236). Die beheer van onderwys vir swartes moes dus apart staan van die van die blankes (Engelbrecht, 1959:316). Staatsbeheer het beteken dat onderwys gebruik kon word om ander regeringsbeginsels te ondersteun (Christie en Collins, 1984:172). Volgens SPRO-CAS (1971:38) is daar klem gelê op afsonderlike ontwikkeling en op die voorbereiding vir die groep se toegewese plek in die apartheidstelsel. Onderwyssentralisasie het inderdaad deel uitgemaak van die totale apartheidsmasjinerie.

Vanaf 1 Januarie 1954 is die beheer oor onderwys vir swart mense na die sentrale regering oorgeplaas en het dit die verantwoordelikhei van die Departement van Naturellesake geword (Horrell, 1968:9). 'n Afdeling vir Bantoe-onderwys is binne die

Departement van Naturellesake geskep (Atkinson, 1978:225). Volgens Truter (1981:313) is die afsonderlike onderwysdepartement beter in staat is om vooruitgang te bewerkstellig.

Die beheer sou geleidelik van die sendingorganisasies, wat die meeste swart skole beheer het, weggeneem word en na die Departement van Naturellesake oorgeplaas word (Christie en Collins, 1984:196). In 1954 is sendingorganisasies en ander organisasies in beheer van onderwys vir swart mense in kennis gestel van die voorwaardes waarop hul steeds aan onderwys vir swart mense deel kon hê (Atkinson, 1978:227).

Alle swart skole moes by die Departement van Naturellesake registreer en die Minister kon registrasie weerhou as hy van mening is dat dit genoodsaak is (Davis, 1972:13). Volgens Atkinson (1978:230) was dit duidelik dat skole wat weier om in die gees van die "Bantoe-onderwysbeleid" te opereer, registrasie geweier sou word. Dit was onwettig om by 'n ongeregistreerde skool skool te hou of om so 'n skool te bestuur (Davis, 1972:13).

Die keuses was:

(i) die behoud van die skole en/of koshuise as private instellings sonder enige staatshulp,

(ii) om die skole as gesubsidieerde instellings te beheer maar met net 75% van die salarisse van goedgekeurde onderwysers

(iii) om beheer aan die gemeenskap oor te dra (Atkinson, 1978:227).

Hierdie bepalings het gelei tot die sluiting van baie swart skole, insluitend van die oudste en beste sekondêre skole (Davis, 1972:13). "Sweeping powers were entrusted to the Minister of Native Affairs to prevent any person or institution from establishing a school outside the government system..." (Atkinson, 1978:225.) Die mag wat aan die Minister opgedra is, is deur baie mense verwerp (Horrell, 1964:159).

Dr. Verwoerd, Minister van Naturellesake, het daarna gestreef om aan swartes 'n veel groter aandeel in die beheer van swart skole te gee. Skole moes dus deur of in samewerking met swart liggame beheer en bestuur word. (Verwoerd, 1954:9). In parktyk het dit daarop neergekom dat die swart gemeenskapskole beheer en bestuur word deur òf swart skoolrade wat die Minister ingestel het, òf Gebiedsowerhede wat bygestaan is deur hul eie onderskeie onderwysdepartemente (Hansard (S) 1970, kol.49). Die regeringstandpunt was dat hoe meer die swartes hul eie onderwys beheer, hoe vinniger sal die gaping tussen hul onderwys en hul eie kultuur krimp (Truter, 1981:313). Die doel was om 'n diens aan die gemeenskap as 'n geheel te lewer (Van der Mescht, 1965:47).

Met die oorname van onderwys vir swartes is die grondslag vir die swart volke gele om beheer oor hul eie onderwys oor te neem sodat hul afsonderlik kan ontwikkel tot 'n selfstandige volk (Coetzee, 1976:23-24). Primêre skole sou dadelik aan swart beheerliggame oorgedra word, maar sekondêre, hoër-,

industriële en opleidingskole sou onder direkte departementele beheer wees tot tyd en wyl die streeks- en gebiedsowerhede gereed is om die taak oor te neem (Verwoerd, 1954:12).

Alhoewel die stelsel aan swart ouers 'n sê in plaaslike onderwysaangeleenthede gegee het, het die Departement die beheer ferm in sy hande behou deur middel van sy beheer oor finansiering en deur die aanstelling van skoolkomitees en skoolrade (Davis, 1972:13).

Deur middel van hierdie beleid het die Regering die beginsel in ag geneem dat elke gemeenskap die volle geleentheid moet kry om aan die plaaslike beheer van skole in daardie gebied 'n aandeel te hê. Een van die segregasiebeginsels, naamlik die erkenning van etniese groepe, gemeenskaplike afkoms en belange in 'n sekere gebied, tree hier weer op die voorgrond (Van Dyk, 1966:7). Volgens Shingler (1973:288) het die gemeenskapsbeheer die swart onderonderwysers in direkte konflik met stamhoofde, blanke amptenare en polisie gebring.

Horrell (1964:159) is van mening dat die regeringsbeleid baie mense geantagoniseer het. Sentralisasie en die instelling van plaaslike beheer was dalk wel regverdigbaar, maar hoekom kon die beheer van onderwys vir swart mense nie ook aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap oorgedra word nie? Tot en met 1955 was volwassene-onderwys vir alle bevolkingsgroepe onder die beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

In 1955 is die beheer en administrasie van volwassene-onderwys

vir swart mense aan die Departement van Naturellesake oorgedra (Horrell, 1968:19).

Christie en Collins (1984:161) lê 'n verband tussen die apartheidsbeleid en die Afrikaners se strewe om hulself van ander geografies en kultureel van ander groepe te isoleer. Om die oogmerk te bereik, moet hulle ander groepe beheer. Christie en Collins (1984:116) som die beheer van onderwys vir swart mense op as 'n "purvey an ideology wherein, it is argued, the black would be taught not merely the value of their own tribal cultures but that such cultures were of lower order..."

Op 1 November 1985 het die Departement van Bantoe-onderwys 'n aparte departement geword, met sy eie minister (Kgware, 1981:15).

Die nuwe departement se funksies was:

* om onderwys vir swartes in blanke gebiede te administreer en te beheer,

* om die werk van die Departement van Onderwys en Kultuur in die verskillende tuislande te koördineer, en

* om professionele beheer in die tuislande se Departemente van Onderwys en Kultuur uit te oefen (Mawasha, 1969:34).

Die volgende fase in die beheer van onderwys vir swart mense is gekenmerk deur die toekenning van binnelandse selfregering aan swart tuislande. Hierdie gebiede het hul eie departemente van onderwys geskep (Kgware 1981:15). Volgens Janson (Hansard (S) 1979, kol.2570) het die nuwe onafhanklikwordende state hul eie

onderwysdepartemente geëis en begeer. Elke tuislandregering het volle beheer oor sy eie onderwys (Hansard (S) 1975, kol.4338). Om selfregerende eenhede, gevestig in tradisie, te skep, was nog altyd deel van die Nasionale Party se beleid.

Sedert die oorname van die onderwys het daar sekere politieke verwikkelinge in die tuislande plaasgevind. Hierdie politieke verwikkelinge het op hul beurt weer ingrypende invloed op die onderwys uitgeoefen, naamlik die aktivering van die verskillende gebiedsowerhede en die gevolglike ontstaan van wetgewende vergaderings in die gebiede.

Reeds in 1955 het die Tomlinson-kommissie (1955:27) tot die gevolgtrekking gekom dat die enigste wyse waarop swart owerhede dinamiese kragte gemaak kon word, was deur aan hulle take en verantwoordelikhede oor te dra. Mphahlele (1982:11) wys weer op die segregasie-inslag in die skep van tuislande en dat elke tuisland sy eie onderwys moes beheer.

Die onderwysdepartemente in die tuislande sou administratief heeltemal onafhanklik van die Departement van Bantoe-onderwys wees, maar professioneel sou die departement baie nou verbonde wees aan die sentrale departement. Die sentrale Departement van Bantoe-onderwys sou verantwoordelik wees vir die beheer ten opsigte van studierigtings, sillabusse, onderwysstandaarde en eksamens (Kgware, 1981:15).

In 1979 is die Wet op Onderwys en Opleiding (90/199:2278) gepromulgeer om "voorsiening te maak vir die beheer oor onderwys vir swartes deur die Departement van Onderwys en

Opleiding..." Verder moes die wet voorsiening maak vir "...die aktiewe betrokkenheid van die ouers en die gemeenskap in die onderwys, die verrigting en uitoefening van bepaalde pligte en bevoegdhede in verband met die beheer en bestuur van openbare skole en ten einde voorsiening te maak dat die Direkteur-Generaal oor voorgeskrewe aangeleenthede in verband met die beheer en bestuur van openbare skole geadviseer word, kan die Minister vir enige sodanige skool, plaaslike of huishoudelike rade, komitees, besture of ander liggame wat hy dienstig ag, instel, en kan hy verteenwoordiging in so 'n raad, komitee, bestuur of ander liggaam aan iemand verleen" (Wet 90/1979:2286).

Beheer van onderwys vir swart mense het 'n nuwe fase betree na die verskyning van die Witskrif (1983) en die promulgering van die Wet op Nasionale Beleid van Algemene Onderwyssake (76/1984).

Volgens die Witskrif (1983:7) sou die onderwys van elke bevolkingsgroep as 'n eie saak geadministreer word, maar die onderwys vir swart mense sou onderworpe wees aan algemene beleid. Verskillende staatsdepartemente sal verantwoordelik wees vir die onderwys van blankes, Kleurlinge, Indiërs en swartes.

Die Witskrif (1983) beklemtoon dat Ministers verantwoordelik vir eie onderwyssake nie ondergeskik sal wees aan die Minister verantwoordelik vir algemene onderwyssake nie. Tog kritiseer Jooste (INEG 930, 29 Februarie 1984:9) die nuwe beleid ten opsigte van beheer oor onderwys juis op die punt. Hy wys daarop dat paragraaf 2 van bylae 1 tot die Grondwet (1983) bepaal dat

onderwys op alle vlakke, hoewel 'n eie saak, tog ondergeskik sal wees aan enige toepaslike algemene wet. Verder is die Minister vir algemene sake lid van die Kabinet, terwyl die Ministers vir eie sake slegs lede is van die Ministersrade. Laasgenoemde Ministers beskryf hy as "tweedeklas Ministers".

Jooste (INEG 930, 29 Februarie 1984:9) kritiseer die Witskrif (1983) verder deur daarop te wys dat daar Departemente van Onderwys vir blankes, Kleurlinge, Indiers en swartes sal wees. Die skole vir blankes, Kleurlinge en Indiers staan egter onder die beheer van hul onderskeie eie Parlementêre Kamer. Die swartes het nie 'n eie Parlementêre Kamer bestaande uit sy eie mense met sy eie Minister nie. Hul onderwys is dus veel eerder 'n algemene saak en word deur die drie ander bevolkingsgroepe deur middel van die driekamer-Parlement beheer.

Daar moet egter onthou word dat die swartes wel op die eerste vlak deur die Minister van Onderwys en Opleiding verteenwoordig word, terwyl die ander drie bevolkingsgroepe slegs op tweede vlak verteenwoordiging het (INEG 930, 29 Februarie 1984:9).

Na die 1984-opstande is die Direkteur-Generaal van die Departement van Onderwys en Opleiding wye magte gegee as gevolg van die noodtoestand wat uitgevaardig is. Die doel met die wyer magte is om hom in staat te stel om die leerlinge se bewegings te beperk en te beheer.

Hy het onder andere om die mag verkry om

* leerlinge te verbied om teenwoordig te wees op of om gebruik

te maak van fasiliteite of skooleiendom gedurende naweke, skoolvakansies en vakansiedae,

* 'n kursus, klas, sillabus te verban wat nie aanvaarbaar is volgens die Onderwyswet nie,

* 'n persoon wat nie amptelik met skoolaangeleenthede besig is nie, te verbied om met skoolaangeleenthede in te meng,

* 'n persoon te verhoed om 'n skoolaktiwiteit te ontwrig,

* die dra, in besit wees van of die vertoon van 'n uniform, T-hemp, klere, artikels, vlae, baniere, aansteekspelde, prente of plakkate wat 'n spesifieke organisasie adverteer, te verbied,

* die verspreiding van enige kennisgewing, brief, boek, pamflet, plakkaat of enige ander geskrewe stuk in verband met gespesifiseerde aangeleenthede te verbied, en

* die bewegings en aktiwiteite van leerlinge op koshuisgronde te beheer (INEG 7075, 29 Desember 1986:1).

### 4.14.3 Beheer deur die NECC en ander komitees in die fase van People's Education

Ontevredenheid onder swart mense in verband met hul onderwys het gelei tot die daarstel van "alternatiewe onderwys" oftewel People's Education. Organiseerders wat in die poging meewerk, is die ANC, NECC, UDF en 'n aantal van die sogenaamde People's

Committees (INEG 4080, 7 Augustus 1987:10). Die National Education Crisis Committee (NECC) is deur die ANC in die lewe geroep om die onderwys vir swart mense oor te neem. Die NECC maak dan ook aanspraak daarop dat hul die beheer oor swart skole oorgeneem het (Tuch, 1986:7).

Die "alternatiewe regering" van die NECC wat die beheer oor swart skole na bewering oorgeneem het, sien soos volg daar uit: Die Regering gaan vervang word deur die ANC se "People's government", die Departement van Onderwys en Opleiding gaan vervang word die NECC; Ouerkomitees is reeds vervang deur Parent Teacher Student Associations; onderwysersverenigings is vervang deur die National Education Union of South Africa (NEUSA) en die Western Cape Teacher's Union; leerlingrade en prefekte is vervang deur Student Representative Councils (INEG 4080, 7 Augustus 1987:10).

Volgens Tuch (1986:7) het Aubrey Matshiqi, lid van die Soweto-tak van NEUSA daarop aanspraak gemaak dat die Regering reeds beheer oor baie skole in Soweto verloor het en dat People's Education reeds by sulke skole ingestel is. Ook Walter Sisulu (INEG 4080, 7 Augustus 1987:10) het gesê dat die Regering se instellings en organisasies geïgnoreer word en dat dit vervang word met demokratiese "People's Committees".

Om hul beheer oor skole te demonstreer, het NECC baie skole in Soweto se name verander. So het daar onder andere 'n Nelson Mandela High, 'n Oliver Tambo High en 'n Joe Slovo High hul verskyning gemaak (Tuch, 1986:7). Die regering se reaksie op

die NECC se "beheer-oorname" was om die salarisse van onderwysers van sulke skole te staak. Die stap het kwaai reaksie van die ondersteuners van People's Education ontlok.

Dr. F. Hartzenberg (INEG 3573, 30 Julie 1987:4) het die NECC se opvatting van onderwysbeheer soos volg gekritiseer: "The control of educational institutions by "collective decision making" bodies would mean that those who required education would make decisions with those who had already had insight and experience. This would not work in any right-thinking system."

In hoe 'n mate die NECC se aanspraak dat hulle die beheer oor swart skole oorgeneem het, geldig is, is moeilik om te bepaal. Die feit bly egter staan dat die NECC en People's Education wel die onderwys vir swart mense binnegedring en in 'n groot mate die beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding by sekere skole ontwrig het.

4.14.4 Samevatting

Dit is duidelik dat die segregasiebeleid en veral die aparte onderwysdepartemente 'n invloed op die beheer van onderwys vir swart mense gehad het. In 1953 is die beheer van die sendinggenootskappe oorgedra na die Regering sodat die onderwys vir swart mense in lyn met die segregasiebeleid gebring kon word. Die segregasiebeleid het veral vereis dat plaaslike gemeenskappe inspraak moes he in hul eie onderwys. Selfregerende tuislande het die beheer oor hul onderwys oorgeneem. Die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979), die

Witskrif (1983) en die Wet op Nasionale Beleid van Algemene Onderwyssake (76/1984) het telkens die beheer van onderwys vir swart mense beinvloed. In die vroee tagtigerjare het die ANC, NECC, UDF en 'n hele aantal "People's Committees" die beheer oor swart skole probeer oorneem sodat hulle "People's Education" in die skole kon invoer. Hulle maak daarop aanspraak dat hulle al baie swart skole geinfiltreer het en dat die Regering beheer oor sekere swart skole verloor het. In hoeverre hul wel daarin geslaag het, is onduidelik.

## 4.15 Boeke, skryfbehoeftes, apparaat en meublement

### 4.15.1 Inleiding

In hierdie gedeelte gaan daar gelet word op die invloed van die apartheidsbeleid op die voorsiening van boeke, skryfbehoeftes, apparaat en meublement aan swart skole.

### 4.15.2 Die invloed van die apartheidsbeleid op die voorsiening van boeke, skryfbehoeftes, apparaat en meublement.

Die aantyging word dikwels gemaak dat as daar nie aparte onderwysdepartemente was vir die verskillende bevolkingsgroepe nie, dan sou die Regering meer geld gehad het om byvoorbeeld handboeke aan swart leerlinge te verskaf. In 1954 het dr. Verwoerd (1954:14) aangekondig dat leerlinge in na-primêre skole self hul skoolboeke sal moet voorsien. P.A. Moore (Hansard (V) 1968, kol.6882) kritiseer die stelsel van handboekvoorsiening op grond van die feit dat boeke wat wel verskaf word tot vier jaar moet hou en dat die kinders daarom verbied word om die boeke huis toe te neem.

Volgens Davies (1984:151) is daar nie net 'n tekort aan handboeke nie, maar boonop is die onderwysers onseker oor watter handboeke gebruik moet word. In 1967 val mev. H. Suzman (Hansard (V) 1967, kol.6621) die Regering aan omdat die swart kinders vir al hulle boeke moet betaal. Omdat so min van die leerlinge handboeke het, is onderwysers verplig om die boeke op te som of op die bord te skryf sodat die leerlinge dit kan afskryf.

Kosbare tyd raak so verlore (RGN, 1986:63). Volgens die Minister van Bantoe-onderwys (Hansard (V) 1967, kol.6637) is die aantyging dat geen handboeke aan swart leerlinge verskaf word nie, totaal ongeregverdig. Hy toon aan dat daar in die periode 1955 tot 1965 R197 200 bestee is aan boeke wat gratis aan primêre leerlinge beskikbaar gestel is. Dit is buiten die leesboeke en onderwyserskopieë wat verskaf is.

Handboeke wat wel verskaf word, is dikwels nie van goeie gehalte nie. Onderwysers is ook ontevrede omdat die taalvaardigheidsvlak van die kinders nie in ag geneem word wanneer boeke voorgeskryf word nie (RGN, 1986:63).

Handboeke in sekere vakke word reeds vir etlike jare op 'n beperkte skaal aan primêre skole voorsien. Vanaf 1974 is daar ook met 'n program begin om gratis handboeke aan alle skole te voorsien (Hansard (V) 1976, kol.917). Teen 1977 het die verskaffing van gratis boeke aan skole reeds so ver gevorder dat leerlinge in standers 3, 4 en 5 vanaf die begin van 1977 byna alle handboeke gratis ontvang het. Ongeveer 75% van die handboeke vir standerds 1 en 2 en 52% vir standerds 3 tot 5 word reeds voorsien. Alle Wiskundehandboeke tot standerd 1 sal in 1977 voorsien word (Jaarverslag, 1976:4).

Teen 1979 is vakkundige handboeke reeds aan alle swart leerlinge aan skole onder departementele beheer verskaf. Ouers moes egter steeds die voorgeskrewe werke en skryfbehoeftes voorsien. Die Departement het gehoop om vinniger met die program van handboekverskaffing te vorder, maar die program is in die wiele

gery toe die swart leerlinge die handboeke wat reeds verskaf is, verband het tydens die 1976-opstande (Horrell, 1982:122).

'n Hoof van 'n primêre skool het tydens 'n onderhoud met Friedman en Friedman (1983:32) aangedui dat alle boeke sover hy weet in Soweto gratis verskaf word. Die program om aan alle swart kinders gratis handboeke te verskaf, is gedurende 1980 afgehandel (Truter, 1981:304). Waarskynlik verwys Truter hier na handboeke vir die verskillende vakke, want volgens 'n INEG-knipsel (7364, 10 September 1980:5) het die Departement van Onderwys en Opleiding wel beplan om teen 1980 te begin met die verskaffing van gratis voorgeskrewe werke en skryfbehoeftes, maar het die groot verlies aan handboeke wat tydens die opstande gely is, die program vertraag.

'n Verdere aanduiding dat die swart kinders wel nie al hul handboeke gratis ontvang het nie, word gevind in INEG-knipsel (1149, 28 Februarie 1983:10) waar daar melding gemaak word van die ontevredenheid onder swart kinders omdat hulle vir hul skoolboeke moet betaal, maar dat blankes hul boeke gratis ontvang.

Ten opsigte van die verskaffing van leesboeke lyk die prentjie effens rooskleuriger. Vanaf 1955 is leesboeke in die moedertaal en in die twee amptelike tale aan alle primêre skole voorsien. Die boeke sou egter die eiendom van die skool bly (Verwoerd, 1954:13-14). Gestandardiseerde leesboeke is in die volgende tale gepubliseer: Kwanyana, Ndlonga, Herero, Kwangali, Mbukushu en Boesman (Jaarverslag, 1969:16). Elke kind kry twee leesboeke

per taal en teen 1976 was daar reeds 18 miljoen boeke verskaf (Hansard (V) 1976, kol.5748).

Daar is 'n dringende tekort aan goedtoegeruste klaskamers vir praktiese vakke en biblioteke is baie swak toegerus (Horrell, 1964:166). Volgens Paton (1986:13) is die kontras tussen die goedtoegeruste blanke laboratoriums, biblioteke en goedversorgde speelterreine en die voorsiening wat vir swart leerlinge gemaak word, 'n skande. Volgens N.J.J. Olivier (Handsard (V) 1976, kol.5703) is Naaldwerk die enigste vak wat baie meisies eintlik kan neem. Die probleem is egter dat die nodige apparaat daarvoor nie deur die Regering verskaf word nie. Die subsidie wat betaal word, is hopeloos ontoereikend om selfs die mees elementêre benodigdhede te voorsien. Vanaf ongeveer 1974-75 het die Regering egter begin om spesiale aandag te skenk aan die oprigting en verbetering van die kwaliteit van sekondêre skoolbiblioteke, laboratoriums en ander apparaat (Hartshorne, 1976:6).

Na die 1976-opstande is baie skole in Soweto vernietig of ernstig beskadig. Women for Peace het besluit om bilioteke by swart skole te herorganiseer. Volgens Paton (1986:22) het party skole slegs 'n paar boeke gehad, terwyl ander skole 'n boekrak in die hoof se kantoor gehad het wat gedien het as biblioteek. Swart kinders het dus nie kennis gedra van die waarde van selfstudie en navorsing nie. Die nuwe biblioteke wat deur Women for Peace gestig is, word deur Read, Educate, Adjust, Develop (READ), 'n onafhanklike, nie-winsgewende organisasie, beheer (Paton, 1986:23).

In 1953 het die apartheidsbeleid ook 'n invloed op die verskaffing van skryfgereedskap en skrifte gehad. Skryfgereedskap en skrifte sou van 1953 af deur die swart kinders self, of deur die swart owerheid of ouerliggaam in beide primêre en sekondêre skole voorsien moes word.

As hulle nie die nodige toerusting het nie, sou hulle nie as leerlinge toegelaat word nie (Verwoerd, 1954:14). Gratis skryfbehoeftes word vanaf 1981 aan alle sub-standerd A-leerlinge by skole waar verpligte onderwys ingevoer is, voorsien (Hansard (V) 1981, kol.11).

Ten opsigte van die skoolmeubels het dr. Verwoerd (1954:13) bepaal dat alle staatskole, gemeenskapskole en plaasskole vanuit die departementele magasyne van meubels voorsien sou word. Ondersteunde skole (kerk-, myn- en fabriekskole) moes in hul eie behoeftes voorsien, maar is toegelaat om bestellings by departementele nywerheidskole te plaas.

4.15.3 Samevatting

Daar kan nie met sekerheid die vinger na die apartheidsbeleid gewys word vir die ontoereikende voorsiening van handboeke, apparaat, skryfbehoeftes en meublement aan swart skole nie. Die verweer word byvoorbeeld geopper dat dit die blankes was en is wat die land ontwikkel het en dit deel van die moderne wêreld gemaak het. Dit was ook die blankes wat onderwys in die land ontwikkel het (INEG 1149, 28 Februarie 1983:10). Ten opsigte van voorsiening van handboeke aan primêre skole is daar al baie

vordering gemaak; voorsiening van handboeke aan sekondere skole is egter nog 'n probleem. Die onluste en opstande wat sporadies vanaf 1976 by swart skole voorgekom het, het die Regering se program om die kwaliteit en kwantiteit van handboeke, meublement en apparaat te verbeter, ook in die wiele gery. Die apartheidsbeleid het egter wel 'n invloed gehad op die voorsiening van handboeke, meublement en apparaat. So het die beginsel van moedertaalonderrig, wat deel van die apartheidsbeleid is, byvoorbeeld die voorsiening van handboeke in die sewe swart tale genoodsaak.

## 4.16 Universiteite

### 4.16.1 Inleiding

In hierdie gedeelte gaan daar gelet word op die invloed van die apartheidsbeleid op die ontstaan van aparte universiteite vir verskillende bevolkings- en volksgroepe.

### 4.16.2 Regeringsbeleid

Die Regeringsbeleid is om verskillende universiteite vir verskillende rassegroepe daar te stel (Hansard (V) 1958, kol.3375). Volgens minister P.G.J. Koornhof (Hansard (V) 1969, kol.1538) moet elke volk 'n eie universiteit hê ten einde 'n gevoel van eiewaarde en selfstandigheid te ontwikkel. Die gedagte van aparte universiteite, aangepas by die besondere behoeftes en agtergrond van die studente, is deur die Regering in die praktyk toegepas (Van Dyk, 1966:4). Die gedagte is dat 'n universiteit die bande met sy eie gemeenskap moet behou (Van Dyk, 1966:8).

Dit was met die doelwit om universiteitsonderwys in lyn te bring met die beleid van afsonderlike ontwikkeling dat die nodige wetgewing in 1959 aanvaar is (Duminy, 1967:11).

Die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsonderwys (45/1959) het voorsiening gemaak vir universiteite vir swart mense (Van Wyk de Vries-kommissie, 1974:15). Blanke universiteite is dus ingevolge die wet vir swart studente gesluit (Christie en Collins, 1984:172).

Positiewe punte ter motivering van die regeringsbeleid is dikwels uitgelig. Volgens Van Dyk (1966:8) het ondervinding bewys dat geïntegreerde universiteitsopleiding die menswaardigheid van die swart student skend. Die feit dat daar net 'n klein groepie swart studente tussen die magdom blanke studente is, is nie bevorderlik vir die bewuswording van eiewaarde en menswaardigheid by die swart student nie.

Volgens Horrell (1964:168) is die geboue by swart universiteite bekoorlik, die apparaat goed en die personeellede baie entoesiasties. Die Regering beskou dit as noodsaaklik dat ook swart universiteite in lyn met die beleid van afsonderlike ontwikkeling moet wees. Die Regering is van mening dat die toekomstige leier in elke gemeenskap slegs na behore kan ontwikkel as hy gedurende sy universiteitsopleiding in noue voeling met sy eie volk se gewoontes, leefwyses en beskouings bly (Van der Mescht, 1965:220-221).

As 'n volksgroep homself wil handhaaf, moet hy sy eie skole en universiteite hê (Coetzee, 1976:151). Volgens die Van Wyk de Vries-kommissie (1974:32) is dit die funksie van die universiteit om in samewerking met die familie die student toe te rus met 'n kulturele agtergrond en die tradisies waarop 'n gesonde gemeenskap rus. In hul eie akademiese en sosiale milieu kan swart mense ongehinderd ontwikkel tot opgeleide mense en kan hul as sodanig van meer waarde vir hul eie gemeenskappe wees. Daar was 'n behoefte aan universiteitsopleiding vir die swart student in besonder (Coetzee, 1976:151).

Die Regering is bang dat die swart studente in die toekoms dalk die "oop" universiteite kon oorstroom (Van der Mescht, 1965:221). 'n Belangrike oorweging aan regeringskant vir afsonderlike universiteite is volgens Coetzee (1976:151) staatsbeheer. Die Regering is beskou as die enigste instansie wat oordeelkundig en in ooreenstemming met die ontwikkelingsgang van nie-blanke bevolkingsgroepe die beheer progressief aan hulle kon oordra.

Afsonderlike universiteite sal die hoogste akademiese poste vir swart mense toeganklik maak. Omdat die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika op verskillende trappe van ontwikkeling is, is dit moeilik om binne een universiteit aan die besondere behoeftes van die verskillende bevolkingsgroepe aandag te gee (Van der Mescht, 1965:222-224).

Gedurende 1973 het die RAU en die PU vir CHO besluit om wel 'n beperkte aantal swart studente op nagraadse vlak aan hul universiteite toe te laat. Studente moes steeds aan swart universiteite registreer, maar kan sekere fakulteite aan die blanke universiteite wat nie by swart universiteite beskikbaar was nie, besoek. In 1978 het die Universiteit van Stellenbosch 'n beperkte aantal swart studente toegelaat om kursusse wat nie aan swart universiteite aangebied word nie, aan die universiteit te volg. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Universiteit van Port Elizabeth het kort daarna dieselfde toegewings gemaak (Horrell, 1982:155).

Alhoewel die regeringsbeleid in die vroeë 1970's sekere beperkte

toegewings toegelaat het, het dit steeds afsonderlike universiteite voorgestaan. In 1979 het ATASA in hul aanbevelings in verband met die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979) aanbeveel dat universiteite vir alle rasse oopgestel moet word (INEG 2990 22 Junie 1979:21).

In 1979 het die Viljoen-kommissie die moontlikhede van 'n swart universiteit in die PWV-gebied ondersoek. Daar is dikwels kritiek op die regeringsbeleid gelewer omdat die beleid die universiteite buite die bereik van stedelike swart mense geplaas het (INEG 2990, 22 Junie 1979:21). Die Wysigingswet op swart universiteite (52/1979) het voorsiening gemaak vir swart universiteite soos die Universiteit van die Noorde, Fort Hare en die Universiteit van Zululand om studente van ander bevolkingsgroepe aan hul universiteite toe te laat. Die beperking wat geplaas is op die toelating aan die Mediese Universiteit van Suidelike Afrika (MEDUNSA), is ook herroep sodat studente van enige bevolkingsgroep die universiteit kan bywoon (Behr, 1978:332-333).

In 1983 het die Regering die eerste stappe gedoen om die universiteite meer "oop" te maak met die Universiteite Wysiggingswet (83/1983). Die wet het ook bekend geword as die "Kwotawet". In ooreenstemming met die wet kon blanke, Kleurling- en Indiër-universiteite ook studente van ander bevolkingsgroepe toelaat.

Die toegewing was egter onderhewig aan 'n kwotastelsel sodat die unieke bevolkingsamestelling van elke universiteit nie versteur

sou word nie. Met ander woorde die kwotastelsel moes verhoed dat 'n blanke universiteit deur 'n ander bevolkingsgroep oorstroom word (Behr, 1988:197).

4.16.3 Beheer en etnisiteit

Minister M.C. Botha, Minister van Bantoe-onderwys (Hansard(V), 1966, kol.4365), het dit in 1966 duidelik gestel dat die Regering die universiteitskolleges van die swart mense beskou as 'n inherente deel van die kultuur en die volksisteem van elke swart volk. Die regeringsideaal was 'n eie universiteitskollege vir elke swart volk.

G. de V. Morrison (Hansard (V) 1968, kol.6862) het tydens die debat in verband met 'n volwaardige landboufakulteit by Fort Hare gesê dat hy van mening is dat 'n swarte veel meer notisie sal neem van voorligting wat hy van 'n gegradueerde van sy eie ras en kleur ontvang. (Hy verwar klaarblyklik ook die terme volk en ras).

Gedurende 1959 is twee wette aanvaar, naamlik die "University College of Fort Hare Transfer Act" (27/1959) en die "Wet op die Uitbreiding van Universteitsonderwys" (45/1959). Ingevolge die wette is die beheer van swart universiteitskolleges aan die Departement van Bantoe-onderwys oorgedra (Atkinson, 1978:231). Swart universiteitskolleges sou op grond van etnisiteit ingedeel word. Fort Hare het voorheen hoofsaaklik die Xhosa-volk bedien (Duminy, 1967:11).

Met die totstandkoming van die universiteitskollege van

Zoeloeland het die Zoeloevolk vir die eerste keer 'n eie universiteit gekry (Hansard (V) 1969, kol.1939). Die universiteitskollege van die Noorde is hy Turfloop vir die Noord- en Suid-Sothovolke gestig, maar die universiteitskolleges sou ook die Tswana-, Sjangaan- en Venda-volke bedien (Hansard (V) 1972, kol.7061). Hierdie skeiding van universiteitsgeriewe op grond van etnisiteit was 'n noodsaaklike stap ter uitvoering van die Regering se beleid om meer toereikende en doeltreffende universiteitsopleiding aan swart mense te verskaf en die probleme wat "oop" universiteite skep, uit te skakel (De Wet, 1974:105).

Horrell (1964:168) kritiseer die feit dat die Departement van Bantoe-onderwys die universiteitskolleges beheer in plaas van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Die universiteitsrade en senate is meestal deur blankes beman. Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar op daardie tydstip nog nie genoeg opgeleide swart mense was om die poste te vul nie. Dit was juis die doel van die nuwe beleid om die swart mense die geleentheid te bied om mettertyd die leiding ten opsigte van hul eie universiteitsopleiding oor te neem.

In 1970 het die Universiteit van die Noorde, die Universiteit van Zoeloeland, Fort Hare en die Universiteit van Wes-Kaapland outonome, volwaardige universiteite geword. Die Universiteit van Durban-Westville het in 1971 gevolg (Van Wyk de Vries-kommissie, 1974:16).

Tot 1969 was hierdie universiteitskolleges onder die akademiese

beheer van die Universiteit van Suid-Afrika (Jaarverslag, 1969:14). Die maatreel is getref om te verseker dat akademiese standaarde behoue bly (Duminy, 1967:12).

Sedertdien is die maatreels van indeling van universiteite op grond van etnisiteit baie verslap.

4.16.4 Bywoning aan blanke universiteite

Aan swart universiteite is dit nie vir die studente moontlik om kursusse soos ingenieurswese en argitektuur te neem nie. Tutu het in 'n onderhoud met Friedman en Friedman (1983:34) die kursus-moontlikhede aan swart universiteite as uiters beperk beskryf. Indien 'n swart student 'n kursus wil volg wat nie by 'n swart universiteit aangebied word nie, kan hy/sy aansoek doen om toelating by 'n blanke universiteit.

Tutu het hom tydens sy onderhoud met Friedman en Friedman (1983:34) soos volg hieroor uitgespreek: "If a Black student wishes to study engineering, architecture, food science, environment science, or any advanced branch of technology, special ministerial permission must be obtained in order to attend a white university where the essential support and social services are either segregated or non-existent."

In 1960 het die statistieke van aansoeke by blanke universiteite soos volg daar uitgesien:

| Universiteit | Aantal aansoeke | Toegestaan | Nie behandel | |
|---|---|---|---|---|
| Witwatersrand | | 114 | 1 | 3 |
| Kaapstad | 13 | 2 | | |
| Natal | 58 | 1 | 2 | |
| Rhodes | 5 | | | |

(Hansard (V) 1960, kol.6221).

Teen 1966 het 1763 swart studente aan blanke universiteite studeer en 1412 swart studente was by UNISA geregistreer vir graad- en diplomakursusse wat wel by etniese universiteite aangebied is (Hansard (V) 1966, kol.4356).

Volgens Minister P.G.J. Koornhof (Hansard (V) 1969, kol.1540-1547) bewys statistiek dat swart studente nie meer gretig is om na blanke universiteite te gaan nie. In die periode 1965 tot 1968 het slegs 32 swart studente aansoek gedoen om aan blanke universiteite te studeer: 1965:8. 1966:7, 1967:9, en 1969:8. Slegs vyf van hierdie aansoeke is goedgekeur omdat die kursusse wat hulle wou volg, nie aan universiteitskolleges aangebied is nie.

Van Jaarsveld (1982:459) verskaf statistiek vir 1973. Daar was in 1973 3 319 studente by swart universiteite ingeskryf, 3 617 by UNISA en 234 by blanke universiteite. Daar was dus 'n totaal van 7 170 swart studente aan blanke universiteite in Suid-Afrika. Die toenemende verslapping van toelating tot blanke universiteite is ook in bogenoemde statistiek merkbaar.

In Maart 1983 het die Regering 'n nuwe kwotastelsel vir toelating van swart studente tot blanke universiteite ingestel. Tutu het tydens 'n onderhoud met Friedman en Friedman (1983:34) gesê die maatreël is getref om die Regering in staat te stel om sy beleid van segregasie ongehinderd uit te voer.

4.16.5 Redes vir ontevredenheid

Die meeste swart studente is tydens hul skoolloopbaan uitsluitlik deur swart onderwysers onderrig, maar op universiteit is die meeste dosente blankes (De Wet, 1974:108). Leerlinge kwalifiseer nie vir universiteitstoelating nie. In 1964 het minder as 300 swart leerlinge vir universiteits-toelating gekwalifiseer. Swart leerlinge sukkel om Wiskunde te slaag en kan dan nie toegelaat word tot die fakulteite van Wetenskape, Ingenieurswese of Geneeskunde nie (Hansard (V) 9167, kol.1746). Swart matrikulante se slaagsyfers is nie hoog genoeg om hul toegang tot die selektiewe fakulteite aan blanke universiteite te gee nie (Corke, 1978:100). Mev. H. Suzman (Hansard (V) 1967, kol.1746) wou weet waar die gegradueerdes dan vandaan sou kom om die hoë poste in die tuislande te vul.

Afsonderlike universiteite maak kontak tussen studente van verskillende rassegroepe onmoontlik. Volgens Horrell (1964:168) is kontak tussen studente van verskillende rassegroepe uiters noodsaaklik omdat dit die belangrikste wyse is waarop wedersydse begrip en verdraagsaamheid tussen mense, wat waarskynlik leiers van hul gemeenskappe gaan word, bevorder kan word. Wanneer

studente van verskillende rassegroepe aan een universiteit studeer, skep dit onderlinge begrip en harmonie (Van der Mescht, 1965:218). As gevolg van gebrek aan kontak, is daar 'n gebrek aan geleenthede om verskillende opvattinge en sienings uit te ruil (Dugard, 1978:35).

Die meeste swart universiteitskolleges is in afgeleë plattelandse gebiede geleë (Hansard (V) 1968, kol.6868). Volgens Conference (1969:19) was 'n direkte gevolg van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding (45/1959) dat stedelike swart mense ontneem is van die geleentheid om universiteitsklasse by te woon. Die swart mense kan dit nie bekostig om die afgeleë universiteite by te woon nie, omdat hul nie hul verblyf- en reiskostes kan dek nie. Deeltydse studie is ook deur die nuwe wetgewing feitlik onmoontlik gemaak; al moontlikheid wat oorgebly het, was korrespondensiekursusse (Conference, 1969:19).

Alle swart studente kan volgens mev. H. Suzman (Hansard (V) 1968, kol.6868) in blanke universiteite geabsorbeer word, maar as gevolg van die segregasiebeleid moes afsonderlike universiteite geskep word. Die gevolg is 'n belaglike dosent-student getalleverhouding van 1:6 (Hansard (V) 1968, kol.6868). In blanke universiteite in stedelike gebiede, was die verhouding 1:13. Die Van Wyk de Vries-kommissie (1974:269) wys daarop dat dit moeilik is om die dosent-student getalleverhouding te bepaal as gevolg van deeltydse studente.

Tydens sy onderhoud met Friedman en Friedman (1983:34) het Tutu die regeringsbeleid ten opsigte van universiteitsopleiding gekritiseer omdat die blankes, wat 16% van die totale bevolking uitmaak, 76% verteenwoordiging op universitere vlak het. "Swart mense" as 'n eenheid (swartes, Kleurlinge en Indiërs) maak 84% van die bevolking uit, maar het net 23% verteenwoordiging op universitêre vlak. Die nuwe beleid van afsonderlike universiteitsopleiding het net die aantal swart studente verder beperk (Conference, 1969:19).

Die wetgewing om akademiese skeiding op rassegrondslag af te dwing, word gesien as ongeoorloofde inmenging op die outonomie van 'n universiteit en 'n beperking op akademiese vryheid (Van der Mescht, 1965:218). Dr. A.P. Treurnicht (INEG 1372, 21 Maart 1979:3) verduidelik egter dat geen universiteit volkome outonomie het nie en dat die Regering se seggenskap oor toelating aan swart universiteite regverdigbaar is op grond van die feit dat die Regering alle kostes van swart universiteite dra. Volgens hom is die doelstelling dat die swart universiteite deur al die stadia moet gaan, net soos wat blanke universiteite gegaan het, voordat hul volkome outonomie kan verkry.

Mouton (1978:56) is van mening dat dit absoluut essensieel is dat universiteite akademiese vryheid moet hê. Volgens Dugard (1978:35) maak sensuur nuwe idees vir studente ontoeganklik omdat baie van die basiese bronne in Sosiologie, Politieke Wetenskap, Literatuur en die Regte verbied is. "Oop"

universiteite skep akademiese gelykheid en 'n atmosfeer waaronder die soeke na kennis die beste bevorder word (Van der Mescht, 1965:218).

Omdat swart leerlinge vir 'n groot deel van hul skoolloopbaan moedertaalonderrig ontvang, is hul op universiteit onseker en terughoudend omdat hulle nou onderrig word in die amptelike tale (De Wet, 1974:108).

Volgens L.F. Wood (Hansard (V) 1966, kol.4356) kos dit baie geld om die beleid van die Regering tot uitvoer te bring. Veit Erlman (1983:149) wys daarop dat die Departement van Musiek aan die Universiteit van Zoeloeland tot in die vroee tagtiger-jare staat moes maak op buitelandse donasies. Volgens P. Cronje (Hansard (V) 1976, kol.5709) was die per capita-besteding in 1976 vir 'n blanke student R1 950 en vir 'n swart student R2 500. Dit wil dus lyk asof beskuldigings van diskriminasie ten opsigte van universiteitsopleiding tussen blankes en swartes ongegrond is. Dat die stelsel van afsonderlike universiteite vir die verskillende bevolkingsgroepe egter groter finansiele verpligtinge tot gevolg gehad het, is ook 'n feit.

4.16.6 Samevatting

Die beleid ten opsigte van universiteitsopleiding is in lyn met die beleid van segregasie gebring deur middel van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding (45/1959). Die Regering het nie net afsonderlike universiteite vir die verskillende bevolkingsgroepe in die vooruitsig gestel nie, maar

ook verskillende universiteite vir die verskillende etniese groepe. Daar is gepoog om die kontak tussen die toekomstige leiers en hul tradisionele gemeenskappe te bevorder deur middel van die verdeling van universiteite op grond van etnisiteit.

Van die vroeë tagtigerjare is die regeringsbeleid verslap en is ander bevolkingsgroepe toegelaat om op 'n beperkte basis ander universiteite te besoek. Die kwotastelsel het egter steeds die basiese kultuur/volk van die spesifieke universiteit beskerm teen verdringing deur ander groepe.

Die doel met afsonderlike universiteite was onder andere om swart mense die geleentheid te gee om mettertyd self die leiding ten opsigte van hul universiteite te neem.

Verskeie redes vir ontevredenheid met die beleid van afsonderlike universiteite vir verskillende bevolkingsgroepe en etnisiteite word gegee, naamlik:

* Dit beperk kontak tussen studente van verskillende rasse,
* dit maak universiteitsopleiding vir swart studente ontoereikend,
* dit het 'n belaglike student-dosent getalleverhouding tot gevolg,
* dit het ongeoorloofde inmenging in die outonomie en akademiese vryheid van universiteite tot gevolg, en
* dit bring 'n swaarder finansiele las mee.

Dit is dus duidelik dat die segregasiebeleid wel 'n invloed op universiteitsopleiding gehad het.

## 4.17 Invloed van die segregasiebeleid op die persoonlike lewe van die opvoedeling

### 4.17.1 Inleiding

In hierdie gedeelte gaan daar gelet word op die invloed van die apartheidsbeleid op die huislike omstandighede en gesinslewe van die swart kind. Dit is belangrik om aan hierdie aspekte aandag te gee aangesien die gesin en huis van wesenlike belang by die opvoeding en onderwys van die kind is. Die invloed van die apartheidsbeleid op die maatskaplike toestande waaronder swart kinders leef, word ook nagegaan. Die skool kan nie los gemaak word van die gemeenskap nie en die maatskaplike omstandighede waaronder die kinders leef, sal dus 'n invloed op hul onderwys hê.

### 4.17.2 Invloed van die apartheidsbeleid op die huislike omstandighede en gesinslewe van die swart kind

Die gesin is die primêre samelewingsverband en alle ander samelewingsverbande vloei uit die gesin voort; dus ook die skool. Die ouers is die primêre opvoeders van die kind. Die gesin is 'n eenheidsgemeenskap, 'n versorgingsgemeenskap en 'n opvoedingsgemeenskap (Kruger, 1987:186). Daar sal gevind word dat die swart gesin as gevolg van die apartheidsbeleid dikwels verhoed word om aan die bogenoemde drie vereistes van 'n gesin te voldoen.

Die gesegregeerde onderwysstelsel voldoen nie aan die eise van die opvoedingstaak van swart kinders nie. Die blanke model neem

nie die werklike behoeftes en omstandighede van die swart gesin in aanmerking nie. Die huis en gesin vorm 'n baie belangrike deel van die infrastruktuur vir studie en dus onderwys. As alles by die huis en in die gesin nie in orde is nie, word studie en onderwys belemmer.

Malan (1990:67) is van mening dat die hoe misdaadsyfer in Soweto in terme van segregasie verklaar kan word, want segregasie lei volgens hom tot armoede, oorbevolking, frustrasies en nihilisme. In swart, stedelike gebiede is die grootte van die huis in verhouding met die gesin 'n belangrike fisiese komponent van die skoolkinders se huislike omstandigehe (RGN, 1979:773). Die grootte van die huise het 'n besliste invloed op die sosiale lewe van die swart gemeenskap (Geber en Newman, 1980:9). Volgens Geber en Newman (1980:9) is die huise heeltemal te klein. In 'n tweevertrek-huisie word tot elf mense aangetref. Dit is dus logies dat daar chaos in so 'n huis moet wees en dat die omstandighede glad nie 'n ondersteunde infrastruktuur vir onderwys en studie skep nie. Oorbewoning lei weer op sy beurt tot ongewenste geslagsvermeging (Anon., 1986:32).

As gevolg van die beperkte fisiese teenwoordigheid van die ouers, asook hul onvermoë om die kinders met skoolwerk te help, gaan die kinders mank aan voldoende gesinsondersteuning (RGN, 1979:163). Jacobus (1989:12) wys byvoorbeeld daarop dat daar twee groepe inwoners in Bontrug onderskei kan word, naamlik die ouer en minder ontwikkelde swartes en die geletterde jongmense en onderwysers. Intellektuele stimuli

tuis is dus beperk omdat 'n groot persentasie van die ouers onopgelei en self ongeletterd is (RGN, 1979:164).

As gevolg van die feit dat die ouer garde feitlik ongeletterd is en die jonger garde meestal geletterd is, het daar 'n kloof tussen die twee groepe ontstaan wat die verhouding tussen hulle ernstig geskaad het. Volgens Jacobs (1989:13) word die eertydse respekbetoning teenoor volwassenes nou minder beklemtoon. Kinders verwyt dikwels hul ouers dat hul lafhartig is omdat hul hul situasie net so aanvaar en nie in opstand kom teen die bevoorregte blankes nie.

Waar ouers in die verlede deur ekonomiese dryfvere gerig is, word kinders deur politieke dryfvere gerig. Omdat daar 'n gaping tussen ouers en kinders ontstaan het, wend kinders hul na populere leiers en hul maats vir leiding. Alhoewel dit op sigself nie hoef te lei na misnoee en ontevredenheid nie, maak dit die kind meer vatbaar vir enige perspektief van die gemeenskap, wat wel tot misnoeë en ontevredenheid kan lei (Gilbert, 1982:37).

In multi-kulturele Suid-Afrika is die oue en die nuwe teenwoordig. Soos reeds bo aangedui, het kolonisasie, industrialisasie en verstedelking die swart gesin baie verander. Behalwe die gesinstipe waar daar elemente van die tradisionele en westerse wêreld aanwesig is, word ook totaal verwesterste en tradisionele gesinne aangetref (Luthuli, 1981:37).

Geber en Newman (1980:78) stel die drie tipes gesinne in perspektief: "In South Africa the young African is influenced to a varying degree by his tribal and traditional past as manifested in its modified form, the highly industrialized Western technology of the dominant Whites and the African urban proletarian communities fostered by the enforced segregation of races".

As gevolg van verstedeliking en ander samelewingsveranderinge leef baie swartes nie meer in ouerhuise waar die tradisionele gemeenskapsverhoudinge bestaan nie (Badenhorst, 1972:40). Waar die kind in 'n tradisionele swart familie die verantwoordelikheid van alle volwassenes en ouer kinders was, is die kind in die nuwe familiestruktuur die verantwoordelikheid van slegs sy/haar onmiddellike familielede (Luthuli, 1981:61).
Hierdie verandering het tot gevolg dat die ouers wat op tradisionele wyse geleef en opgegroei het, nie in staat is om die kind in die nuwe leefwêreld in te lei nie
(Badenhorst, 1972:40)

Dit is veral die stedelike swart leerlinge wat tussen die tradisionele kultuur wat nog deur die ouer lede van die volke uitgedra word en die Westerse kultuur waarmee hulle in die skole in aanraking kom, staan (RGN, 1979:736). Baie ouers is self verward oor watter kultuurwaardes aan hul kinders oorgedra moet word (Geber en Newman, 1980:79). Omdat baie ouers self onseker is, is hulle waardes en norme, dus ook hul eie opvoeding dubbelsinnig en vaag (Badenhorst, 1972:40).

Die wete dat sy ouers ten nouste betrokke is by die skool, wek by die kind 'n gevoel van sekuriteit, sodat hy bereid is om te waag en nuwe idees in die skool te beproef (Kruger, 1987:188). Wanneer daar 'n kloof bestaan tussen die kultuurwaardes van die ouers en die skool, ontbreek hierdie sekuriteit egter by die kind.

Soos reeds hierbo aangedui, is die gesinne wat nog besig is om te verwesters en die gesinne wat reeds verwesters het, nie een werklik stabiel om die nodige basis vir studie en opvoeding te skep nie. Die tradisionele swart gesin word nog meer beïnvloed deur die apartheidsbeleid en die veranderde samelewingsomstandighede.

Die Westers-georiënteerde onderwysstelsel is vir die jong stamgebonde kind vreemd. Volgens Leonie (1965:108-109) is ontstamming nie maklik deur die swart mense aanvaar nie, want dit het gepaard gegaan met onsekerheid. Die tradisionele rol van die gesin in swart onderwys is volgens Van den Berg (1980:109) een van die redes waarom swart leerlinge die die mas in die Westers-georiënteerde onderrig-leersituasie kan opkom nie. Die rede hiervoor is dat die swart skool, as sekondere opvoedingsituasie, nie in lyn is met die tradisionele opvoedingstyl van sie swart ouers nie.

Die onderwysstelsel is ontwerp om aanvullend te wees ten opsigte van opvoeding in blanke ouerhuise en nie die in swart ouerhuise nie. Die tradisionele swart gesin se opvoeding is gerig op groepwerk en samewerking terwyl die Westerse skool gerig is op individualiteit en kompetisie (Van den Berg, 1980:101).

Die Suid-Afrikaanse sosiale stelsel (wat op segregasie berus) maak dit vir swart werkers noodsaaklik om in gebiede soos Pretoria, Bloemfontein en Durban ver afstande na hul werk af te le. Dit veroorsaak dat die gehalte van hul gesinslewe verswak omdat daar bitter min tyd beskikbaar is om aan hul gesinne te bestee.

Die feit dat albei ouers moet gaan werk, en die afwesigheid van 'n ouer familielid om die kinders te versorg, beteken dat die kinders feitlik die hele dag sonder volwasse toesig is (Geber en Newman, 1980:49). Die disintegrasie van tradisionele sosiale beheer en die verlies van of gebrek aan ouerlike toesig, is twee faktore wat daartoe aanleiding gee dat swart kinders meer aggressief optree en meer en meer by misdade betrokke raak (Anon., 1986:32).

Die gebrek aan voldoende ouerlike beheer en leiding lei daartoe dat die kind die belangrikheid van onafhanklikheid begin besef, want hy word die hele dag alleen gelaat om te doen wat hy wil. So 'n kind begin dan 'n afkeer aan enige vorm van dissipline ontwikkel, en teen die tyd dat hy/sy skool toe gaan, is die afkeer al gevestig (Geber en Newman, 1980:49). Jacobs (1989:13) is van mening dat die gebrek aan ouerlike aanmoediging en gesag bydra tot die hoe uitsaksyfer op skool.

Die finansiële posisie van die swart gesin raak die kinders ten nouste. So byvoorbeeld het die segregasiewette tot gevolg dat as 'n broodwinner sterf, sy familie moet terugkeer na die tuislande. Volgens Malan (1990:51) het die reëling al menige swart gesin finansieel geruineer sodat hulle doodeenvoudig nie

die skoolboeke en skoolfonds kon bekostig nie. Jacobs (1989:24) identifiseer finansiële oorweginge ook as een van die faktore wat bydra tot die hoe druipsyfer by swart leerlinge.

Ook die probleme met die sogenaamde Tsotsi's of jeugmisdadigers word herlei na die finansiële probleme van die swart gesinne. Kane-Berman (1981:125) is van mening dat hierdie "Tsotsi's" hoofsaaklik kinders is wie se ouers nie kan bekostig om hulle te laat skoolgaan nie en kinders wat die skool om ander redes verlaat het.

Die gesin se finansiële posisie raak die kind ten nouste. As die kind se fisiese behoeftes nie bevredig word nie, kan studie nie plaasvind nie. Dinge soos die korrekte en voldoende voedsel, 'n plek om te slaap, die nodige klere, skryfbehoeftes en 'n studieplek is noodsaaklik vir studie, maar die dinge kos geld.

Armoede dra by tot swakker gesinsverhoudinge omdat ouers lang ure moet gaan werk om die gesin uit die finansiële dilemma te help. Om 'n kind skool toe te stuur, beteken groter finansiële uitgawe. Die swart ouers se salarisse is oor die algemeen baie klein, dus as 'n ouer 'n kind skool toe stuur, is daar nie geld om die kind van die nodige boeke, klere en ander benodigdhede te voorsien nie. Sulke leerlinge voel ontuis tussen die ander en probeer die skool soveel moontlik "bunk" (Gerber en Newman, 1980:51).

Segregasiewetgewing raak die swart gesinslewe direk. Malan (1990:68) is van mening dat die hele doelwit van die

Nasionale Party-beleid was om swart stedelinge misrabel te laat voel, sodat hul geen begeerte sou hê om in blanke Suid-Afrika te bly nie, maar sou terugkeer na hul tuislande.

As gevolg van die Groepsgebiedewet is swart gebiede dikwels gedeproklameer en die swart mense na ander gebiede verskuif. Jacobs (1989:26-27) verwys byvoorbeeld na die verskuiwing van duisende swart mense vanaf Kirkwood na Bontrug en dat die verskuiwing 'n ernstige behuisingstekort en verval onder die betrokke swart mense tot gevolg gehad het. Soos reeds gesien, vorm 'n stabiele huislike en gesinslewe deel van die essensiële infrastruktuur vir onderwys en studie.

Die Paswette het volgens Kane-Berman (1981:161) daartoe bygedra dat swart mense:

* gevoelens van onsekerheid ontwikkel het,
* beperk is ten opsigte van vrye beweging,
* se familielewe onstabiel geraak het, en
* in konflik met die polisie gekom het.

Volgens Kane-Berman (1981:161) het vyf besigheidsorganisasies gevra dat die Regering die vrou en ongetroude kinders van die stedelike swart man die reg moet gee om hulle in die gebied waar hy werk, te vestig. Hierdie halwe gesinne word dikwels agtergelaat om 'n bestaan op 'n klein stukkie grond te probeer maak (Geber en Newman, 1980:9). Dit is baie nadelig vir 'n stabiele gesinslewe as die vaders en mans nie tuis is nie (Geber en Newman, 1980:15).

Swart mense moet permitte kry om buite die etniese gebiede te leef en hulle moet altyd terugkeer na hul tuislande. Vrouens en kinders van werkers het geen reg om sonder toestemming in die blanke gebiede te wees nie en kinders kan selfs teruggestuur word na die tuislande, al werk albei ouers in die blanke stede (Geber en Newman, 1980:14).

Volgens Kane-Berman (1981:131) dra bogenoemde toedrag van sake by tot die spanning tussen hostelbewoners en inwoners van swart gebiede omdat die trekarbeiders hul na die dogters en vrouens van die dorpsbewoners vir geselskap en seks wend.

4.17.3 Die invloed van die apartheidsbeleid op die maatskaplike toestande waaronder swart kinders leef

Swart woongebiede beskik nie oor so baie inkomstebronne nie, met die gevolg dat woongebiede nie na wense ontwikkel het nie en die stand van dienstevoorsiening veel te wense laat (Anon., 1986:64). Geber en Newman (1980:44) beskryf die wereld van die swart jeugdige in Soweto as "bleak, poor, violent, desolate."

Daar is 'n duidelike verband tussen skoolboikotte en werkloosheid. Volgens Engelbrecht (INEG 431, 10 Januarie 1981:7) is daar 'n besondere hoë werkloosheidsyfer in gebiede waar skoolboikotte voorkom. In Suid-Afrika is daar 'n groot behoefte aan opgeleide vakmanne met 'n basiese skoolopleiding. Daar kan egter nie in die vraag voorsien word nie, omdat kinders van die skool af wegbly of die skool voor standerd ses verlaat.

Een van die probleme in swart woongebiede is 'n gebrek aan watervoorsiening en sanitêre geriewe. Jacobs (1989:22) verwys onder andere na 'n gebrek aan watervoorsiening op Bontrug. Op Bontrug is die swart mense nog aangewese op reënwatertenks en putlatrines. As gevolg van 'n tekort aan behuising in swart woongebiede het baie blikdorpe en plakkerkampe ontstaan wat geheel en al sonder water en sanitêre geriewe is (Geber en Newman, 1980:23).

Drankmisbruik is 'n ernstige maatskaplike probleem (Jacobs, 1989:29). Volgens Geber en Newman (1989:37-44) dra die biersale die sade van vernietiging in hulle. Baie jong kinders word maklik verlei en bier is vir hulle maklik bekombaar. Ernstige siektes word ook van een persoon na 'n ander oorgedra omdat hul uit een glas drink. Die kantiene werk ook onverantwoordelikheid in die hand.

Baie jongmense het nie 'n gelukkige lewe binne die gemeenskap, familie en skool nie, maar het 'n lewe op die straathoeke sonder rigting en beheer. Omdat hierdie kinders geen leiding het nie, word geweld dikwels gebruik om geskille uit die weg te ruim (Geber en Newman, 1980:55).

Misdade van aggressie het ongeveer 30% van alle misdade onder swart jeugdiges vir die periode 1967-1970 beloop (Anon., 1986:30). Mense leef in voortdurende vrees in swart woongebiede. Kinders wat die skool verlaat as gevolg van finansiële probleme of probleme wat as gevolg van die pasboekstelsel ondervind is, het 'n gevaar geword vir die

gemeenskap (Geber en Newman, 1980:9). Jacobs (1989:29) beklemtoon dat vandalisme dikwels uitbrei na skole.

Gilbert, 1982:31) het 1829 swart leerlinge uitgevra in verband met geweld as strategie waardeur diskriminasie uit die weg geruim kan word. Die resultate was die volgende:

| | |
|---|---|
| 343 | Geweld is noodsaaklik |
| 476 | Die wêreld is gewelddadig en ons moet dit so aanvaar |
| 480 | Dit is 'n jammerte dat geweld as oplossing gebruik word |
| 440 | Geweld moes nooit deel van die strategie geword het nie |
| 90 | Geen reaksie |

As gevolg van trekarbeid en ander invloede van die apartheidsbeleid is buite-egtelike geslagsverkeer 'n groot maatskaplike probleem (Jacobs, 1989:29). Ook Anon. (1986:31) beklemtoon die groot probleem ten opsigte van buite-egtelike geslagsverkeer.

As gevolg van al die maatskaplike probleme, begin sommige swart leerlinge hul skoolloopbane eers op 'n baie laat stadium en is hulle dan baie ouer as klasmaats. Baie plattelandse ouers stuur hul kinders eers vir onderwys as die jonger kinders in staat is om die dagtake oor te neem. Volgens Geber en Newman (1980:83) moet die ouers se optrede gesien word in die lig van die feit dat onderwys vir swart mense nie verpligtend is nie en hul finansieel nie in staat is om die kinders skool toe te stuur nie.

4.17.4 Samevatting

Omdat die gesin die primêre samelewingsverband is, sal 'n onstabiele gesinslewe ook 'n invloed hê op die ander samelewingsverbande, soos byvoorbeeld die skool. Die huidige gesegregeerde onderwys vir swart mense sluit nie by die werklike huislike omstandighede en gesinslewe van die swart kinders aan nie. Die swart gesin verskaf in die meeste gevalle nie die nodige infrastruktuur vir studie en 'n aansluitingspunt vir onderwys nie. Alhoewel die apartheidsbeleid nie al faktor is wat 'n onstabiele gesinslewe tot gevolg gehad het nie, is dit wel een van die belangrikste faktore. Dieselfde kan ook gesê word in verband met die onstabiele maatskaplike omstandighede waaronder die meeste swart leerlinge leef.